

**Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders
(“The influence of Kaaps on the writing of Afrikaans-speaking learners”)**

Carla Lindt

3554643

’n Tesis voorgelê ter vervulling van die graad

Magister Artium

in die Departement Afrikaans en Neerlandistiek

Fakulteit Geesteswetenskappe,
Universiteit van Wes-Kaapland

Mei 2023

Studieleier: Dr Donovan Lawrence

UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.



Carla Lindt

Datum: Mei 2023





Van Schalkwyk Editorial Services

Email: arayofhope1@gmail.com

LinkedIn profile: <https://www.linkedin.com/in/ar%C3%A9-van-schalkwyk-0214202a/>

13/05/2023

DECLARATION OF PROFESSIONAL EDIT


“Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders”

(The influence of Kaaps on the writing of Afrikaans-speaking learners)”

by

Carla Lindt

I declare that I have edited this master's thesis. My involvement was restricted to language usage and spelling, completeness and consistency, reference style, and formatting of headings, captions and tables of contents. I did no structural rewriting of the content and did not influence the academic content in any way.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Aré van Schalkwyk'.

Mr Aré van Schalkwyk

BA (Languages)

Accredited service provider of the University of Pretoria, Stellenbosch University,
the University of Johannesburg, Unisa and other institutions

Abstract

Linguists have been interested in the study of language change for quite some time now. The current language debates regarding language change focus dominantly on language varieties and their inclusion in the classroom. Studies have shown that varieties of a language are often marginalised and not given enough recognition in formal contexts. Subsequently, the use of dialects in essays is regarded as a sign of informalisation under the influence of dialects. Drawing on ideas of demarginalising, destigmatising and recognising dialect forms in classroom teaching, this thesis aimed to examine the extent to which Afrikaans-speaking learners' writing is influenced by Kaaps as well as how teachers, in the absence of formal guidelines, currently handle the use of Kaaps in learner essays. A mixed methodology was employed to gather data from Grade 10 Afrikaans pupils and educators at Lavender Hill High School. The data was collected through two questionnaires: an essay question for the learners and an electronic questionnaire for the educators. The datasets were analysed using variational markers in Kaaps, corpus linguistic methods as well as sociolinguistics. The results yielded that learners' essays show signs of informalisation whereby grammatical features such as code-switching between Afrikaans and English are the most common. Educators regarded the use of dialect forms in essays as unacceptable. Suggestions have been made on how to integrate dialect forms in the classroom and this firstly requires a change in attitude from educators. It also requires an awareness of dialect variation.

Keywords: informalisation, language change, language variation, dialect forms, Kaaps in the classroom, destigmatisation, demarginalisation

Opsomming

Taalkundiges stel al 'n geruime tyd belang in die studie van taalverandering. Die huidige taaldebate rakende taalverandering fokus oorheersend op taalvariëteite en die insluiting daarvan in die klaskamer. Studies toon dat variëteite van 'n taal dikwels gemarginaliseer word en nie genoeg erkenning in formele kontekste kry nie. Vervolgens word die gebruik van dialekte in opstelle beskou as 'n teken van informalisering wat weens dialek-inwerking geskied.

Hierdie tesis wil met inagneming van demarginalisering, destigmatisering en erkenning van dialekvorme in die klaskamer ondersoek instel na die mate waarin Afrikaanssprekende leerders se skryfwerk deur Kaaps beïnvloed word asook hoe onderwysers tans, in die afwesigheid van formele riglyne, die gebruik van Kaaps in leerders se opstelle hanteer.

'n Gemengde-metode-benadering is gebruik om data van Graad 10 Afrikaanse leerlinge en opvoeders by Hoërskool Lavender Hill in te samel. Die data is deur middel van twee vraelyste ingesamel: 'n opstel-vraag vir die leerders en 'n elektroniese vraelys vir die opvoeders. Die datastelle is ontleed deur middel van variasiemerkers in Kaaps, korpuslinguistiese metodes sowel as die sosiolinguistiek. Die resultate wys dat leerders se opstelle wel tekens van informalisering toon en dat grammatikale kenmerke soos kodewisseling tussen Afrikaans en Engels die algemeenste is. Onderwysers het die gebruik van dialekvorme in opstelle as onaanvaarbaar beskou.

Voorstelle is gemaak oor hoe om dialekvorme in die klaskamer te integreer en dit vereis eerstens 'n verandering in houding van opvoeders en 'n bewusmaking by opvoeders van dialektiese verskeidenheid.

Slutelwoorde: informalisering, taalverandering, taalvariasie, dialekvorme, Kaaps in die klaskamer, destigmatisering, demarginalisering

Bedankings

Eerstens, aan my studieleier, Dr Donovan Lawrence, jou begeleiding deur hierdie proses was inspirerend. Jou geduld met angstige studente soos ek was werklik van die vele dinge wat my aan die gang gehou het. Jou leiding en insig tydens hierdie navorsing het my nie net as student gehelp nie, maar ook as mens. Dankie dat dji in my glo. Dankie dat dji ook iets in my gesien het wat ek nie in myself gesien het nie!

Aan my twee ma's, Berry en Dawnzie – is deur julle sacrifices dat ek vandag hie is. Ek is sorrie dat julle nie soe lank kon gelewe'it om dié achievement van my te sien nie.

Aan my beste vrin, Ilhaam, dankie vi' al die sleepovers, die memes, die drives en die Burger King cheesy fries dates. Dji't my regtig gehelp om 'n social life te balance. Dankie dat dji DJY is, altyd. Dji is 'n friend in a million! Lief jou.

Die Harper-gesin. Madge, Kim en Kyle, julle ondersteuning was geweldig. Dankie vi' al julle prayers, die Sondag visits, en die outings. Ek kan julle nie genoeg bedank dat julle altyd daar is vi' my voor en selfs nog nadat ek my Dawnzie verloor'it.

Aan UWK se Departement van Afrikaans en Neerlandistiek, dankie vi' die geselsies, die raad, die motivation en die daar wees as mens wou afpak as die studie te veel geraak'it.

Laastens, aan die Almagtige God, dankie dat U die vermoë by my ingeboesem het om hierdie projek aan te pak. U alleen maak die onmoontlike moontlik!

“GOD DID” – Dj Khaled

Vi' Dawnzie, wat hard tien kanker geveg.



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

Inhoudsopgawe

| | |
|--|-----------|
| Verklaring | 2 |
| Abstract | 4 |
| Opsomming | 5 |
| Bedankings | 6 |
| Hoofstuk 1 | 12 |
| <i>Inleiding en kontekstualisering van die studie</i> | 12 |
| 1.1 Inleiding | 12 |
| 1.2 Rationaal van die studie | 12 |
| 1.3 Konsepverklaring | 13 |
| 1.3.1 Niestandaardvorme..... | 13 |
| 1.3.2 Variëteit..... | 14 |
| 1.3.3 Dialek | 15 |
| 1.3.4 Informalisering | 16 |
| 1.3.5 Dialek-inwerking..... | 17 |
| 1.4 Probleemstelling | 17 |
| 1.5 Doelstelling | 18 |
| 1.6 Navorsingsvrae | 18 |
| 1.7 Teoretiese raamwerk | 19 |
| 1.8 Literatuuroorsig | 20 |
| 1.9 Navorsingsmetodologie | 20 |
| 1.9.1 Navorsingsparadigma..... | 21 |
| 1.9.2 Navorsingsontwerp of -benadering..... | 21 |
| 1.9.3 Navorsingsmetodes..... | 22 |
| 1.9.4 Data-insameling..... | 22 |
| 1.9.5 Data-ontleding..... | 23 |
| 1.10 Beperkings van die studie | 24 |
| 1.10.1 Steekproefgrootte | 24 |
| 1.10.2 Data-insamelingsmetode en -instrument | 24 |
| 1.11 Etiese oorwegings | 25 |
| 1.12 Hoofstukindeling | 25 |
| 1.13 Samevatting | 26 |
| Hoofstuk 2 | 28 |
| <i>Literatuuroorsig en teoretiese uiteensetting</i> | 28 |
| 2.1 Inleiding | 28 |
| 2.2 Teoretiese begroning | 28 |
| 2.2.1 Dialektologie | 28 |
| 2.2.2 Sociolinguistiek | 29 |

| | | |
|---|---|-----------|
| 2.2.3 | Variasietaalkunde | 30 |
| 2.2.4 | Taalverandering | 32 |
| 2.3 | Die prosesse wat taalverandering beïnvloed | 34 |
| 2.3.1 | Grammatikalisering | 34 |
| 2.3.2 | Veramerikaansing | 36 |
| 2.3.3 | Informalisering | 37 |
| 2.4 | Informalisering: historiese oorsig | 39 |
| 2.5 | Informalisering in die praktyk | 42 |
| 2.5.1 | Die hantering van dialektiese verskeidenheid in Afrikaansonderrig | 42 |
| 2.5.2 | Informalisering in skryfwerk | 46 |
| 2.6 | Samevatting | 49 |
| Hoofstuk 3..... | | 51 |
| Navorsingsontwerp en -metodologie | | 51 |
| 3.1 | Inleiding..... | 51 |
| 3.2 | Navorsingsmetodologie..... | 51 |
| 3.2.1 | Navorsingsparadigma | 51 |
| 3.2.2 | Navorsingsbenadering | 53 |
| 3.3 | Navorsingsmetodes | 55 |
| 3.3.1 | Gevallestudie | 56 |
| 3.3.2 | Steekproefneming | 56 |
| 3.4 | Data-insamelingsproses | 59 |
| 3.4.1 | Data-insamelingsinstrumente | 60 |
| 3.4.2 | Vraelys as data-insamelingsinstrument | 60 |
| 3.4.3 | Verduideliking van die vraelysontwerp | 62 |
| 3.4.4 | Data-insamelingsmetodes | 67 |
| 3.5 | Data-ontleding | 70 |
| 3.5.1 | Analise van opstelle..... | 70 |
| 3.5.2 | Analise van elektroniese vraelys | 72 |
| 3.6 | Etiese oorwegings..... | 72 |
| 3.6.1 | Etiese klaring | 72 |
| 3.6.2 | Toestemming | 73 |
| 3.6.3 | Anonimiteit..... | 73 |
| 3.6.4 | Uitdagings van die studie | 73 |
| 3.7 | Samevatting | 74 |
| Hoofstuk 4..... | | 75 |
| Aanbieding en ontleding van die data | | 75 |
| 4.1 | Inleiding..... | 75 |
| 4.2 | Ontleding van opstelle | 75 |
| 4.2.1 | Biografiese inligting | 75 |
| 4.2.2 | Variasie-analise | 76 |
| 4.2.3 | Korpusanalise | 88 |
| 4.3 | Ontleding van vraelyste | 91 |

| | | |
|--|--|------------|
| 4.3.1 | Biografiese inligting | 91 |
| 4.3.2 | Vrae oor die hantering van Kaaps in stelwerk | 92 |
| 4.4 | Samevatting | 97 |
| Hoofstuk 5..... | | 98 |
| Gevolgtrekkings en aanbevelings | | 98 |
| 5.1 | Inleiding | 98 |
| 5.2 | Navorsingsbevindings | 98 |
| 5.2.1 | Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders | 98 |
| 5.2.2 | Onderwysers se hantering van dialekte in skryfwerk | 100 |
| 5.4 | Riglyne vir taalverskeidenheidskepping in die klaskamer | 102 |
| 5.5 | Moontlike leemtes van die studie | 104 |
| 5.6 | Voorstelle vir verdere navorsing | 104 |
| 5.7 | Slotwoord..... | 105 |
| Bibliografie | | 106 |
| Bylae | | 116 |
| Bylaag A: Etiese Klaring..... | | 116 |
| Bylaag B: Brief aan WKOD..... | | 117 |
| Bylaag C: Leerderstoestemmingsvorm..... | | 119 |
| Bylaag D: Ouerstoestemmingsvorm | | 120 |
| Bylaag E: Onderwysertoestemmingsvorm..... | | 121 |
| Bylaag F: Leerders inligtingsvorm | | 122 |
| 122 | | |
| Bylaag G: Ouersinligtingsvorm | | 124 |
| Bylaag H: Onderwysersinligtingsvorm..... | | 126 |
| Lys van tabelle | | |
| Tabel 1: Voorbeelde van fonologiese merkers..... | | 76 |
| Tabel 2: Voorbeelde van morfologiese merkers..... | | 79 |
| Tabel 3: Voorbeelde van sintaktiese merkers..... | | 81 |
| Tabel 4: Voorbeelde van leksikale merkers..... | | 86 |
| Tabel 5: Variasiemerkers wat slegs een keer in die korpus voorkom..... | | 89 |
| Tabel 6: Variasiemerkers wat meer as een keer in die korpus voorkom..... | | 90 |

Lys van figure

| | |
|--|----|
| Figuur 1: Kaart van Lavender Hill..... | 67 |
| Figuur 2: Grafiese illustrasie van fonologiese merkers in korpus..... | 78 |
| Figuur 3: Grafiese illustrasie van morfologiese merkers in korpus..... | 80 |
| Figuur 4: Grafiese illustrasie van sintaktiese merkers in korpus..... | 85 |
| Figuur 5: Grafiese illustrasie van leksikale merkers in korpus..... | 87 |



Hoofstuk 1

Inleiding en kontekstualisering van die studie

1.1 Inleiding

Hierdie studie vorm deel van die breë konteks van taalvariasie in die klaskamer. Die huidige debatte in Afrikaans oor taalvariasie in die klaskamer getuig daarvan dat dialekvorme meer erkenning in die klaskamerkonteks behoort te geniet en dat onderwysers opgelei behoort te word om sulke dialekvorme beter te hanteer. Hierdie tesis ondersoek dus hierdie debatte aan die hand van empiriese ondersoeke. Hierdie inleidende hoofstuk bied 'n oorsig van dié navorsingstudie. Eerstens bied dit 'n blik op die rasionaal vir die navorsing. Daarna word konsepte omskryf wat belangrik is om die proefskrif holisties te verstaan. Voorts word 'n oorsig van hierdie studie se probleemstelling, doelwitte, navorsingsvrae en hipoteses gebied aangesien dit hierdie sleutelfaktore is wat 'n invloed op die studie se aanvang gehad het. Verder bied hierdie hoofstuk 'n blik op die sleutel literatuur wat in die volgende hoofstuk breedvoerig bespreek word sowel as die teorie en metodologie wat gebruik is. Hierdie hoofstuk sluit dan kortliks af met die beperkinge van die studie en die etiese oorwegings en gee 'n kort oorsig van wat om in die ander hoofstukke te verwag.

1.2 Rasionaal van die studie

Afrikaansonderwysers word daaglik gekonfronteer met leerders se skryfwerk wat tekens van die invloed van niestandaardvariëteite soos byvoorbeeld Kaaps toon. Niestandaardvariëteite van Afrikaans word as informeel beskou en voldoen nie aan die vereistes van skole waar die leerder in die standaardvorm moet skryf nie. Vanuit my ervaring as oud-onderwyseres by 'n skool waar die Afrikaanse taalgebruik in my taalklasse duidelik gekenmerk is deur Kaaps wat in formele skryfwerk neerslag vind, kan die navorser bevestig dat daar sommige onderwysers is wat nie weet hoe om dialekvorme in stelwerk te hanteer nie. As sodanig word leerders gepenaliseer wanneer die “informele” variëteit in hul skryfwerk weerspieël word. Hierdie dialekvorme word as 'n fout beskou en word dadelik as verkeerd of onaanvaarbaar gemerk (Le Cordeur, 2015). Hierbenewens kom dit neer op duidelike primitiewe negatiewe houdings van hierdie sprekers van Kaaps sowel as onderwysers teenoor die gebruik daarvan in die formele domein van onderwys.

My frustrasie dat spore van Kaaps in veral geskrewe werk noodwendig as onaanvaarbaar, verkeerd of as foutief beskou is, het my gemotiveer om die omvang van Kaaps se invloed op Afrikaanse stelwerk en die vermoëns van onderwysers in die hantering van hierdie invloede te ondersoek. Die aanname is dat leerders geneig is om te skryf soos hulle praat. Saal en Lawrence (2019) toon aan dat informalisering tipies is en toenemend in Afrikaanssprekende leerders se skryfwerk voorkom.

Met hierdie ondersoek beoog die navorser om lig te werp op die gebruik van Kaaps in formele geskrewe werk en hoe dit tans in die klaskamer hanteer word, deur heersende sienings oor die gebruik van Kaaps in formele omgewings te bevraagteken en 'n ander benadering tot Kaaps in die onderwys naas die normatiewe voor te staan. Hiermee hoop die navorser om in die konteks van informalisering en kurrikulumverandering groter duidelikheid te bied oor die gebruik en hantering van dialekvorme in formele skryfwerk. Voorts wil hierdie studie in diens staan vir die erkenning van die variëteite van Afrikaans sodat dit Hendricks (2016) se gelykevlakperspektief van variëteite kan ondersteun.

1.3 Konsepverklaring

Die konsepte wat in hierdie studie aangewend word, moet in 'n sekere konteks verstaan word. Om hierdie rede is die verklaring van sulke konsepte uiters belangrik vir die lesers om in hul agterkop te hou.

1.3.1 Niestandaardvorme

Dit is vanselfsprekend dat daar taalvorme bestaan wat nie deel van die “standaard” vorm nie. Carstens (2018: 317) noem dat hierdie taalvorme juis niestandaardstatus kry omdat hulle:

- 1) “nie algemeen oor die hele spraakgebied”; en
- 2) “nie onder alle taalgebruikers voorkom nie, maar wel beperk is in hulle gebruik”.

Hierdie beperkte gebruiklikheid is hoofsaaklik bepaal deur geografiese streke en spesifieke sosiale groepe. Omdat die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekendes nie sekere uitspraakvorme (soos in Kaaps, byvoorbeeld) gebruik nie, beteken dit dat sekere niestandaardvorme nie as gepas beskou word vir gebruik in formele kontekste nie. (Carstens, 2018: 317).

Daar kan ook onderskei word tussen twee hoofgroepe niestandaardvorme, naamlik: omgangsvariëteite en registervariëteite (Carstens, 2018: 317). Eersgenoemde het betrekking op geografiese dialekte, ook soms geolekte genoem; sosiale dialekte wat dikwels bekend staan as sosiolekte; en etniese dialekte wat ook as etnolekte bekend staan. Registervariëteite hou verband met die gebruik van variëteite tydens sekere aktiwiteite (Otto 2017; Carstens, 2018). Sekere beroepsgroepe of sosiale groeperings het hul eie vorm van taalgebruik. Dus word daar na registers soms verwys as “groeptaal” (Carstens, 2018: 322). Carstens (2018: 318-323) toon aan enkele voorbeelde van die genoemde omgangsvariëteite en registervariëteite:

- geolekte (byvoorbeeld Suidwestelike Afrikaans, Noordwestelike Afrikaans, Oostelike Afrikaans)
- sosiolekte (die taalgebruik wat verskil ten opsigte van sekere sosio-ekonomiese klasse, byvoorbeeld *sjelt vir geld*)
- etnolekte (byvoorbeeld Swartafrikaans, die Afrikaans van Indiërs)
- groeptaal (byvoorbeeld die taal van daggarokers, bendetaal, rugbytaal, flaaitaal)

Kaaps as niestandaardvorm word as sosiolek en geolek getipeer (Hendricks 2016: 4–5) omdat dit deur ’n spesifieke sosiale groepering in ’n spesifieke geografiese streek gebruik word. In hierdie studie staan Kaaps as niestandaardvorm sentraal want sulke vorme is deur skoolleerders op skrif neergepen en hulle word daarvoor gepenaliseer.

1.3.2 Variëteit

Alle tale het variëteite. Volgens die *Handboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* (2015) het ’n variëteit blootweg te make met verskeidenheid en afwisseling. Die term word dan verder omskryf binne die taalkundige gebruiksveld as “een van ’n reeks vorme soos dialekte en sosiolekte, ens. waaroor ’n taal beskik” (HAT, 2015: 1422). Taalvariëteite toon dus in vele aspekte variasie aan. Niestandaardvariëteite word deur modifikasies of afwykings van die standaardtaal gekenmerk. Kaaps word meestal as ’n niestandaardvariëteit van Afrikaans gesien. Dié studie is juis op hierdie variëteit van Afrikaans toegespits.

Du Plessis (1988) onderskei tussen twee tipes variasie wat ’n taal prakties kan onderskei, naamlik: interne variasie en kontakvariasie. Variasie wat binne ’n taal voorkom sonder die beïnvloeding van enige ander taal of tale word beskryf as *interne variasie*. *Kontakvariasie* aan

die ander kant is variasie wat in 'n spesifieke taal voorkom wat die gevolg is van kontak met 'n ander taal. Omdat hierdie studie spesifiek fokus op die Kaapse variëteit is interne variasie van uiterste belang. Soos reeds genoem, dui interne variasie op die verskeidenheid wat binne 'n taal bestaan sonder die invloed van 'n uitheemse taal.

Volgens Du Plessis (1988) hoort twee soorte variasies tuis onder interne variasie, naamlik: gebruikersvariasie en gebruiksvariasie. As sodanig word hierdie soort variasie bewerkstellig deur diegene wat 'n taal gebruik (die gebruiker) en deur die gebruik van daardie taal (Du Plessis, 1988: 19). Gebruikersvariasie is meer gefokus op die dialek wat gebruik word en geografiese herkoms of sosiale herkoms speel 'n rol by die spreker se dialektkeuse (Du Plessis, 1988: 19). Geolektiese gebruik kan binne *dialektologie* bestudeer word. Hiernaas is gebruiksvariasie verbonde aan die spreker se gebruik van die dialek wat hy/sy aanwend (Du Plessis, 1988: 19). Sulke variasie word bepaal deur situasies waarin die spreker homself/haarself bevind. Die variëteite wat in hierdie situasies gebruik word, word styl en registers genoem. Beide van hierdie variëteite is komponente wat binne die *sosiolinguistiek* bestudeer word.

Beide die dialektologie en die sosiolinguistiek word in hierdie studie betrek om variasie te bestudeer. Otto (2017: 367) noem dat dialektologie fokus op streeksverskille en nie soseer gemoeid is met die sosiale faktore nie. Die sosiolinguistiek betrek wel sosiale faktore wanneer linguistiese variasie bestudeer word (Otto, 2017: 367). Die leerders se gebruik van Kaapse dialekvorme in opstelle is 'n belangrike faset van hierdie studie. Daarom staan die gebruiksvariasie sentraal aangesien die ondersoek op informalisering in leerders se opstelle fokus.

1.3.3 Dialek

'n Dialek is maar net een vorm van vele variëteite wat binne 'n taal voorkom. Linguisties gesproke, beskou Corder (1981: 14) twee tale wat sommige grammatiese reëls deel as dialekte. Die *HAT* (2015) omskryf 'n *dialek* as 'n streektaal wat deur 'n bepaalde groep gepraat word en op sekere maniere van die standaardtaal verskil. Klaarblyklik is 'n dialek meer geografies beperk en word dit in 'n sekere streek gepraat. Kaaps is dus 'n dialekvorm want dit het sy ontstaan in die groter Kaapstad gekry (Hendricks, 2016: 2). Die Kaapse dialek hoort tuis onder die geolek Suidwestelike Afrikaans.

Chambers en Trudgill (2004) beskou dialekte eerder as onderafdelings van 'n taal. Verder word genoem dat 'n dialek dikwels as 'n substandaard met lae status beskou word – dikwels 'n onbeskaafde vorm van taal – en in die algemeen met die werkersklas of ander groepe wat nie prestige het nie geassosieer word (Chambers & Trudgill, 2004: 3). In lyn hiermee beskryf Romaine (2000) 'n dialek as “a subordinate variety of a language”. Uit hierdie definisies wil dit voorkom dat 'n dialek in 'n negatiewe lig gestel word aangesien dit 'n afwyking van die standaardvorm van 'n taal is. In hierdie studie word dialekte nie as mindere taalvorme gesien nie, maar as gelykwaardige talige entiteite. Dialekte is daarom nie "afwykings " van die standaardtaalvorm nie, maar eerder variasies op die standaardtaalvorm.

Hierdie studie wil skriftelike dialektiese gebruik in leerderopstelle ontgin as 'n teken van informalisering wat weens die beïnvloeding van gesproke dialekte geskied. Hierom kan die studie binne die variasietaalkunde uitgevoer word want informalisering in leerders se stelwerk is 'n aanduiding van die manifestasie van taalverskeidenheid.

1.3.4 Informalisering

In die Engelse literatuur verwys die verskryfing van spreektaalvorme egter in die algemeen na “colloquial language”. Andersyds word daar na informalisering verwys ten opsigte van gespreksvoering (“conversationalization”) (Fairclough, 1995b). Die direkte vertaling van “colloquialization” in Afrikaans is *omgangstaal*. Volgens die *HAT* 6de uitgawe (2015: 863) verwys *omgangstaal* na “die spontane en informele taal van die daaglikse lewe; gewone spreektaal”. Hierdie omskrywing van omgangstaal verbloem die onderliggende teenstrydigheid van die Engelse definisie omdat omgangstaal bloot net in terme van gesproke taalgebruik omskryf word terwyl “colloquialization” (*veromgangstaling*) 'n proses is waar die spreektaal neergepen word. Om omgangstaal as ekwivalent vir die Engelse “colloquialization” te gebruik is in die reël misleidend want dit dien nie dieselfde funksie nie. Vir hierdie ondersoek word die term *informalisering* verkieslik as ekwivalent gebruik om na “colloquialization” te verwys.

1.3.5 Dialek-inwerking

Taalverandering van buite hou verband met versteuring en beïnvloeding. Vanuit Saal en Lawrence (2019) se ondersoek wil dit voorkom asof die gebruik van spreektaalvorme in leerders se stelwerk weens dialek-versteuring geskied. Dialekversteuring, soos deur Hartwell (1980) omskryf, is die oppervlakkenmerke van gesproke dialekte, van sommige moedertaalsprekers van 'n taal, wat die skriftelike produksie van die regte vorm van die aanvaarde ortografie beïnvloed of verhinder. Volgens die navorser is die Engelse “dialect interference” direk in Afrikaans vertaal na “dialekversteuring” wat glad nie dieselfde betekeniswaarde in Afrikaans het nie. Soos reeds genoem, verwys versteuring in wese na gebrekkige taalverwerwing en uit hierdie definisie wil dit voorkom asof die term “*dialekversteuring*” sulke soort taalverwerwing negatief van aard beskou. Hierdie studie keur die gebruik van “dialekversteuring” af want dit gee die indruk dat die gebruik van dialekte verkeerd is wanneer dit die aanvaarde ortografie, naamlik Standaardafrikaans, beïnvloed. Om die gebruik van dialekte in geskrewe vorm in 'n meer positiewe lig stel, word die term “*dialek-inwerking*” verkies wat daarop aandui dat *informalisering* plaasvind.

1.4 Probleemstelling

Daar word nie genoeg erkenning aan die variëteite van Afrikaans gegee nie. Die Afrikaanse taal ondergaan tans veranderings met die toenemende gebruik van niestandaardvariëteite in formele kontekste. 'n Variëteit soos Kaaps is in vele domeine gemarginaliseer, veral in die skoolkonteks. Alhoewel sommige Kaapse leksikale items in die 2017 uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) opgeteken is en duidelik standaardstatus geniet, kry die variëteite van Afrikaans in werklikheid nie die broodnodige erkenning in die basiese onderwysstelsel nie. Verder is onderwysers nie altyd bevoeg om die gebruik van dialekvorme in stelwerk te hanteer nie. Dit staan lynreg teenoor die beginsels van geregtigheid en inklusiwiteit waarop die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) gebaseer is (DvBO, 2011: 4).

Bestaande studies fokus hoofsaaklik op die marginalisering en selfs die uitsluiting van Kaaps in formele domeine soos onderwys (Le Cordeur, 2015; Basson, 2018). Sommige mense argumenteer vir die gebruik van Kaaps spesifiek in skole om die stigmasering en

marginalisering daarvan teëwerk. Die navorser beskou dit problematies dat daar egter tot nou min aandag gegee is aan:

1. die omvang van die gebruik van Kaaps en die invloed op die Afrikaans van leerders wat Kaaps praat, en daarin leef;
2. hoe Kaaps as onderwystaal prakties ingesluit en erken moet word; en nog belangriker
3. of en hoe onderwysers taalkundig en kultureel vir 'n diverse Afrikaanse klaskamer toegerus behoort te word.

In hoofstuk 2 word bestaande navorsing hieroor bespreek en word die leemte wat hierdie studie vul, uitgewys.

1.5. Doelstelling

Uit die aard van die probleemstelling is die doelwitte van hierdie studie:

1. om die aard en omvang van Kaaps se invloed op die geskrewe werk van Graad 10-Afrikaanse leerders by Hoërskool Lavender Hill vas te stel;
2. om te verstaan en ondersoek in te stel na hoe hul onderwysers die gebruik van dialekvorme in hulle skryfwerk benader en hanteer; en
3. om praktiese voorstelle vir die insluiting van dialekvorme as onderwystaal te verskaf.

1.6 Navorsingsvrae

Gegewe die aard van bogenoemde probleem en die doelstelling is die volgende navorsingsvrae geformuleer:

1. Tot watter mate beïnvloed Kaapse dialekvorme die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders?
2. Hoe hanteer onderwysers die gebruik van Kaapse dialekvorme in leerders se skryfwerk?

Ingevolge die navorsingsvrae wat hierbo bespreek is, word die volgende **hipoteses** gemaak:

1. Leerders se opstelle sal tekens van informalisering toon.
2. Leerders se opstelle sal meestal kenmerke insluit wat kenmerkend van die invloed van Engels op Afrikaans is.

3. Afrikaansonderwysers is onseker oor hoe om Kaapse dialekvorme in leerders se skryfwerk te hanteer.
4. Daar is nie eenstemmigheid onder onderwysers betreffende die hantering van dialekvorme in skryfwerk nie.
5. Sosiale faktore beïnvloed die leerders se gebruik van dialekvorme in stelwerk en óók hoe onderwysers dialekvorme in skryfwerk hanteer.

1.7 Teoretiese raamwerk

Alle tale verander en interessant genoeg is daar geen eenvoudige verduideliking vir hoekom tale verander nie. Taalverskeidenheid manifesteer deurdat individue wisselvorme van taal gebruik. Du Plessis (1988) dui daarop dat wanneer hierdie taalverskeidenheid bestudeer word, is dit gedoen binne 'n taalkundige raamwerk wat as die *variasietaalkunde* bekend staan (sien hoofstuk 2 vir 'n bespreking van relevante teoretiese begrippe). Webb (1989) konstateer dat die taak van die variasietaalkundige is om menigte variasiedata van mense se taal te versamel en dit te verken deur grondliggende sisteme en patroonmatigheid wat daaraan gekoppel is. Derhalwe is die doel van die variasietaalkunde as raamwerk gebruik om linguïstiese variasiedata in te samel en onder die loep te neem. Die linguïstiese variasiedata moet ook op sy beurt geïnterpreteer word. Hierdie interpretasie geskied soms sosiolinguïsties waar menslike taalvariasie verduidelik kan word aan die hand van sosiale faktore.

Die *sosiolinguïstiek* bestudeer taal soos wat dit in sy sosiale konteks voorkom. Du Plessis (1988: 76) stel dit anders en noem dat die studie van die sosiolinguïstiek spits hom toe op die “taalgebruik binne die konteks van die gemeenskap en sy kultuur”. Die variasietaalkunde en sosiolinguïstiek hou verband met mekaar deurdat die sosiolinguïstiek poog om betekenis toe te skryf aan taalvariasie wat binne kommunikasiesituasies op beskrywende en objektiewe wyses ontstaan. Uiteraard het die verhouding tussen die twee raamwerke ten doel om korrelasies tussen linguïstiese datavorme en die sosiale funksies waarin dit gebruik word, uit te beeld. Hierdie korrelasie word gedoen aan die hand van basiese demografiese eenhede van die sosiale wetenskap wat ons noem **sosiale veranderlikes** (Bell, 1976; Otto, 2017). Sulke demografiese eenhede sluit in onder meer: ouderdom, geslag, woonplek, sosio-ekonomiese klas, en ras.

Daar word in hierdie studie spesifieke aandag geskenk aan onlangse ontwikkelings in die studie van Kaaps – dit wil sê die informalisering van Afrikaans onder die invloed van Kaaps as 'n

faktor in taalverandering binne die Afrikaanse taal. Binne die sosiale konteks van die Afrikaanse Huistaalklaskamer word die variasietaalkunde betrek om linguistiese data deur middel van geskrewe taal in te samel.

1.8 Literatuuroorsig

Die literatuuroorsig word geformuleer vanuit die raamwerk waarbinne hierdie studie gefundeer is. Eerstens word die konsep van taalverandering wat kragtig skakel met die taalkundige teorieë van variasietaalkunde en sociolinguistiek oorsigtelik bespreek. Daarna volg 'n bespreking van vier patrone van taalverandering wat deur Ponelis (1989) uitgewys is, naamlik taalverandering van binne en buite en taalverandering van onder en bo. Gepaardgaande met hierdie vier patrone is drie verbandhoudende prosesse van taalverandering bespreek, naamlik grammatikalisering, veramerikaansing en informalisering, waar informalisering as die mees bepalende waarde vir hierdie studie se basis funksioneer. Aangesien informalisering dus met taalverandering verband hou, bied die oorsig 'n bespreking van informalisering in die praktyk. Die vergrootglas is spesifiek geplaas op grondige kennis van literatuur rakende die hantering van dialektiese verskeidenheid in Afrikaansonderrig sowel as informalisering in skryfwerk. Die inspirerende werke van akademië soos Le Cordeur (2015), Hendricks (2016), Basson (2018), en Saal en Lawrence (2019) kom hier ter sprake.

Die literatuuroorsig fokus hoofsaaklik dus op literatuur oor variasiestudies en veral Kaaps – spesifiek die metodes wat in hierdie studies gebruik word, hul bevindinge en ontwikkelings binne die studie van Kaaps as 'n faktor in die informalisering van Afrikaans, wat dui op taalverandering. As sodanig het dit die navorser in staat gestel om die leemtes in die bestaande navorsing duidelik vas te stel en om te bepaal watter bydrae haar studie sou lewer tot die werk oor Kaaps wat reeds in veral Afrikaans bestaan.

1.9 Navorsingsmetodologie

Navorsingsmetodologie behels die prosedures wat in navorsing gebruik word sodat nuwe kennis geskep kan word (Terre Blanche, Durrheim en Painter, 2016: 561). Hierdie prosedures word tydens die data-insamelingsproses en die analise van die data gevolg.

1.9.1 Navorsingsparadigma

Lombard (2016a: 8) omskryf 'n *navorsingsparadigma* as 'n perspektief waaruit 'n navorser navorsing benader. Hierdie perspektief word ook soms na verwys as 'n lens waardeur 'n navorser die werklikheid kan interpreteer (Nieuwenhuis, 2016a). Navorsingsparadigmas speel 'n bepalende rol in hoe navorsing geskied.

Hierdie navorsing maak gebruik van twee navorsingsparadigmas, naamlik interpretivisme en positivisme. Interpretivisme wil die sosiale werklikheid verstaan en bestudeer vanuit 'n subjektiewe siening, terwyl positivisme die werklikheid van sosiale gedrag vanuit 'n objektiewe siening bestudeer sodat voorspellings oor daardie werklikheid gemaak kan word (Terre Blanche & Durrheim, 2014; Lombard, 2016a). Die keuse is gemaak op grond van die navorsingsbenadering wat beide kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gebruik – dus 'n gemengde-metode-benadering. Die positivisme kom aan bod wanneer daar met die kwantitatiewe deel van hierdie navorsing gewerk word (die korpus) terwyl die interpretivisme by beide van hierdie studie se doelwitte aan bod kom. Die data wat uit hierdie studie verkry is, wil verstaan word en daarom moet dit geïnterpreteer word. Om hierdie rede word die interpretivisme grootliks erken.

1.9.2 Navorsingsontwerp of -benadering

Die plan waarvolgens 'n navorser te werke gaan om die navorsingsprobleem op te los staan as 'n *navorsingsontwerp of -benadering* bekend (Mouton, 2001: 55). Hartell en Bosman (2016) wys daarop dat die navorsingsontwerp of -benadering die navorser 'n skets van die “teorieë, metodes, bronne en instrumente” gee wat vir 'n studie gebruik kan word.

'n Gemengde-metode-benadering is in hierdie studie gevolg. Dit beteken dat beide 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe metode tydens die navorsingsproses gebruik word. Kwalitatiewe navorsing behels dat daar met mense se beleefde ervarings gewerk word, terwyl kwantitatiewe navorsing op numeriese data fokus (Lombard, 2016). Hierdie benaderings was gepas ten einde die doel van hierdie studie te bereik. Die data wat uit die opstelle verkry is, is kwantitatief benader as gevolg van die korpuslinguistiese metode en variasietaalkundige analise daarvan en dan op sy beurt kwalitatief interpreteer. Die data wat uit die elektroniese

vraelys verkry is, is kwantifiseerbaar en later word ook 'n kwalitatiewe metode ingespan om die dieper betekenis van die data te verskaf.

1.9.3 Navorsingsmetodes

Die uitvoering van die navorsingsontwerp is volgens die navorser dit waaruit die navorsingsmetode bestaan. Die prosesse en prosedures wat gedurende 'n navorsingsonderzoek gevolg is, kom hier aan bod (Hartell & Bosman, 2016: 38). Dit is by hierdie afdeling waar die take wat verbonde is aan die navorsingsproses uiteengesit word. Sulke take sluit onder meer in die steekproefneming, dataversameling en dataontleding.

Hierdie studie maak gebruik van 'n gevallestudie as navorsingsmetode. *Gevallestudies* is intensiewe ondersoeke van spesifieke individue (Lindegger, 2014). Dit wil sê gevallestudies word gekenmerk deur indiepte-onderoeke om inligting oor sekere verskynsels of mense te verkry (Brink, 2006; Joubert 2016). Hierdie studie fokus intensief op 'n Afrikaans-huistaalklasskamer om die mate waarin informalisering skriftelik plaasvind te ondersoek. Daarbenewens fokus dit ook op die geval van hoe opvoeders hierdie dialekvorme in skryfwerk hanteer.

Die deelnemers van hierdie gevallestudie is deur middel van doelgerigte steekproefmetodes gekies. Doelgerigte steekproefneming behels dat deelnemers aan sekere kriteria voldoen en beskik oor sekere eienskappe wat vir die navorser se studie belangrik is (Etikan, Musa en Alkassim, 2016: 2). Hierbenewens word deelnemers doelbewustelik gekies om aan die studie deel te neem. Die deelnemers in hierdie studie is Graad 10- Afrikaans Huistaal-leerders en -onderwysers van Hoërskool Lavender Hill.

1.9.4 Data-insameling

Navorsers moet materiaal insamel om hul navorsingsvrae te beantwoord. Hierdie materiaal vorm die basis van 'n studie en in die meeste gevalle word daar na "data" verwys (Durrheim, 2014). Daar is sekere prosesse waaraan navorsers aandag moet skenk wanneer hulle data insamel (Hartell & Bosman, 2016). Vir hierdie studie is daar met twee stappe data gewerk en om hierdie rede is die instrument wat in die data-insamelingsproses gebruik word 'n vraelys. Vraelyste vereis dat respondente inligting verskaf wat gebaseer is op die geskrewe vrae wat

gevera word (Kanjee, 2014). Hierdie instrument is so aangewend om te pas by die gemengde-metode-benadering wat hierdie studie volg.

Die data is by Hoërskool Lavender Hill ingesamel. Dit is gedoen deur middel van 'n korpus wat uit geskrewe opstelle en 'n elektroniese vraelys bestaan. Die Graad 10-leerders het 'n opstel geskryf en ingehandig sodra hulle daarmee klaar was. Die opstelle vorm dié studie se korpus. Hierdie opstelle is eers ontleed en aan die hand van die voorbeelde wat in die opstelle voorkom, is die vrae vir die elektroniese vraelys saamgestel. Eers hierná is die elektroniese vraelys via Google Forms aan die onderwysers by dieselfde skool gestuur en daar was 'n gewag vir die antwoorde om in te kom. Die deelnemers se antwoorde op beide hierdie vraelyste was voldoende vir die studie se data-insamelingsproses en volledig sodat die data-ontledingsproses kon begin.

1.9.5 Data-ontleding

Die navorsingsparadigmas van interpretivisme en positivisme word gelyktydig in hierdie studie aangewend en dit staan in lyn met die keuse om 'n gemengde-metode-benadering vir beide data-insameling en -analise te volg. Soos reeds genoem, word datastelle in hierdie studie gebruik. Die positivisme word betrek wanneer die opstelle op 'n kwantitatiewe wyse geanaliseer word, terwyl die interpretivisme aan bod kom tydens die interpretasie van beide datastelle en dus kwalitatief ingespan word.

Aangesien hierdie studie se wortels in die variasietaalkunde en sosiolinguistiek lê, word die korpus variasietaalkundig ontleed. Dit wil sê dat die opsteldata volgens die vier variasie kategorieë ontleed en interpreteer word, naamlik: fonologies, morfologies, sintakties en leksikaal. Hierdie kategorieë maak dit moontlik om 'n oorsig van die dialekvorme te kry wat in die opstelle voorkom. Voorts is hierdie data ook korpuslinguisties ontleed. Atar en Erden (2019) omskryf die korpuslinguistiek as 'n metode wat gebruik word om frekwensie van 'n item uit te beeld. Dit is juis die variasie-analise wat die korpuslinguistiese analise moontlik maak. Die frekwensie van dialekvorme wat onder elk van die vier variasiemerkers ressorteer, is vasgestel en geïnterpreteer.

Voorts, om vas te stel hoe onderwysers die dialekvorme in skryfwerk hanteer, is die elektroniese vraelys deur middel van 'n gemengde metode ontleed. Die kwantitatiewe data is

numeries ontleed en grafies uitgebeeld. Die kwalitatiewe data is ontleed en geïnterpreteer aan die hand van sosiale veranderlikes soos ouderdom en kwalifikasie (vgl. Hoofstuk 4.3)

1.10 Beperkings van die studie

Die navorser erken dat geen studie sonder beperkings is nie. Die beperkings van hierdie studie word vervolgens bespreek.

1.10.1 Steekproefgrootte

Die grootte van die steekproef is relatief klein en bestaan uit slegs 30 deelnemers; twee is opvoeders en 28 is leerders. As gevolg hiervan kan die resultate van hierdie studie nie veralgemeen word nie. Derhalwe kan die bevindinge slegs op hierdie spesifieke groep deelnemers gebaseer word.

1.10.2 Data-insamelingsmetode en -instrument

Dit was moeilik om 'n datum en tyd te verseker om die skool te besoek om die nodige data in te samel. Boonop is alle skakelings met die skool per e-pos gedoen. Die nadeel van skakelings via e-posse is dat dit 'n bietjie vertraging ten opsigte van die reaksie op die e-posse veroorsaak het.

Te min tyd is vir die voltooiing van die opstelle toegeken. Eksterne faktore soos leerders wat ontwrigtend opgetree het of wie se aandag afgelei is en met hul klasmaats gepraat het, het die tydsbeperking beïnvloed. Maar sodra die opstelle egter ontvang is en op 'n Word-dokument getik is, is dit met die hand vir variasiemerkers ontleed. Hierdie handmatige ontleding van die korpus het redelik tyd in beslag geneem.

Voorts het die gebruik van 'n elektroniese vraelys as data-instrument veroorsaak dat die navorser geen beheer kon uitoefen oor die aantal onderwysers wat die vraelys voltooi nie. Insgelyks is die antwoorde op die oop vrae kort in omvang, wat die kwalitatiewe ontleding daarvan beperk het om voldoende gevolgtrekkings te maak.

1.11 Etiese oorwegings

In 'n poging om die metodologiese proses van navorsing uit te voer, moet die navorsingsdeelnemers met sorg en respek as mense behandel word. Om hierdie rede word etiese kwessies oorweeg. Volgens Wassenaar (2016: 61) behoort navorsingsetiek 'n fundamentele bekommernis van alle sosialewetenskaplike navorsers te wees in die beplanning, ontwerp, implementering en verslaggewing van navorsing met menslike deelnemers.

Alle universiteite insluitende UWK behoort riglyne in plek te hê om te verseker dat navorsers eties optree sodat die deelnemers van die navorsingsprojek beskerm word. Toestemming van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) was nodig om hierdie studie suksesvol uit te voer. Die Universiteit van Wes-Kaapland se Geesteswetenskaplike en Sosiale Wetenskaplike Navorsingsetiekkomitee het die etiese klaring vir hierdie studie goedgekeur (sien Bylaag A).

Voorts moes toestemming van die skool en die deelnemers verkry word. Die hoof van Hoërskool Lavender Hill het ingestem dat die navorsing by die skool gedoen kon word. Toestemming moes ook by die leerders, hul ouers sowel as die onderwysers verkry word en hulle het toestemmingsbriewe ingevul as bewyse van deelname (sien Bylae C, D en E). Hierna is elk van die leerders, hul ouers en die onderwysers ingelig oor die navorsingsproses, wat die navorsing behels en ook die voordele en nadele wat dit vir hulle inhou (sien Bylae F, G en H). Dit is belangrik om te noem dat hierdie studie geen nadele vir die deelnemers ingehou het nie. Dit is ook belangrik om te noem dat hierdie navorsingsdata anoniem is – alle deelnemers se identiteite is beskerm en die data en bevindings is vertroulik.

1.12 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Inleiding tot die studie

In hierdie hoofstuk word die inleiding, agtergrond, probleemstelling, doelstelling en metodologie van die studie genoem. Tersaaklike terminologie en konsepte word ook hier verskaf.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie

'n Bespreking van die teoretiese invalshoeke word in hierdie hoofstuk verskaf. Dit sluit in die sosiolinguistiek en die variasietaalkunde. Dit bied ook 'n uiteensetting van taalverandering en die prosesse wat daarmee verband hou. Voorts is 'n oorsig van informalisering in die praktyk aangebied.

Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en -metodologie

Hierdie hoofstuk bied 'n in-diepte uiteensetting van die navorsingsontwerp- en metodologie wat hierdie studie gevolg het.

Hoofstuk 4: Aanbieding en ontleding van die data

Die variasie- en korpusanalise en die data van die elektroniese vraelys kom in hierdie hoofstuk aan bod.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings

Hierdie hoofstuk bied 'n bondige samevatting van die belangrikste bevindings van die studie. Afleidings en gevolgtrekkings van hierdie bevindings word hier aangedui. Voorts word aanbevelings gemaak vir toekomstige studies oor hierdie onderwerp.

1.13 Samevatting

Opsommenderwys verskaf hierdie hoofstuk 'n oorsig van die studie. Die rasionaal en die probleem van hierdie studie gaan hand-aan-hand aangesien dit daarop wys dat dialekvorme steeds gemarginaliseer word al wil navorsers hê dat dit as gelykwaardig aan die standaardtaal beskou moet word. Die doel van hierdie studie is dus om eerstens te verken tot watter mate Kaaps in formele skryfwerk van Graad 10- Afrikaanssprekende leerders gebruik word; te ondersoek en te verstaan hoe onderwysers die gebruik van sulke verskrifteliking van dialekvorme hanteer en om praktiese voorbeelde te verskaf van hoe om dialekvorme as onderrigmedium te integreer. Aangesien variasietaalkunde en sosiolinguistiek sentrale studievervelde is, is die oorsig van die literatuur geposisioneer binne die raamwerk van taalvariasie en -verandering. Om hierdie studie se doelwitte imperatief te bereik, word 'n gemengde-metode-benadering gebruik deur van vraelys gebruik te maak om die data in te samel en te ontled. Hierdie hoofstuk word dan afgesluit met die etiese prosedures wat gevolg is sodat hierdie studie suksesvol uitgevoer kon word.

Die volgende hoofstuk bied 'n bespreking van die teorieë wat in hierdie studie gebruik word en bied 'n oorsig van die relevante literatuur met betrekking tot die studie.



Hoofstuk 2

Literatuuoroorsig en teoretiese uiteensetting

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bied 'n breedvoerige oorsig van vakkundige werk wat verband hou met die sentrale temas van hierdie studie: die invloed van dialekte op skryfwerk en onderwysers se hantering van dialektiese verskeidenheid in die klaskamer. Allereers moet hierdie temas verstaan word in die breë konteks van sosiolinguistiek en taalverandering. Daarom is hierdie hoofstuk so ingedeel dat die teoretiese aspekte eers uiteengesit word en daarna word gefokus op hoe hierdie teorie in die klaskamer en spesifiek Afrikaansonderrig uitspeel.

2.2 Teoretiese begronding

Om literatuur onder die loep te neem, moet 'n navorser besluit binne watter teoretiese of konseptuele raamwerk die navorsing die geskikste sal wees. 'n Konseptuele raamwerk is 'n uiteensetting van “toepaslike konsepte en beginsels uit die literatuur” wat as 'n raamwerk vir 'n studie aangewend word (Hartell & Bosman, 2016: 36). Hierdie konsepte is 'n aanbieding van begrip van die kontemporêre debatte wat tans in 'n studieterrein voorkom.

Hierdie studie se bestudering van dialekvorme in skryfwerk is nuttig om taalverandering uit te beeld en dit word meestal binne die variasietaalkunde en sosiolinguistiek bestudeer. Daar is 'n verband tussen 'n spreker se uitspraak en hul geografiese herkoms en daarom word hul dialektkeuse beïnvloed (Du Plessis, 1988: 20). Nóg 'n faktor wat 'n uitwerking op taalgebruikskeuse het, is sosiale veranderlikes.

Dialektologie en sosiolinguistiek is onderafdelings van variasietaalkunde en word vervolgens kortliks bespreek.

2.2.1 Dialektologie

Chambers en Trudgill (2004: 3) verskaf die eenvoudigste omskrywing van *dialektologie*: dit is die bestudering van dialekte. Soortgelyk hieraan beskryf Van Rensburg (1983: 14) die bestudering van taalvariante as taalgeografie. Klaarblyklik is hierdie term omvorm na

geografiese dialektologie, wat wyd voorkom (Du Plessis, 1988; Otto, 2017). Van Rensburg (1983: 14) noem dat geografiese dialektologie meestal toegespits is op “dialektiese verskeidenheid” en nie soseer die “taalgedrag van die betrokke sprekers” nie. Voorts noem Du Plessis (1988: 19) dat geografiese dialektologie vasstel hoe taalvariasie “herlei kan word na die spreker se plek van herkoms”. Otto (2017) brei hierop uit en verduidelik dat dialektologie meer gerig is op streeksverskille en plaas nie die soeklig so nadruklik op sosiale faktore wat óók by variasie ingryp nie. Sosiale faktore wat met variasie korreleer, word binne die sosiolinguistiek bestudeer. Soos reeds genoem, is ’n sosiolinguistiese ondersoek meer gepas vir hierdie navorsing omdat dit Kaapssprekendes se taalgebruik is wat bestudeer en beskryf word.

2.2.2 Sosiolinguistiek

Die Amerikaanse linguïst, William Labov, kan as die pionier van die variasionele sosiolinguistiek beskou word. Soos Labov (1978: 183) dit stel, het die sosiolinguistiek te make met grootskaalse sosiale faktore en die wederkerige interaksie hiervan met taal en dialekte. Die *sociolinguistiek* word beskryf as die bestudering van die gebruikswaarde van taal in ’n sosiale konteks (Carstens, 1997; Otto, 2017). Die sosiolinguistiek is daardie deel van die variasietaalkunde wat die verwantskap tussen taalvariasie en sosiale faktore uitbeeld (Du Plessis, 1988; Otto, 2017). Aanvanklik is die variasietaalkunde beperk tot linguïstiese variasie, maar die sosiale konteks is van belang omdat dit linguïstiese variasie kan beskryf. Hierdie tesis se navorsing is vanuit ’n sosiolinguistiese hoek benader omdat ondersoek ingestel word na die gebruik van taalvariasie binne die konteks van die Afrikaanse Huistaal-klaskamer.

Sociolinguistiek moet egter nie met dialektologie verwar word nie want laasgenoemde, soos voorheen gemeld, het bloot met die bestudering van dialekte binne sprekers se geografiese gebiede te make, terwyl die sosiolinguistiek meer as net woonplek in die ondersoek van taalvariasie betrek. Omdat die sosiolinguistiek daardie deel van die taalkunde is wat taal as ’n sosiale en kulturele verskynsel bestudeer (Trudgill 1983: 32), is daar sosiale faktore, binne die konteks van die Afrikaanse klaskamer, wat ’n moontlike invloed op taalverskeidenheid sal hê. Sosiale faktore soos die leerders se ouderdom, geslag, hul woonbuurt en opleiding speel ’n belangrike rol in hierdie studie want dit kan bydra tot die kwalitatiewe beskrywings van die kwantitatiewe bevindings van frekwensie van Kaapse woorde in opstelle. Hierdie sosiale faktore word deur Stockwell (2007: 3) beskryf as sosiale veranderlikes. Hierdie studie wil sosiale veranderlikes in die kwalitatiewe beskrywing van die data insluit, maar wil dit nie

ontgin nie. Die sosiolinguistiek word in hierdie studie vir die deskriptiewe aard van beide die frekwensielyste en antwoorde van die elektroniese vraelys ingespan.

Coupland (2001: 3) voer aan dat die sosiolinguistiek veral bekend is vir die deskriptiewe aard daarvan om feite oor die verspreiding van linguistiese vorme in sosiale omgewings te genereer. Hierdie deskriptiewe aard van die sosiolinguistiek het vanuit vroeër sosiolinguistiese opnames oor spraakvariasie ontstaan en het voorts bevestig dat veralgemenings oor daardie ko-variasie van linguistiese en sosiale patrone “reeds bekend” was (Coupland, 2001: 3). Insgelyks vermeld Kendall (2013: 39) dat sosiolinguistiese navorsers groot hoeveelhede spraak opgeneem het en hul navorsing gerapporteer deur aantekeninge van hul metodes te maak, waarvan steekproeftegniese belangrik was, en hul strategieë wat gebruik word te bespreek. Vir hierdie rede is die sosiolinguistiek ’n gepaste studieveld vir hierdie studie want dit wil linguistiese taalgebruik in ’n sosiale konteks ondersoek en omskryf al is dit “reeds bekend” dat die gesproke vorm van Kaaps ’n redelike invloed op die skryfwerk van die onderzoeksgroep sal hê (vgl. Saal & Lawrence, 2019), maar hierdie navorsing wil dit uitbrei deur enersyds te let op onderwyserse hantering daarvan en andersyds praktiese voorstelle vir die hantering daarvan te maak.

Sosiolinguistiese navorsing behels die insameling van taalmonsters in ’n poging om die keuses wat deur sprekers gemaak is met buitetalige kriteria te korreleer; en sodoende poog om ’n beskrywing van daardie taalstaat te skep (Bell, 1976: 24). Die mees outentieke taaldata word verkry deur sosiolinguistiese veldwerk (Kendall, 2013: 43). Kendall (2013: 44) konstateer dat sodra hierdie verkryging van natuurlike taaldata vir ontleding gereed is, is hoe ’n mens die veranderlikes definieer belangrik. Dit is hoogs te danke aan die feit dat natuurlike taal baie verskillende kenmerke bevat. Metodologies kan hierdie data linguisties deur die volgende linguistiese analise vlakke geïnterpreteer word: fonologies, grammaties en leksikaal (Du Plessis, 1988: 48). Hierdie analisevlakke word in die volgende gedeelte bespreek.

2.2.3 Variasietaalkunde

Taal is nie homogeen nie, maar eerder ongelyksoortig (Carstens, 2018: 308). Dit beteken dat taal verskillend in soort is en dat taal natuurlike verskeidenheid toon. Hierdie taalverskeidenheid word deur individue beïnvloed want geen twee mense se taalgebruik is presies dieselfde nie (Carstens, 2018: 308). Verskeidenheid manifesteer dus deurdat mense taal op verskillende maniere gebruik. Wanneer twee sprekers van dieselfde taalgemeenskap se taal

varieer, lei dit tot verskeie variasies van daardie taal. Die studie van variasie wat in taalgebruik voorkom staan bekend as *variasietaalkunde*. Variasietaalkunde is dus die sambreelterm in Afrikaans wat gebruik word vir “die studie van variasie” (Otto, 2017: 367). Volgens Du Plessis (1988: 1) is die variasietaalkunde toegespits op die “studie van enige soort taalverskeidenheid”.

Die doel van die variasietaalkunde is om linguistiese data in te samel en om daardie taalgebruiksvorme soos wat dit in die werklikheid deur mense gebruik word te bestudeer en beskryf (Du Plessis, 1988). Hieruit kan daar afgelei word dat ’n databasis vir ’n variasietaalkundige ondersoek tersaaklik is. Variasietaalkundig gesien, is daar meestal na databasisse verwys as ’n korpus, wat eintlik ’n groot stel data is (Du Plessis, 1988: 41). Kendall (2013: 41) noem dat korpuslinguistiek ’n komplimentêre navorsingsmetode en -praktyk vir die ondersoek van taalvariasie en -verandering is. Hierdie studie se databasis oftewel korpus bestaan uit opstelle wat deur Graad 10- Afrikaanssprekende leerders versamel is. Die korpus word bestudeer en korpuslinguisties en variasietaalkundig geanaliseer. Sulke data word kwantitatief geanaliseer, maar moet kwalitatief beskryf word. Derhalwe is die sosiolinguistiek ter sake want dit beskryf die linguistiese data in terme van sosiale faktore.

Soos reeds genoem, is verskillende analisevlakke gebruik om variasie te bepaal. Aspekte soos fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale merkers word hier ingespan. Daar word tussen die volgende onderskei (vergelyk ook Otto, 2017):

- Fonologie: Spelling- en uitspraakverskynsels kom hier aan bod (Lawrence, Le Cordeur, Van der Merwe, Van der Vywer & Van Oort, 2014: 202).
- Morfologie is daardie deel wat op woordvorming fokus (Lawrence *et al.*, 2014: 202)
- Sintaksis is die vlak wat sinsvorming betrek, maar kan moeilik wees as die vorige twee aspekte nie heeltemal bemeester is nie (Lawrence *et al.*, 2014).
- Leksikale aspekte en uitdrukkings hou verband met unieke woorde wat spesifieke groepe gebruik (Otto, 2017: 279).

In hierdie studie word die korpus variasietaalkundig ontleed aan die hand van bepaalde merkers wat alreeds deur navorsers soos Hendricks (2016) en Saal en Lawrence (2019) geïdentifiseer is. Dit wil sê die dialektiese merkers wat in die korpus voorkom, sal volgens fonologiese, grammatikale en leksikale merkers gekategoriseer en bespreek word.

Konseptueel gesien kan variasietaalkunde en sosiolinguistiek binne die breë raamwerk van taalverandering geposisioneer word. 'n Sintese van taalverandering en hoe hierdie studie in hierdie raamwerk geplaas word, kom volgende aan bod.

2.2.4 Taalverandering

Elke lewende taal is nie staties nie en verander voortdurend. Carstens (2018: 308) voer ook aan dat taal nie eensoortig is nie, maar eerder ongelyksoortig. Aitchison (2001: 66) se poëtiese stelling word in hierdie verband aangehaal om taalverandering te beskryf: "... a change tends to sneak quietly into a language, like a seed which enters the soil and germinates unseen. At some point it sprouts through the surface". Insgelyks noem Trask (1994: 3) dat taalverandering natuurlik en onvermydelik is omdat elke lewende taal voortdurend veranderinge ondergaan en dat dít in die woordeskat, uitspraak en grammatika van die betrokke taal sigbaar is.

Uit die bostaande stelling kan daar afgelei word dat verandering in taal op vele vlakke bestudeer kan word. Trask (1994) tref 'n onderskeid tussen veranderinge in taal en noem dat die interpretasie hiervan in linguistiese verandering oor tyd lê. Verandering in uitspraak hou verband met mense van verskillende plekke wat dieselfde taal verskillend praat. Trask (1994: 25) noem dat die bestaan van verskillende aksente verantwoordelik is vir die variasie in die uitspraak van 'n taal. Hierdie aksente sê iets oor die spreker se herkoms en sy komvandaan. Variasie in spraak kan die manier waarop sekere woorde gespreek word, beïnvloed. In hierdie verband argumenteer Trask (1994: 31) dat spelling 'n komplekse proses is. Verandering in spelling word toegeskryf aan die frekwente spelling van woorde presies hoe dit uitgespreek word. Volgens Trask (1994: 31) verander die uitspraak van woorde, maar daar word nooit ooreengekom om die spelling van daardie nuwe uitsprake te verander nie. Verandering in grammatika hou met verskille in grammatiese vorms tussen variëteite van tale verband. Hierdie soort verandering is minder sigbaar as dié van uitspraak en woordeskat want dit kom voor as amper normaal (Trask, 1994). Leech (2012: 127) argumenteer in hierdie verband dat veranderinge in grammatika as aanpassings by nuwe invloede en nuwe kommunikasiemoontlikhede beskou moet word. Hierdie veranderinge in taal kom na vore in verskillende prosesse van taalverandering en hierdie prosesse word vervolgens bespreek.

Uit bogenoemde linguistiese verandering wat op 'n taal inwerk, kan daar dus 'n onderskeid getref word tussen verskillende patrone van taalveranderinge, naamlik: taalverandering van binne en buite en taalverandering van onder en bo.

Taalverandering van binne en buite

Ponelis (1989) voer aan dat **taalverandering van binne** spontaan van aard is en nie deur ander tale beïnvloed word nie. Dit beteken dat taalverandering natuurlik is en selfs in die mees standvastige taalgemeenskappe voorkom. In aansluiting hierby word daar in latere navorsing gemeld dat taalverandering van binne gebeur wanneer nuutskeppings uit sekere gesproke situasies ontstaan en dit is baie keer die moedertaalsprekers wat hierdie nuwe woordvorme skep en aanwend (Roux 2001: 24).

Taalverandering van buite hou verband met situasies van taalkontak. *Beïnvloeding* (ontlening) en *versteuring* is twee tipes van 'n bepaalde taalkontaksituasie wat onderskei kan word (Ponelis, 1989: 11). Onder ontlening word verstaan dat daar soms woorde uit 'n ander taal oorgeneem is, bv. “venue” (uit Engels). By versteuring word verandering toegeskryf as verwerwing van taal wat eintlik gebrekkig is. Taalverandering wat van buite gemanipuleer word, is relevant vir hierdie studie se bestudering van die invloed van Kaaps binne die raamwerk van taalverandering.

Taalverandering van onder en bo

Volgens Ponelis (1989: 11) kan **taalverandering van onder** beskryf word as die informele omgangstaalvlak waar Praatafrikaans meestal navore kom. Daarbenewens noem Romaine (2000: 145) dat sulke soort taalverandering in die onderste vlak van die bewussyn plaasvind waar dit op die lae vlakke van die sosiale hiërargie ontstaan. Gevolglik gebeur oorskryding na die formele vlakke vanaf die onderste informele vlakke. Ponelis (1989: 11) is van mening dat dié oorskryding by variasie tussen nuutskeppings en die reeds bestaande aanvaarde vorms begin. Vir hierdie studie word taalverandering van onder as 'n belangrike proses beskou want dit word met informalisering vervleg.

Dit is opmerklik dat Saal en Lawrence (2019:5) noem dat “jong mense word baie keer gesien as die agente van taalverandering”. Dit hou volgens die navorser verband met taalverandering van binne en onder aangesien jong mense al hoe meer nuwe variasies van 'n taal skep. In hierdie verband voer Saal in 'n onderhoud aan dat gegewe die heterogene aard van variëteite maak

Afrikaanssprekende tieners 'n bydrae tot nog dialektiese kenmerke (Meyer, Saal & Norton, 2020).

Taalverandering van bo verwys na die *kultivering* wat by die formele stylvlak begin en dan na die omgangstaal uitgebrei word (Ponelis, 1989: 12). Dit is wanneer nuwe vorms deur die dominante sosiale klas voorgestel word (Deumert & Mesthrie 2004: 112). Romaine (2000: 145) beweer ooreenkomstig dat hierdie 'n soort bewuste verandering is wat plaasvind. Twee prosesse is hier van belang, naamlik *gebruiksuitbreiding* en *standaardisering*. Eersgenoemde het betrekking op die verskrifteliking van Afrikaans en laasgenoemde is deur eenvormigheid gekenmerk omdat dit as 'n metingstegniek gebruik word om variasie te bepaal (vgl. Ponelis, 1989). Hierdie veranderingsproses kan 'n taamlike groot invloed op die toekoms van die gebruik van Kaaps in leerders se formele skryfwerk hê. Kaaps as variant word reeds in Afrikaanse normeringsbronne soos die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) (2018) erken. Sulke gebruiksuitbreiding en standaardisering wys op 'n meer kontemporêre Afrikaanse taalkundige landskap.

2.3 Die prosesse wat taalverandering beïnvloed

Leech, Hundt, Mair en Smith (2009: 237) is van mening dat drie verbandhoudende prosesse, naamlik grammatikalisering, informalisering en veramerikaansing, taalverandering beïnvloed. In *How English grammar has been changing* argumenteer Leech (2012: 127) dat hierdie drie prosesse belangrike kragte van taalverandering is. Alhoewel die voorafgaande terme belangrike aspekte van taalverandering is, sal daar in hierdie studie hoofsaaklik op informalisering as 'n bepalende waarde van taalverandering gefokus word. Maar die prosesse van grammatikalisering en veramerikaansing moet egter nie met informalisering verwar word nie. Dít word vervolgens bespreek.

2.3.1 Grammatikalisering

Grammatikalisering is 'n sterk konsep in die literatuur en is 'n sentrale aspek van taalverandering. Grammatikalisering is 'n proses wat gebruik word om taalverandering te bepaal en verduidelik. Die term *grammatikalisering* is oorspronklik deur die Franse linguïst, Antoine Meillet (1912) uitgedink en volgens hom is dit 'n proses van die oorgang van outonome woorde na die rol van grammatikale elemente (Meillet, 1912: 133) (“... le passage

d'un mot autonome au rôle d'élément grammatical"). Insgelyks verduidelik Campos (2007: 203) dat grammatikalisering 'n proses is waarvolgens sekere items met leksikale betekenis eerder meer funksioneel en grammatikaal word. In hierdie verband word *grammatikalisering* hoofsaaklik in die literatuur gekenmerk as 'n proses waardeur leksikale kenmerke tot grammatikale kenmerke ontwikkel (Leech, 2012: 140). Dit suggereer breedweg dat *grammatikalisering* ons eintlik op die grammatiese veranderinge wys wat in 'n taal voorkom.

In haar doktrale proefskrif het Breed (2012) ondersoek ingestel na die perifrastiese progressiewe konstruksies en hoe daardie betekenis in Afrikaans uitgedruk word. Haar bevindings identifiseer voorbeelde wat meestal ooreenstem met dié wat reeds in Engels ondersoek is: dat die progressiewe aspek met 'n styging in frekwensie geassosieer word. Voorts het Breed (2012) bevind dat sommige progressiewe aspekte voorkeur geniet en meer prominent na vore kom. Sy het bevind dat die algemeenste grammatikale verandering wat voorkom die **besig**-progressiewe konstruksie is (Breed, 2012). Die stygende frekwensie van die progressiewe aspek word ook in die werk van Leech uitgebeeld (vgl. Leech, 2012). Alhoewel Breed (2012) se navorsing tot 'n bestaande literatuur oor grammatikalisering bydra, gebeur dit in 'n konteks wat anders as taalvariasie en die sosiolinguistiek is. In haar studie fokus sy hoofsaaklik op die frekwensie van grammatikale verandering in Afrikaans.

Kirsten (2016) dui in haar doktrale proefskrif die grammatiese verandering aan wat tussen 1911 en 2010 in geskrewe Standaardafrikaans voorkom. Sy fokus op drie grammatikale aspekte wat in klasse soos tydsaanduiding, voornaamwoorde en die genitief ingedeel word en bestudeer hierdie kategorieë aan die hand van korpusse wat reëlmatig in vier tydsfases verdeel is. Haar bevindings toon aan dat een vorm van grammatikale verandering aan informalisering toegeskryf kan word. Kirsten (2016: 272) wys op die volgende as tekens van informalisering:

- die styging in die benutting van *se* in genitiefsamestellings;
- die toename in die inspanning van tweedepersoons voornaamwoorde *jy* en *jou*;
- die styging in die gebruik van die aanwysende voornaamwoord *dié* in plaas van *hierdie*;
- die vermindering in gebruik van passiefkonstruksies; en
- die toename in gebruik van *toe* as temporele adverbium.

Al word hierdie studie in 'n sosiolinguistiese konteks aangebied wat deursigtelik van Kirsten (2016) se studie verskil, is daar ter aanvulling van Kirsten (2016) se bevindings van

informatisering as veranderingsmerker ondersoek ingestel nie net na grammatiese verandering nie, maar ook na ander veranderingsmeganismes soos linguistiese verandering en sosiolinguistiese verandering wat moontlik informatisering kan beïnvloed. Saal en Lawrence (2019: 25) plaas hierdie leemte onder die vergrootglas en wys op die neiging van studies om die informatisering van die geskrewe taal veral op die veranderinge in grammatika toe te spits, waar leksikale verandering minder geaksentueer word. Om hierdie leemte te vul, word 'n variasietaalkundige analise in hierdie studie gebruik om hierdie soorte verandering te verduidelik. Voorts wil hierdie studie by die navorsingsveld van taalverandering in Afrikaans aansluit en net soos Kirsten (2016) van korpuse gebruik maak, maar daar word spesifiek op die gebruik van 'n variëteit van Afrikaans as veranderingsmerker in die geskrewe Afrikaans van hoërskoolleerders gefokus.

2.3.2 Veramerikaansing

Volgens Mair (2016:183) is *veramerikaansing* 'n proses van die verspreiding van spesifieke fonetiese en leksiko-grammatiese kenmerke van Amerikaanse Engels na ander streeksvariëteite en tale. Mair (2006: 193) voer aan dat wêreld-Engels deur Amerikaanse norme gehomogeniseer is en dit is grootliks te wyte aan die invloed wat Amerikaanse Engels op ander variëteite het. Gewoonweg word daar onder veramerikaansing verstaan die proses waarvolgens Amerikaanse grammatiese konstruksies meer algemeen in Britse Engels word. Gevolglik beteken dit dat Engels verwestersing ondergaan.

Gonçalves, Loureiro-Porto, Ramasco, en Sáncho (2018) het ondersoek ingestel na die ontwikkeling van Engelse variëteite op 'n wêreldwye vlak en spesifiek hoe Engels in formele en informele kontekste gebruik word. Hulle het hul ondersoek uitgevoer deur die variasie in woordeskate en spelling te bestudeer aan die hand van korpuse wat geografiese tweets en Google Books, wat in die Verenigde Koninkryk (VK) en Amerika gepubliseer is, ingesluit het. Die geografiese tweets is verteenwoordigend van die gebruik van informatiseringsvorme en Google Books verteenwoordig die benutting van standaardvorme. Deur 'n analitiese beskouing van die tweets en Google Books het Gonçalves *et al.* (2018) bevind dat Amerikaanse Engels dominant buite VK-grense is, maar die invloed daarvan word ook binne VK-grense gevoel. Gonçalves *et al.* (2018: 2) noem dat veramerikaansing met die proses van informatisering saamwerk.

Soos reeds genoem, is grammatikalisering en veramerikaansing belangrike prosesse van taalverandering wat informalisering ondersteun. Die taalveranderingsproses bekend as informalisering vorm die grondslag van hierdie studie. 'n Bespreking hiervan is volgende aan bod.

2.3.3 Informalisering

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit van belang om kennis te neem dat Afrikaans, soos enige ander taal, verander, innoveer en informaliseer omdat verskynsels as sodanig voldoen aan die veranderende behoeftes van hoe taalgebruikers prakties kommunikeer. Iosef (2013: 1) voer aan dat hierdie praktiese kommunikasiebehoeftes gewoonlik deur spraak gebeur, maar soms gebeur dit ook in die geskrewe norm. Normaalweg is gesproke en geskrewe vorms apart en mens kan dit maklik identifiseer.

In wese beteken die groot konteks van taalverandering dat mense al hoe meer begin skryf soos hulle praat. Dit toon die vernouing van die gaping tussen die gesproke en geskrewe vorm van 'n taal. Hierdie vernouing van die hiaat tussen gesproke en geskrewe taalvorme word egter dikwels binne die konteks van taalverandering beskryf. Maar hierdie is geen nuwe onderskeid nie. Linguiste soos Mair (1997, 2006), Fairclough (1992, 1995a) en Biber (2003) het hierdie vernoude gaping tussen die twee taalvorme gesuggereer. Die verskynsel waar hierdie tweevorme al hoe meer saamgetrek word, kan beter verstaan word deur 'n omskrywing van die konsep *informalisering*.

Vandat Mair in 1997 die konsep van informalisering in sy studies ingelei het, het dit 'n prominente drywer van taalverandering geword. Informalisering is wel nie 'n nuutskepping in die linguistiek nie. Dit is opmerklik dat Leech *et al.* (2009: 185) noem dat informalisering so ver terug as die 17de eeu al waargeneem is. Die mees bekende definisie van *informalisering* word in die literatuur uitgebeeld as die proses wat verband hou met hoe spreektaalvorme al hoe meer deursigtig in die skryftaal is (Leech *et al.*, 2009: 239).

Mair (2006: 187) beskryf hierdie linguistiese term as 'n stilistiese skuif weg van die gedetailleerde geskrewe norm wat ver van die informele gesproke styl geleë is, na 'n geskrewe norm wat nader aan die spraakgebruik is; 'n wegbeweging van 'n norm wat deur formaliteit gekenmerk word na 'n norm gekenmerk deur informaliteit. Binne die kanon van Engelse

skryfwerk stel Mair (1997: 1541) dat informalisering beskou kan word as “the narrowing gap between the norms of spoken and written English”. In die reël verwys Leech *et al.* (2009: 239) na informalisering as “writing becoming more like speech”. Insgelyks interpreteer Collins (2013) en Saal en Lawrence (2019) informalisering as die verskuiwing van skryfstyl wat al hoe meer spreektaalvorme bevat. Dus kan informalisering gekarakteriseer word as die beïnvloeding en inwerking van gesproke taalvorme op geskrewe taal.

Uit die aard van Mair (2006) se omskrywing van informalisering lê die kern van die definisie in die konteks van styl. Dus is dit voor-die-hand-liggend dat styl die proses van informalisering beïnvloed. Die klassieke definisie van *styl* is deur Coupland (2007:1) gestel as die manier van iets doen. *Styl* kan breedweg in verskillende kontekste gedefinieer word, byvoorbeeld in die sosiale wêreld hou styl verband met mode (Jaspers 2010: 178). Vir hierdie studie stel ons egter daarin belang om styl in ’n linguistiese sin te definieer.

Onder *styl* word verstaan die wisseling van formeel tot informeel en word bepaal deur verskeie faktore, byvoorbeeld sosiale konteks, sosiale klas, ouderdom, geslag, ensovoorts (Romaine 2000: 22). Volgens Leech *et al.* (2009: 247) is ’n informele styl sentraal in informalisering want dit hou in dat gespreksgenote ’n hegte en persoonlike sosiale verhouding het. Dialekte word volgens Coupland (2007) as sosiale style gekenmerk, dus kan Kaaps in ’n gespreksituasie gebruik word om sulke verhoudings aan te dui. Coupland se beskouing van dialekte as sosiale style het te make met hoe dialekte opgevoer word vir die ontvanger. Dit wil sê watter simboliese waarde die dialekte vergestalt.

Styl word nie net deur sosiale faktore weerspieël nie, maar dit korreleer ook met linguistiese veranderlikes. Volgens Romaine (2000) kan styl ook in woordeskat, sintaksis en uitspraak aangedui word. Carstens (2018: 379) noem dat ’n taalsituasie met ’n informele styl kenmerkend van taalgebruik is wat “minder versorg is”. Volgens Carstens (2018: 379) kan hierdie informele style geïdentifiseer word deur die oortreding van grammatikareëls – uitspraak wat van die norm afwyk (dialektiese kenmerke dryf in), woordherhalings en onvoltooide sinne, en standaardvorm van taal wat in enkele gevalle nie gevolg word nie. Die medium van geskrewe taal kan so ’n informele taalsituasie uitbeeld omdat ’n gesproke styl daarin weerspieël word. Leech (2012) maan soortgelyk dat moedertaalsprekers in die meeste gevalle onbewus van grammatiese verandering in hul taal is. Dit wil sê dat dit dalk nie so ’n maklike taak sal wees om informele style in skryfwerk te identifiseer nie. Daarom wil hierdie studie juis opstelle

analiseer om 'n ondersoek te loods om te bevestig dat leerders 'n gesproke styl in hul formele skryfwerk neerpen.

Voorts is die graad van formaliteit 'n belangrike krag wat informalisering beïnvloed. In hierdie verband argumenteer Mair (2015: 8) dat die informalisering van die norme van geskrewe Engels dus 'n verskynsel is wat uit twee uiteenlopende komponente bestaan, naamlik egte informaliteit en antiformaliteit. Onder eersgenoemde word verstaan dat gesproke elemente onbewustelik in skryfwerk oorgedra word. Hierteenoor is antiformaliteit 'n bewustelike toename van sekere stilistiese merkers in skryfwerk om die graad van formaliteit te verminder. Soortgelyk hieraan is Saal en Lawrence (2019) van mening dat informalisering opsetlik as 'n uitdaging van die formele geaardheid van die taal ingespan kan word en sodoende as 'n tipe versetstrategie funksioneer. Mair (2015) konstateer dat 'n linguistiese merker kenmerkend mag wees van óf informaliteit óf antiformaliteit en juis daarom kan 'n analise van informalisering ingewikkeld wees.

2.4 Informalisering: historiese oorsig

Alhoewel dit nou algemeen in taalnavoring gebruik word, is informalisering eers vanuit 'n ander hoek bestudeer. Die gebruik van gesproke taalvorms in geskrewe werk is as foutief gesien. Teorieë soos kontrasanalise en foutanalise is gebruik om twee tale se grammatikale strukture te identifiseer en te vergelyk, en spesifiek die foute wat in tweedetaalleer ondervind is.

(i) *Foutanalise (FA)*

Met die eerste oogopslag, op grond van die literatuur, wil dit voorkom asof die benadering van foutanalise die mees geskikte manier is om taalvariasie in opstelle te ondersoek (Corder, 1981; Khansir, 2012; Ananda, Gani & Sahardin, 2014).. Hierdie studie vind foutanalise egter nie heeltemal geskik nie, maar dit is soortgelyk aan die benadering wat vir hierdie studie gebruik word. Om hierdie rede word die teorie van foutanalise hieronder bespreek.

(ii) *Die geskiedenis/ontstaan van FA*

In die veld van tweedetaalverwerwing is foutanalise 'n vertakking van kontrasanalise en daarom word die vergrootglas eerstens op kontrasanalise geplaas.

Kontrasanalise het met tweedetaalverwerking te make. Fries (1945) en Lado (1957) het die studie van kontrasanalise gebaan. Lado (1957) beweer dat wanneer moedertaalsprekers 'n nuwe taal aanleer, sal soortgelyke elemente van die doeltaal en moedertaal weens die aanleerproses eenvoudig wees, maar die elemente in die doeltaal wat van die student se moedertaal verskil, sal moeilik wees om aan te leer.

In die 40's en 50's was kontrasanalise 'n belangrike vergelykingsmetode om ondersoek in te stel na leerderfoute op grond van die aanleer van 'n tweede taal. Versteuring van die moedertaal is een rede vir die foute wat leerders maak (Khansir, 2012: 1028). Deur vergelykings te tref tussen twee tale se linguistiese kenmerke kan kontrasanalise komplekse strukture vir leerders voorspel (Ciesielkiewics & Márques, 2015). Die kontrasanalise-benadering word gekritiseer omdat die premis daarvan op die voorspelling en verduideliking van foute berus wat weens versteuring veroorsaak is (Fisiak, 1981; Ciesielkiewics & Márques, 2015). Uit 'n kritiese hoek noem Fisiak (1981: 7) dat daar verskeie faktore is wat foute kan veroorsaak en kontrasanalise oorweeg nie daardie aspekte nie. Dit is as gevolg van sulke kritiek dat foutanalise ontstaan het.

Foutanalise is in die laat 1970's deur S.P Corder bekendgestel en het 'n voorkeurbenadering vir die beskrywing van tweedetaalfoute geword. Sy teorie het ontstaan as gevolg van die fel kritiek wat kontrasanalise ontvang het. Foutanalise is meestal gedefinieer in terme van L2-leerderfoute. Volgens Ananda *et al.* (2014: 84) is foutanalise geskep om die aard van leerders se foute te probeer verstaan. Khansir (2012: 1029) meen dat foutanalise 'n vergelyking tref tussen die foute wat leerders in die teikentaal en daardie teikentaal self maak. In aansluiting hierby voer Ciesielkiewics en Márques (2015: 122) aan dat die doel van foutanalise nie net is om twee tale te vergelyk nie, maar dit bestudeer en beskryf leerders se kommunikatiewe produksie. Foutanalise beeld nie die leerder se kommunikatiewe bevoegdheid duidelik uit nie, maar die ontleding van foute kan 'n goeie aanduiding gee van die leerder se prestasie in taalleersituasies (Corder, 1981).

(iii) Die verskil tussen KA en FA

Khansir (2012: 1029) dui die verskille aan tussen kontrasanalise en foutanalise waar die eersgenoemde met 'n vergelyking tussen die struktuur van twee tale begin en dit probleme vir die tweedetaalleerder voorspel. Dus word die klem van kontrasanalise op die voorspelling van foute geplaas. Laasgenoemde begin met die foute in tweedetaalverwerking en dit word volgens verskillende raamwerke bestudeer. Dit word in Corder se artikel aangedui dat “the significance

of learners' errors" met betrekking tot foutanalise gemik is op strategieë om foute te hanteer nadat hulle ontstaan het (Corder, 1981: 6).

(iv) Die teoretiese vertrekpunte van FA

Uit die verskillende definisies kan daar afgelei word dat die toepassing van foutanalise nuttig is om tweedetaalverwerwing te bestudeer want dit kan linguistiese moeilikhede uitwys. Dus is foutanalise 'n waardevolle teorie in die klaskamerkonteks.

Corder (1981: 27) argumenteer dat 'n sleutelkomponent van foutanalise teorie is om 'n analise van foute te maak – 'n longitudinale studie van die leerder se taal en beskrywings van hul dialekgebruik is noodsaaklik. Hierdie data moet dan vergelyk word en die veranderinge in die longitudinale studie moet gedokumenteer word. Soos deur Corder (1974) genoem, moet vier stappe van foutontledings uitgevoer word om hierdie doelwit te bereik. Hierdie stappe begin deur 'n versameling van 'n monster van leerdertaal; identifisering van foute; beskrywing van foute en laastens 'n verduideliking van foute. Hierdie stappe is soortgelyk aan die metodologiese vertrekpunt wat in hierdie studie ingespan word.

(v) Die relevansie van FA vir hierdie navorsing

Foutanalise is oënskynlik 'n geskikte teorie om die invloed van Kaaps op Afrikaanssprekende leerders se skryfwerk te bestudeer, maar dit blyk egter nie te wees nie. Eerstens fokus hierdie navorsing nie op tweedetaalverwerwing nie, maar eerder op een variëteit van dieselfde taal. Foutanalise bekyk die L2-leerders se foute alleenlik uit 'n grammatiese hoek en betrek nie die variasie-aspek van taalgebruik binne een taal nie. Voorts wil hierdie studie taalvariasie in Afrikaanssprekende leerders se skryfwerk beskryf en bestudeer, maar wil dit nie as 'n fout toereken nie. In hierdie navorsing word die verskrifteliking van variasie in die skryfwerk van die deelnemers eerder as 'n teken van informalisering as gevolg van dialek-inwerking beskou. Juis daarom is die foutanalisebenadering nie geskik vir hierdie studie nie. Voorts is foutanalise uiters belangrik rakende die ondersoek van onderwysers se hantering van dialekvorme in stelwerk. Dit gaan hier om die vasstelling van onderwysers se graad van aanvaarbaarheid van die dialekvorme wat in skryfwerk voorkom. Hierdie navorsing wil grondliggend vasstel of onderwysers dialekvorme as 'n fout beoordeel en verkeerd merk en wat die redes daarvoor is.

Andersyds wil hierdie studie nie die foutanalise teorie as geheel uitsluit nie want dit is nuttig met betrekking tot die metodologiese stappe van foutanalise. Dié stappe is ook gebruik wanneer 'n variasieondersoek gedoen word.

'n Oorsig van literatuur rakende informalisering in die praktyk met spesifieke fokus op die inwerking van dialekte in formele kontekste word vervolgens uiteengesit.

2.5 Informalisering in die praktyk

Informalisering hou verband met die praktyk en alledaagse lewe. Informalisering kom vervolgens aan bod deur middel van 'n sintese van die hantering van dialektiese verskeidenheid in Afrikaansonderrig en bewyse van informalisering in skryfwerk.

2.5.1 Die hantering van dialektiese verskeidenheid in Afrikaansonderrig

Etlike navorsers maak die standpunt dat geen variëteit van Afrikaans slegter (of beter) as 'n ander variëteit is nie (vgl. Lawrence *et al.*, 2014: 55 en Hendricks, 2016:30). Hendricks (2016: 30) beklemtoon hierdie standpunt en voer verder aan dat daar 'n organiese verband tussen Standaardafrikaans en alle omgangsvariëteite van Afrikaans bestaan. Sy argument is dat beide variëteite as “prinsipiële gelykwaardig” gekarakteriseer moet word (Hendricks, 2016: 30). Insgelyks dui Lawrence *et al.* (2014) aan hoe belangrik dit is dat daar nie soos voorheen na variëteite verwys word as foutief of van minder waarde nie, maar dat daar deesdae aanvaar word dat taalvariëteite eintlik “gelykwaardige onderdele” van daardie taal is. Die huidige situasie in ons land is egter paradoksaal van aard omdat 'n variëteit soos Kaaps in vele instellings steeds marginalisering en stigmatisering ondergaan (Le Cordeur, 2015). 'n Voorbeeld van sulke instellings is die skoolkonteks. Gegewe dat die gebruik van Kaaps in skole steeds gemarginaliseer en gestigmatiseer word, is daar vele oproepe gemaak om die gebruik van Kaaps in die klaskamer toe te laat. In die literatuur word daar gereeld aanbeveel dat Kaaps as 'n medium van onderrig benut moet word, maar die wyse hoe dit ingespan hoort te word, is dun gesaai. Dit word vervolgens bespreek.

Le Cordeur (2015) het in sy artikel die kwessie van Kaaps in die klaskamer analities beskou en argumenteer dat Kaaps die moedertaal van omtrent 3.3 miljoen mense in die Wes-Kaap is en sowat 2.5 miljoen van hierdie sprekers is eintlik skoolleerders. Dit is juis daarom dat Le

Cordeur (2015: 714) postuleer dat Afrikaansonderrig op skool eintlik 'n benadering moet volg wat inklusief is. Sy betoeg wys daarop dat leerders wat met Kaaps grootgeword het, benadeel kan word in die skool as hierdie variëteit nie erken word nie:

“... Onderwysers is geleer om Kaapse woorde as spelfoute en taalfoute uit te wys en leerders is gepenaliseer omdat hulle hul moedertaal (Kaaps) gebruik het en tot onlangs het skoolhandboeke woorde in die Kaapse variëteit geïgnoreer.” (Le Cordeur, 2015: 723)

Enersyds is dit problematies (en teenstrydig) dat Kaapse woorde in leerders se opstelle as spelfoute en taalfoute uitgewys word, veral as 'n mens in ag neem dat Kaaps reeds op die gebied van die letterkunde in die klaskamer geïntegreer is. Andersyds is sommige Kaapse woorde in normeringsbronne soos die *AWS* opgeteken. Le Cordeur (2015) noem dat die *AWS* sowat 80 Kaapse woorde bevat wat 'n Islamitiese verband het. Voorts noem hy dat die *HAT* (2015: 725) ook Kaapse leksikale items bevat. Dit is problematies en verbloem die onderliggende kontradiksies wat Le Cordeur (2015) uitwys van onderwysers wat geleer is om Kaapse woorde as foute uit te wys. Voorts skep die *Pharos Afrikaansgids* (2018), die bron wat oor naslaanlyste en taalreëls beskik, verwarring omdat dit 'n lys van omgangstaalwoorde en - frases verskaf wat tekenend is van 'n vaste ortografie vir wanneer sulke omgangsvorme wel in opstelle geskryf word. Voorbeelde hiervan is woorde soos “blowdry” (hare droogblaas), “event” (geleentheid), “inlog” (inteken), “kwaailappies” (alles is reg), “laaitie” (ou, seuntjie), “orraait” (reg), en “scrapjaart” (wrakwerf).

Met die optekening van Kaapse leksikale items in woordeboeke soos die *AWS* en die *Pharos Afrikaansgids* bevestig dit dat Kaaps reeds in 'n mate deel van die standaardvorm is. Derhalwe kan die skeidslyn tussen wat aanvaarbaar is of nie met betrekking tot omgangsvorme in opstelle Afrikaansonderwysers in 'n moeilike posisie plaas. Dit maak die onderwyser se taak moeilik wanneer dit kom by nasien van leerders se werk wat omgangsvorme bevat. Daarom word daar gepostuleer dat aangesien Kaaps reeds in die kurrikulum deur die letterkunde en in woordeboeke neerslag vind, blyk dit 'n gepaste premis te wees om onderwysers se hantering van dialekvorme in leerders se formele skryfwerk te bestudeer en beskryf. Hierdie studie se ondersoek na hoe die Afrikaans-taalonderwyser die gebruik van die Kaapse variëteit tans hanteer, kan nuttig wees en 'n bydrae tot kurrikulumbepanning lewer. Myns insiens sal onderwysers se response (sien Hoofstuk 4) as voedingsbron vir hierdie soort kurrikulumverandering dien.

Voorts is daar wel deur Le Cordeur (2015) erkenning gegee aan die Departement van Basiese Onderwys (DvBO) se verrekening van Kaaps op die terrein van die letterkunde, maar hy stel voor dat dit ook na die onderrig van grammatika uitgebrei moet word. Hy argumenteer dat as leerders van besitlike voornaamwoorde in hul skryfwerk gebruik maak, soos byvoorbeeld “onse”, moet onderwysers dit aanvaar en nie as verkeerd merk nie. Weereens duik die vraag op: Waar trek onderwysers die lyn van wat aanvaarbaar is betreffende die gebruik van omgangsvariëteite in skryfwerk? Hoewel Le Cordeur (2015, 2016) se werke oor Kaaps in die klaskamer ’n belangrike bydrae lewer tot die diskoers oor dialekte in die Afrikaanseklaskamer is, is daar steeds min rakende die praktiese hantering van dialekte in die klaskamer. Hieruit is dit duidelik dat daar nóg aanbevelings nodig is vir die implementering en hantering van dialekte in die Afrikaans Huistaal-klaskamer.

Aansluitend by bogenoemde het Basson (2018) ondersoek ingestel na die gebruik van idiomatiese uitdrukkings in Kaaps wat moontlik gebruik kan word sodat die Afrikaans Huistaal-klaskamer ’n meer inklusiewe tuiste vir alle Afrikaanssprekendes word. Hy het bevind dat vakadviseurs en Graad 8- Afrikaans Huistaal-leerders meer positief optree oor die insluiting van Kaaps in die kurrikulum, maar onderwysers het hul meer gewend na die onderrig van Standaardafrikaans omdat dít die taal is waarin die nasionale matriekeindeksamens plaasvind (Basson, 2018). Dit blyk volgens die navorser die rede te wees vir Le Cordeur (2015) se mening dat onderwysers eerder Kaapse kenmerke in leerder se skryfwerk verkeerd merk. In aansluiting hierby wil hierdie studie by Basson (2018) se studie aanklank vind deur ondersoek in te stel na die manier hoe taalonderwysers tans Kaaps in leerders se formele skryfwerk hanteer.

Wat voorts uitgestaan het in Basson (2018) se studie is dat die fokus nie soseer toegespits is op hoe onderwysers Kaaps in stelwerk hanteer en behoort te akkommodeer nie. Bowendien, al is daar bestek geneem in sy data-analise van vakadviseurs wat positief optree teenoor Kaaps in opstelle, ontgin hy nie daardie aspek nie. Die suggestie is dat hy vakadviseurs se positiewe optredes ontgin omdat sy studie grootliks op Kaaps en identiteitsverteenvoording fokus en nie soseer op taalhoudings nie. Daarom is dit waardevol om te noem dat wat hierdie studie betref, die fokus liefs op ’n bestudering van informalisering en onderwysers se hantering daarvan is. Dit wil sê dat hierdie studie eerder ’n sosiolinguistiese en variasietaalkundige benadering volg eerder as die sosio-kulturele benadering wat deur Basson (2018) gevolg is.

Kortliks beteken dit dat Basson (2018) se projek van 'n opvoedkundige teorie gebruik maak terwyl hierdie navorser van linguistiese teorieë gebruik maak.

In 'n onderhoud met Meyer *et al.* (2020) oor Afrikaanse dialekte in die klaskamer maak Saal 'n betekenisvolle bydrae tot die implementering van dialektiese gebruik in die klaskamer. Hy argumenteer dat leerders al vroeg aan dialekte blootgestel moet word en dit kan reeds vanaf die intermediêre fase op skool gebeur. Saal noem dat in hierdie fase kan die bewustheid van dialekte op 'n eenvoudige maar vernuftige wyse ingespan word en eers wanneer die leerders in die senior fase van hulle opleiding is, kan dit “meer gevorderd(e)” wees (Meyer *et al.*, 2020). Hierdie ingefaseerde benadering skep ruimte vir leerders om te kan onderskei tussen die standaardvorm en die variëteit wat hulle daagliks praat. Insgelyks wil hierdie studie aanbevelings bied vir die implementering van die gebruik van dialekte in die klaskamer. Dit word gedoen met die verwagting dat informalisering minder sal plaasvind omdat leerders van kontekstuele gepastheid van dialekte bewus sal wees.

Soos reeds vermeld, huldig Hendricks (2016) die mening dat alle variëteite as gelykwaardig bejeën moet word. Hendricks (2016: 30) redeneer dat daar “'n kopskuif en gepaardgaande houdingsverandering” nodig is as daar oor omgangsvariëteite en die standaardvariëteit besin word. Om omgangsvorme in die skoolkurrikulum in te sluit en sodoende beter te hanteer, word daar van onderwysers verwag om 'n kopskuif te maak oor die aard van die variëteit. Dit wil sê dat onderwysers se houdings teenoor die aard en gebruik van dialekte as substandaard moet verander. In lyn hiermee beklemtoon Saal in Meyer *et al.* (2020) dat die bevordering van variëteite moontlik gemaak kan word as daar 'n teenwerking van taalhoudings is. Hy voer aan dat wanneer dialekte in “formele domeine” gebruik word, skep dit die moontlikheid vir houdingsverandering teenoor dialekte (Meyer *et al.*, 2020). Daarom moet daar eers verandering binne die Afrikaanse taal self plaasvind. Die proses van taalverandering van bo kom hier ter sprake. Dit suggereer dat die taalbeskrywing nie net op die standaardvariëteit toegespits moet word nie. Voorts impliseer dit dat mense hulself moet oopstel aan die volle draagwydte van die Afrikaanse taal. Hierdie studie wil dus vasstel hoe onderwysers hulself tans oopstel vir taalvariëteite. Dit word gedoen deur middel van die elektroniese vraelys aan die hand van houdingsvrae wat gebaseer is op dialekvorme wat in die korpus voorkom (sien Hoofstuk 4).

Soos dit uit Basson (2018) se studie blyk, volg onderwysers eerder 'n onderrigwyse wat met Standaardafrikaans ooreenstem. Daar kan dus gesê word dat die onderwysers wat aan Basson

(2018) se studie deelgeneem het nog nie hulself oopgestel het aan 'n polilektiese¹ taalbeskrywing nie. Hier gaan dit om die aanvaarding dat alle variëteite van gelyke waarde is en waar een variëteit nie mooier of beter as die ander is nie. Hendricks (2016: 30) voer aan dat taalonderrig van so 'n aard moet wees dat dit aan beide die standaardvariëteit sowel as spreektaalvorme erkenning gee. Hierdie siening stem ooreen met Le Cordeur (2015) s'n wat aanvoer dat die destigmatisering en demarginalisering van Kaaps in die klaskamer haalbaar is. Hierdie navorser sluit aan by hierdie sienings en hoop om deur haar korpusanalise onderwysers en ander partye bewus te maak van dialekte wat reeds in skryfwerk voorkom, en sy lewer 'n pleidooi vir beter hantering van omgangvariëteite in formele domeine.

2.5.2 Informalisering in skryfwerk

Binne die konteks van kontemporêre Afrikaans lê Hendricks (2016: 26) klem daarop dat Kaapse Afrikaans beslis heterogeen van aard is. In sy boek *Kaaps in Fokus* dui Hendricks (2016) die status van Kaaps aan en noem dat alhoewel Kaaps 'n variëteit van Afrikaans is, dit meer besonders as 'n omgangsvariëteit funksioneer en dit maak Kaaps dus 'n vorm van Praatafrikaans. *Praatafrikaans* hou verband met die trefwoord "Omgangsafrikaans" en word as sodanig in die *HAT* (2015: 863) omskryf as 'n term wat "meestal ooreenstem met gesproke Afrikaans, veral soos die gebruik in informele gespreksituasies". Uit hierdie definisie word daar by suggestie aangevoer dat Kaaps nog steeds 'n gemarginaliseerde posisie beklee omdat die gebruik daarvan tot informele gespreksituasies beperk is. Dít is juis hoekom die verskrifteliking van Kaaps betekenisvol vir hierdie studie is want sulke definisies verbloem die onderliggende teenstrydigheid dat 'n "informele" variëteit wat meestal net gepraat word, in sekere instansies eintlik tot formele situasies oorgaan; dat dit soms Afrikaanssprekende leerders se geskrewe werk binnetree. In hierdie navorsing word geargumenteer dat die voorkoms van Kaaps in formele skryfwerk (soos byvoorbeeld in leerders se opstelle) 'n teken van taalverandering is. Die aanname is dat die gebruik van Kaaps in formele skryfwerk egter 'n weerspieëling is van taalverandering wat van onder plaasvind.

Omgangsvariëteite wat neerslag vind in leerders se formele skryfwerk is nie iets nuuts vir hierdie navorsingsveld nie. Williamson en Hardman (1997) het die invloed van nie-

¹ "Poli" beteken meer as twee. Hendricks (2017) verduidelik dat 'n polilektiese taalbeskrywing gaan om "'n grammatika waarin die standaardvariëteit saam met soveel omgangsvariëteite as moontlik betrek word". Die navorser meen 'n polilektiese taalbeskrywing gaan gepaard met die siening dat alle variëteite 'n gelyke status moet geniet.

standaarddialekte op die skryfwerk van 11- en 15-jariges van verskillende sosio-ekonomiese en dialek-agtergronde ondersoek. Hulle het 362 skrifte van elke ouderdomsgroep gebruik vir hul analise en die skrifte is uit vier Engelse dialekgebiede versamel. Die bevindings van Williamson en Hardman (1997: 298) se studie dui aan dat alhoewel studente nie-standaarddialektiese kenmerke in hul skryfwerk gebruik het, is die gebruik daarvan eintlik 'n seldsame verskynsel in vergelyke met spelfoute of leestekens. Voorts het ouderdom en gender ook 'n taamlike invloed op leerders se gebruik van dialekte in hul skryfwerk gehad. Die meisies was meer geneig om in hul studie die nie-standaarddialek te gebruik en terwyl geslag en plek van herkoms in die geheel nie die frekwensie van nie-standaard dialek grootliks beïnvloed het nie, het die skryftaak 'n uitwerking op die jonger leerlinge gehad (Williamson & Hardman, 1997: 298). Hulle het bevind dat die jonger leerlinge se opstelle korter was, maar hulle het meer nie-standaardvorme as die ouer leerders gelewer. Blykbaar het die gebruik van nie-standaarddialekvorme met ouderdom afgeneem.

Erkenning moet verleen word vir Williamson en Hardman (1997) se gebruik van ouderdom en geslag as bepalende faktore, aangesien die gebruik van ouderdom en geslag sosiolinguisties in hierdie studie ingespan word om variasie te analiseer. Ten spyte daarvan dat Williamson en Hardman (1997) 'n interessante bydrae tot die gebruik van dialekte in skryfwerk lewer, vind hul navorsing in 'n konteks plaas wat van die navorser s'n verskil. Daarom is dit meer waardevol om die invloed van dialektiese gebruik in skryfwerk binne 'n Suid-Afrikaanse konteks te bestudeer.

Die onlangse Afrikaanse studies van beide Saal en Lawrence (2019) en Fouché en Olivier (2020) het, aan die hand van korpuslinguistiese metodes, Afrikaanssprekende leerders se skryfwerk geanaliseer. In beide studies wil dit voorkom dat korpuslinguistiese metodes geskik is om leerders se skryfwerk te analiseer omdat dit met frekwensielyste werk (sien Hoofstuk 3). Saal en Lawrence (2019) bepaal tot watter mate informalisering in die opstelle van Graad 10-Afrikaanssprekende leerders, van twee verskillende provinsies, voorkom. Hierteenoor fokus Fouché en Olivier (2020) op Graad 6- en Graad 9- Afrikaanssprekende leerders se selfstandige gebruik van taalvorme vir die realisering van leksikale kohesie. Anders as Saal en Lawrence (2019) se studie, vind Fouché en Olivier (2020) s'n nie binne die konteks van variasietaalkunde plaas nie en daarom is dit nie van veel toepassing op hierdie studie nie. Hierdie studie se wortels is gegrond in die navorsing van Saal en Lawrence (2019).

In hul navorsing bevind Saal en Lawrence (2019) dat Afrikaanse tieners die gesproke vorm van 'n taal in hulle skryftaal (opstelle) integreer. As vertrekpunt in hul studie is taalverandering en verinformalisering ingespan om 'n breedvoerige oorsig te verskaf van variasie wat in Afrikaans voorkom. Dit maak hul studie tersaaklik vir hierdie navorsing. Hierdie studie wil aanvul by Saal en Lawrence (2019) se ondersoek deurdat dit ook taalvariasie in formele skryfwerk wil meet. Anders as hul studie wat vergelykenderwys in twee provinsies ondersoek ingestel het, wil hierdie studie ondersoek instel in Lavender Hill, 'n suidelike voorstad op die Kaapse Vlakte wat in die Wes-Kaap geleë is. Voorts wil hierdie studie ook 'n stap verder gaan om onderwysers te ondervra presies hoe hulle die gebruik van Kaaps in die leerders se stelwerk hanteer.

Die invloed van dialekte op die skryfwerk van skoolleerders is weereens ondersoek in Ramothwala, Segabutla, Rwodzi en Thokwane (2021) se navorsing en hierin het hulle ondersoek ingestel na die graad 8- Khelobedu-sprekende leerders se skryfuitdagings wanneer hulle in Sepedi Huistaal moet skryf. Volgens Ramothwala *et al.* (2021) is Khelobedu 'n dialek van die Sotho-taal, een van Suid-Afrika se 11 amptelike tale. Hulle het hul data ingesamel deur middel van onderhoude met beide leerders en opvoeders, asook opstelle wat die leerders geskryf het. Die data-insamelingsproses van hierdie studie is soortgelyk want die korpus van hierdie studie word deur Graad 10-leerders se opstelle gevorm. Voorts is dit interessant dat hulle data deur middel van inhoud-ontleding en foutanalise ontleed word (Romothwala *et al.*, 2021). Oënskynlik is foutanalise in hierdie geval 'n gepaste metode van analise om die foute wat in opstelle gemaak is te identifiseer en te verstaan. Die gebruik van foutanalise is hier volgens die navorser betwisbaar want dan word die gebruik van taalvariasie en dialekte in skryfwerk as 'n fout en verkeerd beskou. Daarom word daar in hierdie studie van die standpunt uitgegaan dat die voorkoms van dialektiese merkers in formele skryfwerk eerder as dialek-inwerking of informalisering beskou moet word. Verder is dit ook interessant dat, gelyksoortig aan Saal en Lawrence (2019) se bevindings, Romothwala *et al.* (2021) empiries bewys het dat die Graad 8-leerders se skryfwerk ook tekens van informalisering toon. Volgens Romothwala *et al.* (2021) het hierdie leerders van dialekvorme in hul skryfwerk gebruik gemaak en hulle het ook die woorde gespel soos hulle dit uitspreek. In hierdie studie word dié aspek in leerders se opstelle ondersoek, sowel as ander linguistiese aspekte van Kaaps soos grammatiese en leksikale variasie aangesien hierdie studie binne die variasietaalkunde geïntegreer is.

Teenstrydig met die bostaande navorsing wat bewyse uitbeeld van leerders se gebruik van dialekte in hul skryfwerk is Cooper (2018) se navorsing 'n aanduiding dat studente glo dat die Kaapse dialek nie aan die nodige vereistes vir gebruik in skole voldoen nie. Volgens die studente wat aan sy studie deelgeneem het, word die gebruik van Kaaps as verbode vir skoolassesseringstake beskou. Dit suggereer enersyds dat studente bewus is daarvan dat sekere variëteite van Afrikaans in sekere kontekste geskik en gepas is. Dit staan egter in kontras met wat reeds deur Saal en Lawrence (2019) en Romothwala *et al.* (2021) bevind is want alhoewel studente glo dat hulle nie van dialekte in hul opstelle en skooltake gebruik kan maak nie, vind die toename in die gebruik van dialekte steeds neerslag in die studente se opstelle. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat leerders dalk nie bevoeg is om die skeidslyn te kan trek tussen hul dialek-vorm en Standaardafrikaans nie want die dialek wat hulle gebruik, kom so dikwels voor dat hulle dink die woorde vorm eintlik deel van die standaard. Dit skep ruimte om uit te vind wat leerders en onderwysers oor die gebruik van dialekte in formele skryfwerk dink.

Alhoewel studies aandui dat leerders van dialekvorme in hul skryfwerk gebruik maak, word hierdie leerders in die konteks van die formele skool benadeel. Klaarblyklik is leerders wel daarvan bewus dat hulle gepenaliseer sal word indien hulle Kaaps en ander variëteite in hulle formele skryfwerk gebruik.

2.6 Samevatting

Hierdie hoofstuk het die relevante konsepte en bestaande navorsing onderliggend aan hierdie studie bespreek. Allereers is die tersaaklike teoretiese aspekte soos dialektologie, sosiolinguistiek, variasietaalkunde en taalverandering uiteengesit. Die bespreking van hierdie fasette wys ons op 'n organiese band waar taalverandering binne dié konseptuele aspekte bestudeer word. As hoofvertrekpunt is taalverandering breedvoerig uiteengesit en daar is op die verskillende prosesse van taalverandering gefokus. Terwyl grammatikalisering en veramerikaansing prominente posisies binne die taalveranderingsprosess beklee, is die soeklig uitsluitlik op informalisering geplaas. Vanweë hierdie studie se aanname dat die leerders se gebruik van dialekte in skryfwerk onder die invloed van informalisering plaasvind, is hierdie konsep en konjunktiwe konsepte vanuit 'n historiese oorsig bespreek. Daarbenewens, in 'n poging om 'n oorsig van literatuur te bied wat betekenisvol in die kontekstualisering van informalisering is, is die hantering van dialektiese verskeidenheid in die klaskamer

geaksentueer. Omdat informalisering as 'n stilistiese verskuiwing in die rigting van die spreektaal beskou word, is 'n bespreking van studies oor dialekte in skryfwerk verken.

Soos die literatuur voorstel, bestaan die volgende hoofstuk uit die metodologiese raamwerk vir hierdie studie.



Hoofstuk 3

Navorsingsontwerp en -metodologie

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk kom die navorsingsmetodologie en -prosesse van hierdie studie aan bod. Hierdie studie word hoofsaaklik onderlê deur 'n interpretivistiese paradigma en 'n positivistiese paradigma is gebruik, waarna 'n uiteensetting van die navorsingsparadigma en -ontwerp uiteengesit word. Uit hierdie uiteensetting vloei gedetailleerde beskrywings voort van die navorsingsmetodes wat onder meer die streekproefneming, data-insameling en data-ontleding insluit. Daarna word aandag aan die etiese oorwegings geskenk.

3.2 Navorsingsmetodologie

'n Navorsingsmetodologie is die prosedures wat in navorsing gebruik word om nuwe kennis te skep (Terre Blanche *et al.*, 2016: 561). Volgens Lombard (2016a: 6) bestaan 'n navorsingsmetodologie uit 'n navorsingsparadigma en -ontwerp, 'n steekproef, die metodes van data-insameling en die besluitneming van hoe data ontleed en interpreteer sal word. Al hierdie aspekte word in die loop van hierdie hoofstuk uiteengesit.

3.2.1 Navorsingsparadigma

Die basis van sosiaalwetenskaplike navorsing en ondersoek na sosiale realiteite word binne bepaalde navorsingsparadigmas gedoen. 'n *Navorsingsparadigma* is 'n raamwerk of model vir waarneming en begrip wat 'n invloed het op dit wat ons sien en hoe ons dit verstaan (Babbie, 2021). Volgens Lombard (2016a: 8) is 'n *paradigma* 'n perspektief waardeur navorsers fundamentele aannames en oortuigings oor die werklikheid aanspreek. Hieruit kan afgelei word dat paradigmas die wêreld uitbeeld soos mense dit sien en dat dit 'n rol speel in hoe die navorsers die werklikheid van sosiale gedrag uitbeeld.

Daar kan onderskei word tussen drie navorsingsparadigmas, naamlik positivisme, interpretivisme en konstruktivisme (Terre Blanche & Durrheim, 2014: 6). Die navorsingsparadigmas wat die grondslag van hierdie studie vorm, is beide die positivisme en (grootliks) interpretivisme. Alhoewel dit oënskynlik teenstrydig is, word die navorser se keuse

in hierdie verband gelei deur die vrae wat sy vra in 'n poging om die tersaaklike verskynsels te verstaan. Dit stem ooreen met die siening van Terre Blanche en Durrheim (2014) wat aanvoer dat dit moontlik is vir navorsers om meer as een paradigma te gebruik en daarmee te werk aangesien verskillende paradigmas gelyktydig bestaan. Soortgelyk hieraan redeneer Creswell en Plano Clark (2017) dat gemengde-metode-navorsingsbenaderings die gebruik van veelvuldige wêreldbeskouings en paradigmas aanmoedig. Die suggestie is dat 'n navorsingsparadigma dus gekies word op grond van die bruikbaarheid daarvan om relevante data te genereer om die vrae wat gevra word te beantwoord, en nie omdat die een beter as die ander een is nie.

Die onderskeidende kenmerke van 'n positivistiese en interpretivistiese paradigma staan in skrilte kontras met mekaar. Positivisme erken die werklikheid as staties sonder eksterne invloed; dus ontwikkel die navorser 'n objektiewe en losstaande sienswyse wanneer onveranderlike realiteite bestudeer word (Terre Blanche & Durrheim, 2014; Lombard, 2016a). 'n Interpretivistiese paradigma erken dat die werklikheid voortdurend aan die verander is weens die invloed van eksterne faktore. Sulke faktore sluit in onder meer interaksies wat sosiaal, histories, polities en ekonomies van aard is (Lombard, 2016a: 9). Lombard (2016a: 9) meld dat wanneer 'n navorser positivisties te werke gaan, gaan dit om die toetsing en verifikasie van die werklikheid sodat voorspellings gemaak kan word. Hierteenoor, binne interpretivisme, word die werklikheid eerder geken deur die verstaan en betekenis van menslike sosiale interaksies (Terre Blanche & Durrheim, 2014: 7).

Beide positivisme en interpretivisme vorm die grondslag van gemengde-metode-navorsing. Kwantitatiewe benaderings is gewortel in positivisme, terwyl kwalitatiewe benaderings in die interpretatiewe paradigma gewortel is (Cohen, Manion en Morrison, 2018). In hierdie studie word daar met twee stappe data gewerk. Daar word eerstens ondersoek ingestel na die voorkoms van dialekvorme in die stelwerk van Graad 10- Afrikaanssprekende leerders. Tweedens word die fokus geplaas op hoe onderwysers hierdie gebruik van dialekvorme in stelwerk hanteer. Ten einde hierdie realiteite te verstaan en te interpreteer, word 'n gemengde-metode-benadering in hierdie studie aangewend. In hierdie verband is positivisme geskik aangesien hierdie navorsing ten doel het om met objektiewe feite te werk. Hierdie objektiewe feite word gegiet in die vorm van die kwantitatiewe data wat uit die opstelle ingesamel word. Voorts is interpretivisme geskik omdat die sekondêre doelwit van hierdie navorsing is om die

betekenisse te soek wat mense aan feite heg. Meer spesifiek sal die subjektiewe ervarings van opvoeders ten opsigte van informalisering binne interpretivisme verreken word.

'n Volgende belangrike oorweging is die feit dat die variasietaalkunde en sosiolinguistiek (wat die taalkundig-teoretiese raamwerke vorm en waarvolgens die data van hierdie studie geïnterpreteer word) in die interpretivistiese paradigma gewortel is. Luidens Nieuwenhuis (2016a: 67) erken interpretatiewe navorsers dat die werklikheid slegs deur sosiale konstruksies soos taal en gedeelde betekenisse toeganklik is. Taal as sosiale konstruksie word binne die sosiolinguistiek bestudeer. Labov (2006) voer aan dat die sosiolinguistiek data van 'n spraakgemeenskap gebruik om linguistiese probleme op te los. Jansen (2016: 23) meld in die lig hiervan dat wanneer menslike gedrag bestudeer en interpreteer word, is die sosiale konteks, norme en standaarde van individue belangrike komponente. Vanweë hierdie studie se ondersoek na die impak van informalisering op Graad 10- Afrikaanssprekende leerders se opstelle was dit beslis ook nuttig om ondersoek in te stel en erkenning te gee aan die Afrikaansonderwysers se hantering van dit wat ondersoek word, naamlik die voorkoms van dialekvorme in leerders se skryfwerk.

Die navorsingsbenadering wat op bogenoemde navorsingsparadigma gebaseer is, word vervolgens bespreek.

3.2.2 Navorsingsbenadering

Volgens Mouton (2001: 55) is 'n navorsingsontwerp of -benadering 'n bouplan van hoe 'n navorser beoog om die navorsingsprobleem uit te voer. Hartell en Bosman (2016: 35) noem dat die navorsingsprobleem en -vrae bepalende faktore van die navorsingsontwerp of -benadering is wat daartoe lei dat die navorsingsmetodologie uiteengesit word. Die navorsingsontwerp verseker dat 'n studie 'n bepaalde doel vervul (Durrheim, 2014: 34). Daarom word daar in 'n navorsingsontwerp of -benadering aanduiding gegee van die tersaaklike “teorieë, metodes, bronne en instrumente” wat in die studie gebruik kan word (Hartell & Bosman, 2016: 33). Mouton (2001: 56) beklemtoon dat die navorsingsontwerp of -benadering op die tipe studie wat onderneem word en die verwagte resultate toegespits is – dus is die fokus grootliks op die eindproduk. Daar is drie navorsingsontwerpe of -benaderings wat dikwels vir navorsing gebruik word, naamlik kwalitatiewe, kwantitatiewe en gemengde-metode-benaderings (Mouton 2001: 56).

Navorsing vind gewoonlik op twee spesifieke maniere plaas, naamlik op 'n kwantitatiewe of kwalitatiewe wyse. Eersgenoemde word volgens Durrheim (2014: 47) beskryf as data wat in die vorm van getalle versamel word en waarvoor statistiese tipes data-analise gebruik word, terwyl die laasgenoemde poog om 'n in-diepte begrip te gee van wat mense ervaar en 'n gegewe navorsingsprobleem of onderwerp vanuit die perspektiewe van die plaaslike bevolking te verstaan (Louw & Louw, 2009; Mack, Woodson, MacQueen, Guest en Namely, 2005). Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat die hoofverskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe data in sosiale navorsing die verskil tussen numeriese en nie-numeriese data is.

Hierdie studie vind dit funksioneel om beide benaderings toe te pas omdat hierdie navorsing eerstens kwantitatief benader word om die invloed van gesproke dialekvorme op die geformaliseerde stelwerk van leerders te verken. Daarna word beide kwantitatiewe en kwalitatiewe ontledings van onderwysers se hantering van taalvariasie in stelwerk gedoen. Die literatuur beeld die aanwending van beide hierdie metodes as 'n gemengde-metode-benadering uit – wat vervolgens bespreek word.

3.2.2.1 Gemengde-metode-benadering

Die *gemengde-metode-benadering* hou in dat beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data geïntegreerd gebruik word. 'n Gemengde-metode-benadering het volgens Nel en Jordaan (2016: 378) ten doel om kwantitatiewe en kwalitatiewe data te kombineer sodat dit 'n diepgaande begrip van die navorsingsprobleem bied. Sodoende word die geldigheid van die navorsingsresultate versterk.

Die gebruik van 'n gemengde-metode-benadering is daarom geskik vir hierdie navorsing omdat beide kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes gebruik word om data in te samel en te analiseer. Kwantitatiewe metings word gemaak aangaande die gebruik van dialekvorme in opstelle en die vraelys wat onderwysers se hantering van dialekvorme in skryfwerk uitbeeld. Die onderwysers beantwoord Likert-skaal-tipe vrae wat vereis dat hulle by die daaropvolgende vrae op hulle menings oor die onderwerp uitbrei. Sodoende is daar 'n kwalitatiewe metode ingespan om dieperliggende kennis te verkry van die redes hoekom die onderwysers dialekvorme op 'n sekere wyse hanteer.

Die aanwending van 'n gemengde-metode-navorsingsbenadering is voordelig as gevolg van die voordele van beide kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsing wat vir die tekortkominge van die ander kompenseer. Creswell en Plano Clark (2017) verbind kwantitatiewe navorsing met die volgende tekortkominge waarvoor kwalitatiewe navorsing vergoed:

- Dit val plat in die begrip van die konteks waarin mense leef.
- Deelnemers se stemme word nie direk gehoor nie.
- Navorsers bespreek selde hul persoonlike vooroordele en interpretasies.

Hierteenoor word kwalitatiewe navorsing volgens Creswell en Plano Clark (2017) met die volgende tekortkominge geassosieer, waarvoor kwantitatiewe navorsing kompenseer:

- Die navorser is geneig om persoonlike interpretasies te maak.
- As gevolg van die klein steekproefgrootte is dit uitdagend om die bevindinge op 'n groot populasie te veralgemeen.

Dit is duidelik uit bostaande dat om beide kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings te integreer, word meer toereikende antwoorde op die navorsingsvrae verskaf. Creswell en Plano Clark (2017: 55) verduidelik dat met die gebruik van 'n gemengde-metode-benadering kan die navorser van data-insamelingsinstrumente gebruik maak wat met beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing geassosieer word. Die instrumente wat in hierdie studie aangewend word, sluit in 'n korpus van opstelle sowel as 'n elektroniese vraelys wat deur onderwysers voltooi is. 'n Verduideliking van hierdie instrumente en die rede vir die aanwending daarvan sal in hierdie hoofstuk (sien 3.4.3) uiteengesit word.

3.3 Navorsingsmetodes

Die navorsingsmetode is volgens die navorser die uitvoer van die navorsingsontwerp. Volgens Hartell en Bosman (2016: 38) fokus die navorsingsmetode hoofsaaklik op die prosesse en prosedures wat gedurende 'n navorsingsondersoek gevolg is. As gevolg hiervan het die navorsingsmetode ten doel om 'n breedvoerige verduideliking te verskaf van die take verbonde aan die navorsingsproses, naamlik die steekproefneming, data-insameling en data-ontleding.

3.3.1 Gevallestudie

Hierdie navorsing maak gebruik van 'n gevallestudie as navorsingsmetode.

Gevallestudies word gebruik wanneer 'n navorser 'n fenomeen wil ondersoek en daarom 'n relevante geval of gevalle identifiseer (Joubert, 2016: 135). In hierdie verband beskryf Joubert (2016: 133) 'n *gevallestudie* as “'n sistematiese en indiepte-ondersoek en beskrywing deur 'n navorser van 'n spesifieke geval in die spesifieke konteks daarvan”. Insgelyks noem Brink (2006: 110) dat 'n *gevallestudie* beduidende beskrywende en verklarende inligting oor 'n verskynsel verskaf en dus die *wat* en *hoekom* bestudeer. Die gebruik van 'n gevallestudie vir hierdie studie is funksioneel omdat die ondersoek op taalvariasie in die klaskamer fokus en óók word Kaapssprekende leerders by 'n skool op die Kaapse Vlakte as ondersoekgroep gebruik.

'n Gevallestudie as navorsingsmetode word dikwels met 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering verbind (Mouton, 2001: 149). Starman (2013) daag hierdie siening uit en noem dat alhoewel kwalitatiewe metodes nou aan gevallestudies gekoppel is, kan 'n geval ook kwantitatief bestudeer word. Daarom kan die gebruik van gevallestudies soms vereis dat 'n gemengde-metode-benadering gebruik word om data in te samel en te analiseer. Instrumente wat hiervoor gebruik kan word, sluit onder meer vraelyste, onderhoud, observasie en geskrewe verslae van deelnemers in (Brink, 2006: 110). In hierdie studie is vraelyste en geskrewe opstelle as noodsaaklike bronne van data-insameling gebruik om 'n in-diepte verduideliking oor informalisering in skryfwerk en die hantering daarvan te verskaf.

3.3.2 Steekproefneming

Volgens Durrheim en Painter (2014:133) word *populasie* gedefinieer as die groter poel waaruit 'n navorser se steekproefelemente getrek word en waarmee die bevindings veralgemeen kan word. In die konteks van die variasietaalkunde en sociolinguistiek word daar na hierdie “groter poel” as 'n taalgemeenskap verwys. 'n *Taalgemeenskap* verwys na 'n bepaalde groep sprekers wat van soortgelyke kommunikatiewe taalkodes gebruik maak en het ook geografiese en sosiale norme in gemeen (Du Plessis, 1988: 38). Die taalgemeenskap wat hierdie studie verteenwoordig, is Afrikaanssprekende leerders en onderwysers. Aangesien hierdie sociolinguistiese ondersoek op die bestudering van een variëteit van Afrikaans, naamlik Kaapse Afrikaans, gesentreer is, is dit onmoontlik om alle Kaapssprekendes te betrek. In hierdie

verband beklemtoon Van Rensburg (1983:22) en Otto (2017:367) dat vir sosiolinguistiese variasie-ondersoeke moet 'n taalgemeenskap afgebaken word. Dit beteken dat die seleksie van deelnemers dus vernou moet word en slegs 'n steekproef oftewel ondersoekgroep geselekteer moet word.

'n *Steekproef* is 'n geselekteerde groep wat 'n sekere populasie verteenwoordig (Poggenpoel, 1983; Joubert, Hartell en Lombard, 2016b). Volgens Durrheim (2014: 49) is verteenwoordiging die kern van 'n steekproef. Dit wil sê dat die steekproef die taalgemeenskap moet verteenwoordig. Die proses van steekproefneming behels dus eerstens om besluite te maak oor watter mense, houdings en agtergronde waargeneem sal word en tweedens behels dit om 'n besluit te maak oor die steekproefmetode (Durrheim, 2014: 49; Lombard, 2016b: 95). Bordons en Abbott (2017: 165) onderskei tussen twee steekproefmetodes, naamlik: waarskynlikheidsteekproefneming en nie-waarskynlikheidsteekproefneming. Eersgenoemde het betrekking op wanneer alle persone in die populasie 'n gelyke kans het om vir die steekproef gekies te word, terwyl laasgenoemde nie alle persone in die populasie 'n gelyke kans bied om vir die steekproef gekies te word nie.

Doelgerigte steekproefneming is in hierdie studie aangewend omdat sulke steekproefneming nie net afhang van deelnemers se beskikbaarheid en gewilligheid om deel te neem nie, maar ook omdat dit gevalle is wat tipies van die populasie is (Durrheim & Painter, 2016: 139). Doelgerigte steekproefneming staan ook soms as “kriteria-gerigte” steekproefneming bekend omdat die navorser 'n doelbewuste keuse oor 'n deelnemer maak as gevolg van die eienskappe waarvoor die deelnemer beskik (Etikan *et al.*, 2016:2; Lombard, 2016b:104). Hierdie is 'n vorm van nie-waarskynlikheidsteekproefneming wat in wese beteken dat steekproefneming nie lukraak is nie (Durrheim & Painter, 2014: 139).

Die leerders en onderwysers wat deel van die ondersoekgroep vorm, is volgens die volgende kriteria geselekteer:

- Die leerders is almal Graad 10- Afrikaans Huistaalleerders aan die Hoërskool Lavender Hill.
- Die onderwysers is almal Afrikaans Huistaalonderwysers aan die Hoërskool Lavender Hill.

Doelgerigte steekproefneming was 'n handige metode om die steekproef vir hierdie studie te kies aangesien die steekproefneming met 'n spesifieke doel gedoen is: die verkryging van inligting by diegene wat daaglik Kaaps praat (en veral skryf) en onderwysers wat dit binne klassituasies moet hanteer. Dit is juis hoekom die kriteria op leerders én onderwysers gesentreer is. In hierdie studie word die taalgemeenskap met die bostaande kriteria afgebaken tot slegs 28 Graad 10- Afrikaanssprekende leerders aan Hoërskool Lavender Hill en twee Afrikaanssprekende onderwysers aan dieselfde skool. Dit is egter noemenswaardig dat geografiese nabyheid 'n belangrike rol in die seleksiekriteria van die deelnemers gespeel het – vandaar die keuse van Hoërskool Lavender Hill.

3.3.2.1 Die leerders

Ten einde die primêre doel van hierdie studie te bereik, is die steekproef tot een Graad 10-klas Afrikaanssprekende leerders aan Hoërskool Lavender Hill afgebaken. Slegs een klas is gekies omdat hierdie studie nie vergelykend van aard is nie, maar eerder 'n verkennende studie is waarin 'n groep leerders se gebruik van Kaaps in opstelle ondersoek word. Die primêre aanname vir die keuse van Graad 10-leerders as hierdie studie se ondersoekgroep is dat hulle 'n nuwe fase van hulle skoolloopbaan binnegaan, naamlik die Verdere Opleiding en Onderrigfase (VOO-fase). Dit is op hierdie onderrigvlak waar daar meer klem op die “onderrig van lees- en skryfvaardighede” gelê word (DvBO, 2011: 8). Derhalwe is dit gepas dat die korpus van hierdie studie uit die opstelle van Graad 10-leerders bestaan.

3.3.2.2 Die Afrikaansonderwysers

Die ondersoek na Afrikaansonderwysers se hantering van taalvariasie in skryfwerk is 'n sekondêre doel vir hierdie studie. Die keuse van Afrikaans Huistaal-onderwysers teenoor onderwysers wat ander vakke in Afrikaans aanbied, speel 'n groot rol in hierdie studie. Afrikaansonderwysers onderrig die taal met sy reëls en konvensies en die ondersoek na hoe hulle dialekvorme in formele skryfwerk hanteer, sal waarde toevoeg tot navorsing oor die hantering van taalverskeidenheid in die klaskamer.

Die twee Afrikaansonderwysers wat aan hierdie studie deelgeneem het, is van dieselfde skool as die leerders, naamlik Hoërskool Lavender Hill. Dit is volgens die navorser gepas dat die leerders en Afrikaansonderwysers van dieselfde skool is want die elektroniese vraelys is op so

'n manier saamgestel dat data uit die opstelle as voorbeelde vir die vrae gebruik is. Dit wil sê dat hierdie onderwysers nie vervreemd is van die voorbeelde in die vraelys nie en dat hulle wel met dialekvorme gekonfronteer is wat hulle in leerders se opstelle vind.

Die manier hoe hierdie studie se data deur die leerders en onderwysers ingesamel is, word vervolgens uiteengesit.

3.4 Data-insamelingsproses

In 'n poging om 'n studie se navorsingsvrae te beantwoord, moet navorsers data insamel. Volgens Durrheim (2014:51) is data die basiese materiaal waarmee navorsers werk. Dit wil sê dat as 'n navorser hierdie materiaal wil insamel, moet daar sekere prosesse wees wat die navorser moet volg (Fuller, Ekstrand, Junge, Anderson, Bhar & Dvorak, 2006). Luidens Hartell en Bosman (2016: 39) gee die data-insamelingsproses uiting aan hoe navorsers die data vir 'n studie insamel.

Die doel van die variasietaalkunde en sosiolinguistiek is om linguistiese data in te samel wat verteenwoordigend is van taal soos dit in die natuurlikste manier voorkom. Dit is daarom belangrik om variasietaalkundig en sosiolinguisties te werke te gaan om die nodige data van respondente te verkry aangesien die verskynsel van informalisering in hierdie studie sentraal staan. Om die doelstellings van hierdie studie te bereik is daar met twee stappe data gewerk: die primêre datastel is die opstelle wat deur Graad 10- Afrikaanssprekende leerders voltooi is en die sekondêre datastel is afkomstig van 'n elektroniese vraelys wat onderwysers ingevul het. Die aanname is dat die leerderopstelle, wat die korpus vorm, taalgebruik in 'n natuurlike vorm verteenwoordig. Sulke data-insamelingsprosesse hou verband met 'n interpretivistiese paradigma waarbinne studies in natuurlike kontekste uitgevoer word.

Vervolgens word die data-insamelingsinstrumente wat gebruik is en die rasionaal vir die gebruik daarvan bespreek.

3.4.1 Data-insamelingsinstrumente

Soos voorheen vermeld (sien 3.2.2.1), gegewe die aard van hierdie studie, is 'n gemengde-data-insamelingsbenadering as toepaslik geag, aangesien hierdie studie beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data integreer.

Kwantitatiewe navorsing is sistematies en objektief en gebruik numeriese data om die steekproef se bevindinge te veralgemeen (Maree & Pietersen, 2016). Wanneer data kategoriees of op 'n skaal aangeteken word, word dit as kwantitatief beskou (Kumar, 2011: 138). Byvoorbeeld, deur die gebruik van 'n kwantitatiewe benadering om onderwysers se hantering van taalvariasie in stelwerk te bestudeer kan opvoeders op 'n Likert-skaal aandui hoe hulle oor taalvariasie voel, of daar kan getel word hoeveel keer verskillende opvoeders dieselfde gradering gegee het. As gevolg hiervan sal die data in die vorm van getalle wees wat met beskikbare beskrywende statistiek wiskundig gemanipuleer en ontleed kan word (Bordens & Abbott, 2018: 240).

Aan die ander kant bestaan kwalitatiewe data-insameling uit geskrewe verslae van waargenome gedrag wat kwalitatief ontleed word, dus word geen getalle op graderingskale gegenereer nie (Bordens & Abbott, 2018: 240). Wanneer data in beskrywende of narratiewe formaat versamel en opgeneem word, word dit 'n kwalitatiewe metode (Kumar, 2011: 138). Die onderwysers se beskrywende antwoorde op die oop vrae in die vraelys is kwalitatief van aard. Volgens Bordens en Abbott (2018) sal beskrywende statistiek in so 'n geval nie in die data-ontledingsproses van toepassing wees nie.

Alhoewel kwantitatiewe en kwalitatiewe data in hierdie studie kombineer word, is die hoofinstrument wat gebruik word kwantitatief van aard.

3.4.2 Vraelys as data-insamelingsinstrument

Vraelyste dien as die data-insamelingsinstrument vir hierdie navorsing. 'n Vraelys is een van die mees algemene kwantitatiewe data-insamelingsinstrumente binne die sosiale wetenskappe.

Kanjee (2014: 484) noem dat 'n vraelys uit 'n stel geskrewe vrae bestaan wat gebruik word om inligting van respondente in te samel. In hierdie verband meld Roopa en Rani (2012: 273) dat

respondente die vrae voltooi om hul sienswyses en menings te gee. Hierdie menings en sienswyses word dan opsommenderwys aan die hand van frekwensie en ander kwantitatiewe analitiese metodes gestel (Grosser, 2016: 292-293).

Omdat die doel van hierdie studie tweërlei is en met twee stappe data gewerk word, is twee vraelyste gebruik om data in te samel. Die eerste doel van hierdie studie is om 'n variasietaalkundige analise van 'n Graad 10-klas te opstelle te doen. Aangesien 'n opstel nie blootweg as 'n data-insamelingsinstrument op sy eie kan funksioneer die opstel in hierdie studie as die antwoord op 'n spesifieke vraag. Volgens die DvBO se KABV-dokument vorm opstelle deel van die skriftelike eksamen wat ook as Vraestel 3 bekend staan (DvBo, 2011: 86). Vanweë hierdie gegewe is daar in hierdie studie besluit dat die opstel eintlik 'n produk van 'n vraelys is.

Aangaande die tweede doel, wat handel oor die verkryging van insig rakende onderwysers se omgaan met informalisering, is 'n elektroniese vraelys as navorsingsinstrument aangewend. Google Form is 'n geskikte sagtewareprogram om vraelyste te skep en te sirkuleer. Die vraelys is per e-pos aan die respondente gestuur waar hulle dit aanlyn kon voltooi. Volgens Grosser (2016: 295) is die gebruik van 'n elektroniese vraelys enersyds voordelig aangesien data-insameling wydverspreid kan wees, en die data is dadelik verkrygbaar vir analise. Andersyds kan hierdie tipe vraelyste 'n probleem wees in gevalle waar respondente nie toegang tot rekenaars en die internet het nie (Grosser, 2016: 295).

Vraelyste word geskep met 'n doel wat met die doelwitte van die navorsing verband hou en dit moet van die begin af duidelik wees hoe die bevindinge gebruik sal word (Roopa & Rani, 2012: 273). Daarom moet die vrae in die vraelys weldeurdag wees. Vrae kan in twee hoofkategorieë verdeel word, naamlik oop (ongestruktureerde) en geslote (gestruktureerde) vrae (Maree & Pietersen, 2016: 202). Kanjee (2014: 486-487) verduidelik as volg: Oop vrae laat respondente toe om hul ervarings of opinies oor 'n spesifieke kwessie in hul eie woorde te kommunikeer, terwyl geslote vrae dit nie toelaat nie, maar eerder respondente dwing om een of meer keuses te kies uit 'n vaste lys vrae wat verskaf word.

Die gebruik van oop vrae is voordelig omdat die verkrygte inligting meer volledig en akkuraat kan wees as wat die geval met geslote vrae sou wees (Bordens & Abbott, 2018: 268). Cohen *et al.* (2018: 475) wys daarop dat oop vrae die egtheid, rykdom, eerlikheid, en diepte van

reaksies kan vergestalt. Die nadele van oop vrae daarenteen hou in dat verskeie antwoorde op 'n vraag kan veroorsaak dat die opsomming van die data problematies is (Bordens & Abbott, 2018: 268; Cohen *et al.*, 2018: 475). Hierdie antwoorde moet dan geïnterpreteer word, maar dit kan tot die verkeerde interpretasie van antwoorde lei. Insgelyks kan oop vrae daartoe lei dat respondente die vraag verkeerd interpreteer en 'n antwoord verskaf wat links of regs van die kol is. Grosser (2016: 296) noem dat die ontleding van oop vrae tydrowend is aangesien die antwoord in narratiewe formaat voorkom.

Die voordele van geslote vrae is dat die data maklik is om te vergelyk en te ontleed (Kanjee, 2016: 487). Antwoordkategorieë word verskaf wat respondente in staat stel om die vrae vinnig en maklik te beantwoord (Cohen *et al.*, 2018: 746). Grosser (2016: 296) wys daarop dat sulke vrae nadele inhou veral weens die beperkte vrae, wat kan beteken dat 'n respondent 'n antwoord kies wat nie werklik 'n weerspieëling van sy of haar werklike opinie is nie. Dit mag ook wees dat die antwoord wat 'n respondent wil kies nie in die lys voorkom nie (Maree & Pietersen, 2016: 205).

Die vraelyste in hierdie studie bestaan uit beide hierdie vraagtipes. Die vraelys wat aan die leerders verskaf is, bestaan uit een lang vraag wat oop is. Daarbenewens is 'n elektroniese vraelys met oop en geslote vrae aan die onderwys per e-pos gestuur.

3.4.3 Verduideliking van die vraelysontwerp

'n Beskrywing van die vraelyste wat in hierdie studie aangewend word, word vervolgens bespreek.

Die leerder-vraelys

Die volgende vraag is aan die leerders gestel:

Skryf 'n opstel van 300-350 woorde waarin jy vir my oor jouself vertel. Sluit dinge in soos: wie jy is, waar jy grootgeword het, jou talente, jou familie, en wat jy eendag wil wees as jy groot word.

Hierdie opstelvraag is daarop gemik om die invloed van die gebruik van dialekvorme in die skryfwerk van Graad 10- Afrikaanssprekende leerders vas te stel. Dit is van uiterste belang om te noem dat alhoewel dit 'n oop vraag is en sodoende outomaties 'n kwalitatiewe metode word,

gaan dit nie vir die navorser om die inhoud van die vraag nie. Dit gaan egter vir die navorser daarvoor om die dialekvorme wat gekwantifiseer kan word. Met ander woorde, die keuse van die vraag is net vir beheerdoeleindes, maar het eerder ten doel om 'n ryke beskrywing te verskaf, wat moontlik 'n verskeidenheid dialekvorme kan insluit sodat 'n kwantitatiewe analise gemaak kan word. Om hierdie rede is die opstelle kwantitatief met korpuslinguistiese metodes geanaliseer.

Die aantal woorde wat die leerders moes skryf, stem ooreen met die vereistes van die KABV-dokument (DvBO, 2011). 'n Klas van ±40 studente wat 300-350 woorde in hul opstelle skryf, bied 'n gepaste hoeveelheid aantal woorde vir die handmatige korpusanalise.

Die elektroniese vraelys

Hierdie vraelys is daarop gemik om vas te stel hoe onderwysers die gebruik van dialekvorme in stelwerk hanteer en die redes wat hulle vir hulle keuses aanbied.

Die eerste gedeelte van die vraelys bestaan uit vyf geslote vrae wat biografiese vrae is. Biografiese veranderlikes sluit in: ouderdom, geslag, kwalifikasie, huistaal, beroep, etniese groep, sosiale klas en woonplek. Maree en Pietersen (2016: 206) noem dat biografiese vrae belangrik is aangesien dit gebruik kan word om verwantskappe te ondersoek tussen ander veranderlikes wat bestudeer word. Die volgende biografiese vrae is aan die onderwysers gestel:

| 1. Biografiese inligting | |
|--------------------------|---|
| 1.1 | Wat is jou geslag? <input type="radio"/> Manlik <input type="radio"/> Vroulik <input type="radio"/> Ander |
| 1.2 | Hoe oud is jy? <input type="radio"/> 20-30 <input type="radio"/> 31-40 <input type="radio"/> 41-50 <input type="radio"/> 51-60 <input type="radio"/> 60+ |

| | |
|-----|---|
| 1.3 | <p>Wat beskou jy as jou eerste taal?</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="radio"/> Afrikaans <input type="radio"/> Engels <input type="radio"/> Ndebele <input type="radio"/> Noord-Sotho <input type="radio"/> Sotho <input type="radio"/> Swazi <input type="radio"/> Tsonga <input type="radio"/> Tswana <input type="radio"/> Venda <input type="radio"/> Xhosa <input type="radio"/> Zoeloe <input type="radio"/> Ander |
| 1.4 | <p>Wat beskou jy as jou tweede taal?</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="radio"/> Afrikaans <input type="radio"/> Engels <input type="radio"/> Ndebele <input type="radio"/> Noord-Sotho <input type="radio"/> Sotho <input type="radio"/> Swazi <input type="radio"/> Tsonga <input type="radio"/> Tswana <input type="radio"/> Venda <input type="radio"/> Xhosa <input type="radio"/> Zoeloe <input type="radio"/> Ander |
| 1.5 | <p>Wat is jou hoogste kwalifikasie?</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="radio"/> Sertifikaat <input type="radio"/> Diploma <input type="radio"/> BA- / BEd-graad <input type="radio"/> Honneursgraad |

| | |
|--|--|
| | <input type="radio"/> Meestersgraad <input type="radio"/> Doktorsgraad <input type="radio"/> Ander |
|--|--|

Die geslote vrae in die vraelys hierbo word gebruik vir die profilering van opvoeders en is vir kwantitatiewe doeleindes gebruik. Voorts word hierdie response gebruik om te sien of daar 'n verband tussen die onderwyser se profiel en die kwalitatiewe gedeelte van die elektroniese vraelys is.

Voorts fokus die tweede gedeelte van hierdie vraelys op die hantering van dialekvorme in skryfwerk. Hierdie gedeelte bestaan uit 10 items.

| 2. Hantering van Kaaps in stelwerk | |
|------------------------------------|---|
| 2.1 | Op die oomblik, watter vlak van Afrikaans onderrig jy? <input type="radio"/> Huistaal <input type="radio"/> Eerste Addisionele Taal <input type="radio"/> Tweede Addisionele Taal |
| 2.2 | Op die oomblik, watter graad onderrig jy Afrikaans? Noem al die grade wat jy onderrig. |
| 2.3 | Hoe voel jy oor die gebruik van die woord "kla" in die volgende sin?: "ek wil eeste college kla maak ..." <div style="text-align: center;"> 1 2 3 4 5 Heeltemal onaanvaarbaar <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> Heeltemal aanvaarbaar </div> |
| 2.4 | Verduidelik kortliks hoekom. |
| 2.5 | Hoe voel jy oor die gebruik van die woord "uitgedrop" in die volgende sin?: "... maar hulle het skool uitgedrop ..." <div style="text-align: center;"> 1 2 3 4 5 Heeltemal onaanvaarbaar <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> Heeltemal aanvaarbaar </div> |
| 2.6 | Verduidelik kortliks hoekom. |


| | |
|------|---|
| 2.7 | Hoe voel jy oor die gebruik van die woorde "fit" en "fire fighter"?: "ek moet fit wees en omdat ek 'n fire fighter wil wees." <div style="text-align: center;">1 2 3 4 5</div> Heeltemal onaanvaarbaar <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> Heeltemal aanvaarbaar |
| 2.8 | Verduidelik kortliks hoekom. |
| 2.9 | Hoe voel jy oor die gebruik van die woord "entjies"?: "Ek roek net entjies ..." <div style="text-align: center;">1 2 3 4 5</div> Heeltemal onaanvaarbaar <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> <input type="radio"/> Heeltemal aanvaarbaar |
| 2.10 | Verduidelik kortliks hoekom. |

- Items 2.1, 2.3, 2.5, 2.7 en 2.9 is geslote vrae en is dus kwantifiseerbaar.
- Item 2.2 is 'n oop vraag en meet die graad wat die onderwyser tans onderrig.
- Item 2.3 meet onderwysers se hantering/houding teenoor fonologiese merkers in stelwerk.
- Item 2.5 meet onderwysers se hantering/houding teenoor morfologiese merkers in stelwerk.
- Item 2.7 meet onderwysers se hantering/houding teenoor sintaktiese merkers in stelwerk.
- Item 2.9 meet onderwysers se hantering/houding teenoor leksikale merkers in stelwerk.
- Items 2.4, 2.6, 2.8 en 2.10 vereis dat die onderwyser sy/haar mening gee oor die keuse van hul vorige antwoord op die Likert-skaal. Hierdie vrae is kwalitatief van aard aangesien onderwysers diepgaande beskrywings moet verskaf oor hoekom hulle daardie mate van (on)aanvaarbaarheid gekies het.

Items 2.3, 2.5, 2.7 en 2.9 word gebaseer op voorbeelde wat in leerders se Afrikaans-opstelle voorgekom het. Hierdie vrae is ook in Likert-skaal-formaat omdat die “intensiteit van respondente se menings/houdings wil bepaal” word (Grosser, 2016: 299).

3.4.4 Data-insamelingsmetodes

Die data wat in hierdie studie gebruik word, is verkry in 'n gemeenskap wat daagliks Kaaps praat. Dus is die teikenpopulasie Kaapssprekendes wat in die Wes-Kaap woon. Omdat die Kaapse Skiereiland geografies gesproke groot is, is dit nodig om die ondervraagde bevolking tot 'n sekere streek in die Kaap af te baken waar Kaaps wel gepraat word. Die gekose Kaapse Vlakte-streek vir hierdie studie is Lavender Hill wat in die suidelike gedeelte van die Kaap geleë is. Die navorser is bekend met hierdie streek en sy inwoners. Die keuse van hierdie streek komplementeer die kriteria wat die navorser gedurende doelgerigte steekproefneming gebruik het.



Figuur 1: Ligging van Lavender Hill

Soos reeds genoem, vorm Graad 10- Afrikaanssprekende leerders en Afrikaans Huistaal-onderwysers deel van die steekproef. Daarom was Hoërskool Lavender Hill die gepaste skool om by hierdie studie betrek te word. Die navorser het met Hoërskool Lavender Hill in November 2021 in verbinding getree deur middel van telefoonoproepe en e-pos om met die potensiële deelnemers in aanraking te kom. Sy het toestemming van die skoolhoof verkry om data by die skool in te samel, maar dit kon eers in Februarie 2022 plaasvind. Hierna het sy in verbinding getree met die Hoof van die Afrikaans-departement wat namens haar die reëlings vir haar besoeke aan die skool behartig het.

Nieuwenhuis (2016b: 91) konstateer dat die gevallestudiemetode data-insameling in natuurlike omgewings bevoordeel. Daarom het die navorser na die skool gegaan om data in te samel. In wese beteken dit dat sy na die skool gegaan het en die opstelvraag aan leerders gegee het en gewag het totdat hulle daarmee klaar was. Hierdie metode het verseker dat die data betroubaar en geldig is. 'n Paar maande later, nadat sy die opstelle getranskribeer en geanaliseer het, het sy terug na die skool toe gegaan om te verseker dat die onderwysers die elektroniese vraelyste ontvang.

Dit is belangrik om te noem dat beide die leerders en onderwysers bewus was dat hulle aan die kriteria voldoen en dat hulle deelname vrywillig is. Voordat die navorser die data-insamelingsproses begin het, het sy aan die leerders 'n inligtingsbrief verskaf en saam met hulle daardeur geles sodat hulle verstaan wat die navorsing behels. Voorts het elke leerder 'n toestemmingsbrief ontvang wat hulle moes teken as hulle aan die studie wou deelneem. Die leerders is bewus gemaak dat hulle op enige oomblik kon onttrek, sou hulle so voel.

Soos reeds genoem, het net een Graad 10-klas van Hoërskool Lavender Hill aan hierdie studie deelgeneem. Die aanname was dat die klas ongeveer 40 tot 45 leerders sal bevat, maar daardie klas het uit 'n totaal van 43 leerders bestaan. Van die 43 leerders wat in die Graad 10- Afrikaans Huistaal-klas is, was net 34 leerders daardie dag teenwoordig, maar dit is interessant dat net 28 leerders ingestem het om aan hierdie studie deel te neem.

Soos reeds gemeld, is die vraelyste die hoof-data-insamelingsinstrument van hierdie navorsing. Die vraag wat leerders moes beantwoord, is op die swartbord geskryf. Alle instruksies is ook op die swartbord geskryf. Volgens die DvBO (2011) se KABV-dokument is Graad 10-leerders veronderstel om twee ure te kry om Vraestel 3 te skryf en wiskundig gesien, moet leerders ongeveer 40 tot 50 minute aan 'n opstel spandeer sodat die ander tyd aan die transaksionele tekste bestee kon word. Die lestyd was 50 minute lank, so alles moes binne hierdie tyd gedoen word – die verduideliking van die inligtingsbrief en toestemmingsbrief en ook die skryf van die opstel.

Een van die uitdagings van die bostaande data-insamelingsmetode is dat daar te min tyd oor was vir die skryf van die opstel. Die tyd vir die skryf van die opstel was minder as die werklike 50 minute van die les. Dit was grootliks as gevolg van ontwrigting in die klaskamer, leerders wat laat ná hul pouse klas toe kom, geraasvlakke, die vra van vrae wat niks met die navorsing

te doen het nie, en ander probleme wat onderwysers gewoonlik ondervind wat uiteindelik 'n groot deel van die leystyd in beslag neem. Die navorser kon ook nie 'n ander tyd verseker om data in te samel by die skool nie en moes dus alles binne hierdie tydsraamwerk voltooi.

Leerders het hul opstelle op gereëlde bladsye geskryf en nadat die opstelle van die leerders ontvang is, het die navorser dit op 'n Word-dokument getranskribeer. Eers nadat die getranskribeerde opstelle volgens die variasievlakke geanaliseer is, was dit moontlik om haar vrae vir die onderwysers te formuleer. Die vraelys oor onderwysers se hantering van taalvariasie in stelwerk is deur middel van 'n Google-vorm saamgestel. Die gebruik van 'n sagtekopievræelys vir opvoeders het nie vereis dat die navorser fisies by die skool moes wees en wag vir die vraelys om voltooi te word nie. Die navorser het egter wel na die skool gegaan om dit aan die Hoof van die Afrikaans-departement te verduidelik wat op sy beurt aan sy kollegas moes verduidelik dat hulle die vraelys aanlyn moet invul. Weens tydsbeperkings en onderwyserbesikbaarheid is die Google-vraelys per e-pos na die vakhoof aangestuur en dan na die Afrikaansonderwysers versprei. Dit het die navorser en die opvoeders ook tyd gespaar omdat hulle besig is en almal nie gelyktydig beskikbaar is nie.

Die gebruik van 'n elektroniese vraelys het egter sy uitdagings want jy moet wag vir antwoorde om in te kom. As dit 'n harde kopie was, dan ontvang jy jou vraelys onmiddellik ná voltooiing. Nog 'n uitdaging van hierdie metode is dat jy nie bewus is van watter opvoeders besluit het om nie aan die studie deel te neem nie. Dit was duidelik uit die feit dat slegs twee opvoeders die vraelys voltooi het. Die teiken was om ongeveer ses tot sewe onderwysers wat Afrikaans Huistaal by Hoërskool Lavender Hill aanbied by die studie te betrek. Grosser (2016: 295) maan dat met die gebruik van elektroniese vraelyste is dit nie gewaarborg dat die studie se deelnemers wel die vraelys sal invul nie.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die gebruik van die twee stelle data mekaar komplementeer. Die vraelys wat onderwysers beantwoord het, is grootliks gebaseer op die data wat uit die leerderopstelle verkry is. Sodoende word 'n dieperliggende betekenis verkry oor die voorkoms en hantering van informalisering.

3.5 Data-ontleding

Die data-insamelingsfase vorm die empiriese basis van die data-ontledingsfase. Data-analise is 'n uiteensetting van wat die navorser met die data gaan doen as dit versamel is (Van Der Riet & Durrheim, 2014).

3.5.1 Analise van opstelle

Data wat uit die opstelle verkry is, is getranskribeer. Hierdie getranskribeerde opstelle vorm die korpus vir die korpusanalitiese ontleding. Daarbenewens word tipiese merkers van variasie in Kaaps, wat reeds in die werke van Hendricks (2016) en Saal en Lawrence (2019) geïdentifiseer is, vir 'n variasie-analise en interpretasie gebruik. Hierdie merkers sluit in onder meer fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale merkers. Die eerste navorsingsvraag dien as riglyn om die opstelle op hierdie manier te ontleed en te interpreteer.

3.5.1.1 *Korpusanalise*

Korpuslinguistiek is een van die vinnigste groeiende metodologieë in kontemporêre linguistiek (Gries, 2009). Korpuslinguistiek benader die studie van taalgebruik deur middel van korpusse (Biber, Conrad & Reppen, 1998; Bowker en Pearson, 2002; Bennett, 2010). 'n *Korpus*, soos Teubert (2005) en Bennett (2010) dit stel, is 'n groot, prinsipiële versameling van data van regte taal uit die diskoers wat elektronies gestoor word. Die korpus vir hierdie studie is deur die opstelle van die Graad 10-leerders gevorm. Korpora verskaf inligting soos frekwensie, register en hoe taal gebruik word (Bennett, 2010:5). Frekwensiewoordelyste is dus 'n hooftegniek van die korpuslinguistiek en dit is hoe dit sy bande op 'n kwantitatiewe wyse vorm met hierdie studie: om frekwensie van omgangsvorme in opstelle te belig. In hierdie verband noem Atar en Erden (2019) dat korpora gebruik word om objektiewe, kwantitatiewe en empiriese bewyse te verskaf.

Voorts, soos Van Rooy (2014) dit stel, is korpusse 'n “versameling masjienleesbare tekste” wat “met behulp van rekenaarprogramme ontleed” word. Bennett (2010: 15) noem dat korpusse in verskillende formate gestoor kan word, bv. in “text format (.txt), rich text format (.rtf), and/or web-based format (.html), or others depending on the concordancing program used to access texts”. Uit die aard van die definisie kan daar afgelei word dat 'n korpus elektronies gestoor word.

Korpuslinguistiek is 'n goed gevestigde studieveld in taalstudies. Hierdie metode word waardeer in linguistiese studieveld vanweë die voordele daarvan vir data-analise, maar dit het ook sy beperkings. Atar en Erden (2019) voer aan dat korpuslinguistiek voordelig is aangesien grootskaalse analise moontlik is; frekwensies en statistiese inligting 'n holistiese siening oor taalstrukture verskaf; en dit kan data oor sosiale faktore verskaf wat nuttig vir 'n sosiolinguistiese studie kan wees. Die nadele van hierdie analitiese metode is dat die analise hoofsaaklik kwantitatief is. Volgens Atar en Erden (2019) verskaf hierdie metode slegs inligting oor die frekwensie van 'n item, maar nie wanneer, waar of hoe dit gebruik word nie. Net so, omdat die analise grootskaals is, hou hierdie metode nie rekening met 'n individu se variasie in taalgebruik nie (Atar & Erden, 2019).

Die korpus van hierdie studie se formeel geskrewe opstelle bestaan uit 3 869 woorde. Soos reeds genoem, word 'n korpuslinguistiese metode gebruik vir die analise van die opstelle sodat omgangsvorme wat in die opstelle voorkom onder die vergrootglas geplaas kan word. Die frekwensie van dialekvorme is soos volg in rekening gebring:

$$\frac{\text{aantal gevalle van omgangsvorme}}{\text{totale aantal woorde in korpus}} \times 1\,000 = \text{aantal omgangsvorme per } 1\,000 \text{ woorde}$$

Aangesien hierdie studie se korpus klein is en uit minder woorde bestaan as wat verwag is, het dit die korpusanalise bemoeilik deur hierdie formule te gebruik. Om hierdie rede is die formule slegs gebruik wanneer dieselfde woord of dialekvorm meer as een keer gebruik is. In gevalle waar 'n dialekvorm slegs een keer in die opstel verskyn het, is die formule nie gebruik nie.

Soortgelyk aan Saal en Lawrence (2019) se studie word die frekwensieontledings van die korpus handmatig gedoen. Dit wil sê dat korpuslinguistiese sagtwareprogramme nie gebruik word nie. Tyd is 'n beperking in die handmatige analise, maar minder as die tyd wat dit sou neem om korpus-sagtwareprogramme in die hande te kry en te leer hoe om dit te gebruik.

3.5.1.2 *Variasie-analise*

'n Tabel is opgestel om elke dialektiese merker wat in opstelle voorkom te kategoriseer. Die vier kategorieë is hoofsaaklik dit wat fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale variasie uitbeeld. Die doel was om 'n voëlvlugperspektief oor informalisering in konteks te kry. Die data is dan volgens hierdie kategorieë ontleed en interpreteer. Die sosiolinguistiek

word ook tydens die variasie-analise betrek aangesien linguistiese data sosiaal interpreteer kan word. Die sosiale veranderlikes wat hier betrek word, is dié van ouderdom en beroep aangesien hierdie empiriese studie spesifiek Graad 10-leerders se moontlike gebruik van dialekvorme in hul opstelle wou ondersoek.

3.5.2 Analise van elektroniese vraelys

Die elektroniese vraelyste word ontleed deur gemengde metodes te gebruik. Die kwantitatiewe data is kategories en ordinaal ontleed. Grafieke is gebruik om die data op 'n duidelike manier aan te bied. Vir die kwalitatiewe deel van die vraelys is die data sosiolinguisties ontleed aan die hand van die sosiale veranderlikes (ouderdom en kwalifikasie) en word daar in-diepte beskrywings van die onderwysers se response gegee.

Dit is belangrik om te noem dat gedurende die data-ontledingsproses die identiteite van die deelnemers aan hierdie studie deurgaans beskerm is.

3.6 Etiese oorwegings

Die Universiteit van Wes-Kaapland het riglyne in plek vir die versekering van die navorsers se etiese optrede sodat die deelnemers van die navorsingsprojek beskerm word. Joubert *et al.* (2016: 40) wys daarop dat navorsing moet berus op “onderlinge respek, vertroue, beskerming, samewerking, beloftes en aanvaarde ooreenkomste en verwagtinge tussen al die partye wat aan die navorsingsprojek deelneem”.

3.6.1 Etiese klaring

Die navorser het aansoek gedoen vir etiese klaring van die Universiteit van Wes-Kaapland se Geesteswetenskaplike en Sosiale Wetenskaplike Navorsingsetiekkomitee om hierdie studie uit te voer. Op 12 Mei 2022 het die navorser terugvoer ontvang dat die Universiteit van Wes-Kaapland se Geesteswetenskaplike en Sosiale Wetenskaplike Navorsingsetiekkomitee die metodologie en die etiek van bogenoemde navorsingsprojek goedgekeur het (sien Bylaag A).

Die navorser moes voorts ook 'n brief aan die WKOD (sien Bylaag B) skryf en toestemming verkry om navorsing by Hoërskool Lavender Hill te doen.

3.6.2 Toestemming

Eerstens moes die navorser van die skoolhoof toestemming kry sodat sy navorsing by Hoërskool Lavender Hill kon doen. Hierdie reëlins is per e-pos en telefoonoproep getref.

Voorts moes die navorser 'n toestemmingsbrief formuleer vir die leerders (sien Bylaag C), hul ouers (sien Bylaag D) en die onderwysers (sien Bylaag E) wie almal in hierdie studie sou deelneem. Omdat die leerders minderjarig is, was dit belangrik om toestemming van hul ouers te verkry. Die toestemmingsbrief wat aan die leerders gegee is, is met eenvoudige woordgebruik en prentjies opgestel om dit so lesersvriendelik moontlik te maak.

Al hierdie potensiële respondente was op hierdie stadium in kennis gestel dat hul deelname vrywillig is en dat hulle enige tyd van die studie kan onttrek.

3.6.3 Anonimiteit

Beide groepe respondente is deur middel van die inligtingsvorm in kennis gestel dat hulle deelname aan die studie anoniem sal wees (sien Bylae F, G en H). In gevalle waar leerders hul name op die opstel-blad geskryf het, was hul name nie ingesluit nie, maar eerder in swart gekleur. Voorts was die voltooiing van die elektroniese vraelys bloot anoniem. Daar was geen opsie waar daar van die onderwysers verwag is om hulle name bekend te maak nie.

3.6.4 Uitdagings van die studie

Geen studie is sonder beperkings nie. Die volgende beperkings is ervaar tydens die data-insameling en analisemetode:

- Dit was moeilik om meer afsprake te kry om die skool te besoek, maar dit was waarskynlik te wyte aan onderwysers wat gewoonlik 'n besige skedule het.
- Alhoewel daar 34 leerders in die klaskamer teenwoordig was, het almal nie aan die studie deelgeneem nie.
- Tyd was 'n beperking terwyl leerders hul opstelle voltooi het. Indien meer tyd toegeken is, sou opstelle dalk langer gewees het wat die korpusanalise ryker kon maak.
- Die navorser het geen beheer gehad oor hoeveel onderwysers die vraelys sou invul en voltooi nie.

3.7 Samevatting

Hierdie hoofstuk het hoofsaaklik gefokus op die navorsingsmetodologie en -prosesse wat in hierdie projek gevolg is. Opsommenderwys is daar hoofsaaklik 'n interpretivistiese paradigma ingespan om begrip aan die werklike probleem te gee. Die navorsingsbenadering was 'n gemengde metode en 'n gevallestudie as navorsingsmetode is dikwels met 'n gemengde-metode-benadering verbind. Omdat die doel van hierdie studie tweeledig is, word daar met twee stalle data gewerk. Hierdie data is verkry van twee groepe respondente: Graad 10-leerders en Afrikaansonderwysers. Die data is deur middel van opstelle en 'n elektroniese vraelys by Hoërskool Lavender Hill ingesamel. Hierdie data is binne die raamwerk van die variasietaalkunde en die sosiolinguistiek ontleed. Korpuslinguistiese metodes is ook ingespan om die frekwensie van omgangsvorme in die korpus van formele skryfwerk te bepaal. Verskeie etiese oorwegings is in ag geneem om die anonimiteit van deelnemers te verseker.

In die volgende hoofstuk word die data van hierdie ondersoek aangebied en ontleed.



Hoofstuk 4

Aanbieding en ontleding van die data

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die ingesamelde data aangebied en ontleed. Die data-insamelingsproses is in twee fases uitgevoer om twee stappe data in te samel. Daarom sal die aanbieding en ontleding van die data na dié twee fases verwys.

Soos in Hoofstuk 3 genoem, is hierdie navorsing op 'n gevallestudie gebaseer en daarom is 'n gemengde-metode-benadering geskik vir die ontleding van die data. Daarom word daar allereers met die primêre datastel gewerk. Die korpus is eers ontleed aan die hand van fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale merkers. Dié merkers wat in die korpus voorgekom het, is voorts ook korpusanalities ontleed om die frekwensie van dialekvorme in skryfwerk te bepaal. Om dié rede is die data van die korpus kwantitatief ontleed omdat dit numeriese data is.

Die tweede data-insamelingsfase kom dan tweedens aan bod. Die elektroniese vraelys wat die onderwyser-respondente voltooi het, is deur middel van 'n gemengde-metode-benadering ontleed. Sommige van die vrae is kwantifiseerbaar terwyl ander vrae onmeetbaar is en kwalitatief ontleed moet word.

4.2 Ontleding van opstelle

4.2.1 Biografiese inligting

Hierdie studie is gegrond in variasietaalkunde sowel as sosiolinguistiek. Laasgenoemde bestaan uit sosiale veranderlikes wat tydens analitiese prosesse gebruik word. Om hierdie rede, gegewe die aard van die studie wat Graad 10-hoërskoolleerders ondersoek, word dit volgens die navorser belangrik dat ouderdom en opvoeding en beroep belangrike faktore is. Vanweë die deelnemerskeuringskriteria en die teoretiese benadering waarop hierdie studie gegrond is, is leerders gevra om hul ouderdom en geslag op hul opstelle se antwoordblad aan te dui.

Geslag is egter nie by hierdie sosiolinguistiese analise ingesluit nie aangesien 'n algemene neiging van informalisering die sentrale punt van die ondersoek is, maar die geslagsverwante inligting is interessant geag om in die studie in te sluit. Soos reeds vermeld (sien 3.3.2), het 28 leerders aan hierdie studie deelgeneem. Van hierdie 28 deelnemers is 57,1% vroulik en 42,9% manlik. Die ouderdomme wissel van 15 tot 17 jaar oud. Die 16-jariges is die oorgrote meerderheid, met 66,7% vroulike en 33,3% manlike deelnemers.

Hul opstelle is vervolgens variasietaalkundig ontleed.

4.2.2 Variasie-analise

Die variasietaalkunde is daarop gemik om die variasie te bestudeer wat binne tale voorkom. Alhoewel die literatuur meestal daarop wys dat variasie-analise op gesproke taal gebaseer is, word die narratief in hierdie navorsing aangepas deur die invloed te ondersoek wat die gesproke taal op die geskrewe taal het. Agt en twintig opstelle is van Graad 10-leerders ontvang en dan in terme van tipiese dialekmerkers van Kaaps ontleed.

Ten einde dit te doen, is die korpus eers variasietaalkundig ontleed aan die hand van fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale merkers. Hierdie merkers word verder in “merker-spesifieke” kenmerke gekategoriseer. Elkeen van die variasiemerkers met voorbeelde wat in die korpus verskyn het, word getabuleer.

4.2.2.1 *Fonologiese merkers*

Fonologiese merkers is 'n dominante kenmerk van Kaaps. Tabel 1 weerspieël uitspraakmerkers wat in die Graad 10-leerders se opstelle voorkom het.


Tabel 1: Voorbeelde van fonologiese merkers

| Fonologiese merker | Voorbeelde uit korpus |
|---|---|
| Verhoging van die ‘o’-klank: <i>loep</i> in plaas van <i>loop</i> ; <i>koep</i> in plaas van <i>koop</i> ; <i>oek</i> in plaas van <i>ook</i> ; <i>soes</i> in plaas van <i>soos</i> . | <ul style="list-style-type: none"> • “Ek <u>roek</u> net entjies ...” (rook) • “... is teen goed <u>soe</u> dit ...” (so) |

| | |
|--|--|
| <p>Vokale met 'n onvaste lengte: <i>lat</i> in plaas van <i>laat</i>; <i>gat</i> in plaas van <i>gaan</i>; <i>slat</i> in plaas van <i>slaan</i>.</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “Ek wil my ma en familie uit die lavender Hill uit hal...” (haal) |
| <p>Klanktoevoeging: <i>pampiere</i> in plaas van <i>papiere</i>, <i>lakent</i> in plaas van <i>laken</i></p> | <ul style="list-style-type: none"> • “Ek sal nogals lyks om ...” (nogal) • “... maar as hulle omberskof is ...” (onbeskof) • “... en omberskofte goed te doen.” (onbeskofte) • “Ek help die out mense ...” (ou) |
| <p>Klankweglating</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “Wanneer os groot is ...” (ons) • “... as almal anvaar dat almal ...” (aanvaar) • “... doen alls saam.” (alles) |
| <p>Ná vokale word ‘r’ weggelaat: / Postvokaliëse /r/-weglating: <i>vi</i> in plaas van <i>vir</i>; <i>hie</i> in plaas van <i>hier</i>; <i>vikeed</i> in plaas van <i>verkeerd</i>;</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... dit was nie maklik om te aanvaa nie ...” (aanvaar) • “Ek wil my skool klaa maak ...” (klaar) • “ek wil eeste college kla maak ...” (eerste) • “Ek het 4 broes en 1 sister.” (broers) |
| <p>Vokaalreduksie: Die ee-klank word gereduseer / verminder tot 'n “i”-klank.</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “Ek will ander mens help wanner Hulle siek is.” (wanneer) • “Ek sal op hou rook wanner ek 18 word.” (wanneer) |
| <p>Vokaalverlenging</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... is daarem 'n paar goed van my.” (daarom) |
| <p>Assimilasie van konsonante: <i>ammal</i> in plaas van <i>almal</i>, <i>anners</i> in plaas van <i>anders</i>, <i>kinders</i> in plaas van <i>kinders</i>.</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... se nie vimy van hom nie ...” (vir my) • “Hys miskien bang ...” (hy is) • “... met haar kiners.” (kinders) • “... van ek's moes in my huis ...” (ek is) |
| <p>Ontroding van klinkers: <i>deer</i> in plaas van <i>deur</i>; <i>yt</i> in plaas van <i>uit</i>; <i>hys</i> in plaas van <i>huis</i>; <i>lyster</i> in plaas van <i>luister</i>.</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Ek het 4 broes en 1 sister.” (suster) • “... met my pa en my sisters broer.” (suster) • “... wat my ma deer gaan ...” (deur) • “Ek is 'n baie ristige klong.” (rustige) • “My ginsteling is sokker.” (gunsteling) • “... met my pa en ma, sister.” (suster) • “... twee broer's en 4 sisters.” (suster) |
| <p>Die weglating van konsonante aan die einde van woorde: <i>vi</i> in plaas van <i>vir</i>; <i>see</i> in plaas van <i>seer</i>; <i>ma</i> in plaas van <i>maar</i>; <i>klom</i> in plaas van <i>klomp</i></p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... dis hoekom ek nie Xhosa ka praat nie maar ek ka dit verstaan.” (kan) • “... dit was nie maklik om te aanvaa nie ...” (aanvaar) • “... as ons kla maak met skool god willing.” (klaar) • “Ek wil my skool klaa maak ...” (klaar) • “ek wil eeste college kla maak ...” (klaar) |

| | |
|--|--|
| | <ul style="list-style-type: none"> • “... van ek’s moes in my huis ...” (want) • “... as ek kla is met graad 12 ...” (klaar) • “... vir 3 jaar da gebly ...” (daar) |
| Fonetiese skryfwyse: Spel woorde soos jy dit uitspreek | <ul style="list-style-type: none"> • “... dan hartloop ek weg ...” (hardloop) • “Jy moet nooit weg haarloop nie ...” (hardloop) • “... is di nie Sharnice se kind, Antie, uncle ensoo (en so)...” • “... dat ek soo lieflike ouers het ...” (so) • “Ek wil soo graag ...” (so) |

Opsommenderwys word hierdie fonologiese merkers in Tabel 1 grafies voorgestel om ’n oorsig van die bostaande data te gee.



Figuur 2: Grafiese illustrasie van fonologiese merkers in korpus

Dit is duidelik uit die grafiek hierbo dat die mees algemene fonologiese kenmerk wat in die opstelle verskyn het die spreektaalmerker van klankweglating was. Apokopee (die weglating van klanke aan die einde van woorde) was die mees prominente fonologiese merker in hierdie leerders se opstelle. Leerders was geneig om konsonante sowel as die tipiese postvokale /r/ weg te laat in hul skryfwerk. Gesamentlik het hierdie merkers 13 keer in die korpus voorgekom.

Verder is prokopee (weglating aan die begin van 'n woord) en sinkopee (weglating in die middel van 'n woord) ook klankweglatingsvorme wat in die korpus voorgekom het. Die volgende dien as voorbeelde van sulke klankweglatingsvorme:

- Sinkopee: **anvaar** < aanvaar
- Apokopee: **ka** < kan; **klaa** < klaar
- Prokopee: **os** < ons; **alls** < alles

Hierteenoor is die uitspraakmerkers van vokale met 'n onvaste lengte en vokaalverlenging die minste op skrif neergepen. Hierdie merkers verskyn slegs een keer in die korpus.

Daar word vermoed dat hierdie fonologiese merkers in die opstelle verskyn bloot omdat die deelnemers skryf soos hulle praat. In hierdie verband kan by implikasie gesê word dat dit nie blyk dat ouderdom en beroep 'n invloed het op fonologiese merkers wat geskryf word nie. Sociolinguisties kan daar waarskynlik gesê word dat die vlak van onderwys 'n invloed kan wees op hoekom leerders sulke vorme in hul opstelle gebruik. Daar word aanvaar dat hierdie leerders steeds besig is om die taalstrukture en -konvensies aan te leer.


4.2.2.2 Morfologiese merkers

Nog 'n merker van variasie wat in die korpus ontdek is, is morfologies van aard. Tabel 2 beeld die spesifieke morfologiese merkers uit wat leerders geneig was om te gebruik.

Tabel 2: Voorbeelde van morfologiese merkers

| Morfologiese merker | Voorbeelde uit korpus |
|--|---|
| Die gebruik van <i>ge-</i> saam met Engelse woorde | <ul style="list-style-type: none"> • "... maar hulle het skool uitgedrop ..." (verlaat / opgeskop) |
| Afrikaanse meervoudsvorming word gereeld op Engelse woorde toegepas: <i>teame in plaas van teams;</i> <i>bolle in plaas van balls.</i> | <ul style="list-style-type: none"> • "Ek hou nie van sports nie ..." (sport) |
| Eiesoortige gebruik van die verledetydsvorm " <i>-ge</i> " | <ul style="list-style-type: none"> • "Ek het vir hulle gebelowe ..." (belowe) • "To ek my special friend (B.F) geontmoet het ..." (ontmoet) |

Alhoewel dit uit die tabel hierbo voorkom dat die morfologiese kenmerke wat leerders gebruik het slegs 'n handjievol was, sal dit grafies aangebied word.



Figuur 3: Grafiese illustrasie van morfologiese merkers in korpus

Die aanname was dat die gebruik van *ge-* saam met Engelse woorde veel meer in leerders se opstelle aangewend word aangesien hierdie merker ook baie keer in gesproke vorm gebruik word. Die resultate het die totale teenoorgestelde van die navorser se aanname opgelewer want hierdie item het slegs een keer in die hele korpus verskyn. Voorts het die toepassing van Afrikaanse meervoude op Engelse woorde óók net een keer in die korpus verskyn.

Die onderrig van verskillende taalstrukture en -konvensies is deel van die Afrikaanse kurrikulum. Dit beteken dat taal in konteks onderrig word en daarom is die onderrig van werkwoorde en hulpwerkwoorde deel van die kurrikulum. As gevolg van persoonlike ondervinding en dat die navorser voorheen Afrikaans op hoërskool onderrig het, is die navorser bewus daarvan dat leerders geleer word dat werkwoorde wat begin met *be-*; *ge-*; *her-*; *ont*; en *ver-* kry nie *ge-* in die verlede tyd nie. Daarom is dit interessant dat daar van die leerders is wat die verledetydsvorm *ge-* eiesoortig aanwend. Soos dit in Figuur 3 na vore kom, is hierdie merker ook die meeste in die morfologiese kategorie aangewend. Leerders gebruik wel die verledetydsvorm *ge-* met 'n werkwoord wat met *be-* (**gebelowe**) en *ont-* (**geontmoet**) begin.

4.2.2.3 Sintaktiese merkers

Omdat Kaaps hoofsaaklik deur kodewisseling van Afrikaans en Engels gekenmerk word, is daar verwag dat die leerders van sintaktiese merkers in hul opstelle aanwend. Tabel 3 beeld die verskillende sintaktiese merkers uit wat in die korpus voorgekom het.

Tabel 3: Voorbeelde van sintaktiese merkers


| Sintaktiese merker | Voorbeelde uit korpus |
|---|--|
| Die vrye wisselwerking tussen Afrikaans en Engels | <ul style="list-style-type: none"> • "... en dink my lewe is <u>perfect (perfek)</u>want die <u>way (manier)</u> ek my aantrek ..." • "... as ek moet uit gaan soos bv. die <u>mall</u> ..." (winkelsentrum) • "... ek is eintlik 'n <u>African</u>." (Swart mens) • "My eerste droom was altyd om 'n <u>Actress</u> te word ..." (aktrise) • "... ek probeer my <u>best</u> in my skoolwerk" (bes) • "Maar ek sal altyd my <u>best</u> probeer ..." (bes) • "Ek wil graag 'n <u>Youth conciler</u> is ..." (jeugberader) • "... om hulle te leer om nie <u>gangsters</u> te wees een dag nie." (bendes) • "... as ons kla maak met skool <u>god willing</u>." (as die Here wil) • "Ek hou van <u>pink</u> ..." (pienk) • "Ek het 4 broes en 1 <u>sister</u>." (susteer) • "My gunsteling sport is <u>Softball</u>." (sagtebal) • "... as ek klaar met <u>matric</u> (matriek) is gaan ek studeer vir 'n <u>Nurse</u>." (verpleegster) • "... om 'n <u>Nurse</u> te wees sal die beste wees ..." (verpleegster) • "My <u>boyfriend</u> se naam is [REDACTED]." (kêrel) • "Hy <u>likes</u> sokker speel." (hou daarvan) • "... in die <u>future</u> (toekoms) wil ons in <u>P.E</u> gaan woon." (Port Elizabeth) • "... met my pa en my <u>sisters</u> broer." (susters) • "... ek doen nou (<u>cadets</u>) by die skool ..." (kadette) • "Ek wil eendag by my <u>boyfriend</u> woon." (kêrel) • "My beste <u>friend</u> se naam is Jadery"(vriendin) • "Ek is "<u>okay</u>" op my eie ..." (oukei) • "... gaan ek 'n "<u>independent</u>" meisie wees ..." (onafhanklik) • "... soos 'n ouer-<u>sister</u> vir my." (suster) |

- “**My name is [REDACTED] I’m a grade 10 learner at Lavender Hill Hoër skool**” (my naam is [REDACTED] ek is ’n graad 10 leerling by...)”)
- “To ek my ek my **special friend (B.F)** geontmoet het ...” (spesiale vriend (kêrel))
- “... **sometimes** voel ek net om op te gee ...” (soms)
- “... my lewe lewer vir my **family** ...” (familie)
- “... [REDACTED] se kind, Antie, **uncle** ensoo ...” (oom)
- “ek het ’n **boyfriend** ...” (kêrel)
- “... ek moet **fit (fiks)** wees en omdat ek ’n **fire fighter** wil wees.” (brandweerman)
- “ek het ook die **ciggiret** (sigaret) gelos ...” (sigaret)
- “My skool ... is lavender Hill **high** ...” (hoër)
- “Sy is my beste **friend** ...” (vriendin)
- “Ek wil self eendag n **fire fighter** is.” (brandweerman)
- “Ek wil eeste **college** kla maak ...” (kollege)
- “... vrydag eet ons **takeaways.**” (wegneemetes)
- “En ek wil na **Paris** toe gaan.” (Parys)
- “My **name** is [REDACTED].” (naam)
- “... baie **thing** deur gegaan.” (dinge)
- “... want ek was baie (**rude**).” (onbeskof)
- “Ek sal slegs in **California** eendag wil bly ...” (Kalifornië)
- “ek hou van **games** speel ...” (speletjies)
- “... ek hou van **pictures** vat.” (foto’s)
- “Ek is amper elke dag is die huis op my **phone.**” (selfoon)
- “Ek hou ook nie van baklei nie **but** (maar) moet my nie **test** nie **hehe!**” (toets)
- “Ek wil graag ’n **comedian** (komediant) raak ... ek sal dit maak vir ’n **comedian** (komediant), **to be honest** (om eerlik te wees) ek’s **totally** ’n bietjie mal.” (totaal)
- “... dit is voel **gangsters** ...” (bendes)
- “Ek is nie **loyal** as dit by meisies kom nie maar ek is **loyal** aan my vriende.” (lojaal)
- “... **but** is daarem ’n paar goed van my.” (maar)
- “... in my huis is net ’n **TV** om te kyk.” (televisie)
- “Meeste van my **friend** kom na my ...” (vriende)
- “... om te gaan studie om ’n **plumbing** te word ...” (loodgieterswerk)
- “... hulle sê **the longer you wait the better it will become** ...” (hoe langer jy wag, hoe beter sal dit word)
- “... ek wil ook iemand daar buite **advice** gee ...” (raad)

| | |
|--|---|
| | <ul style="list-style-type: none"> • “Ek will eendag ’n baie good (goeie) sokker player (speler) wes ek will op die ty speel.” (televisie) • “’n Opstel wat ek weekends maak ... Elke weekend gaan ek na my meisie toe ...” (naweke) • “Ek hoop dit was nie a probleem nie.” (’n) • “... met my pa en ma, sister.” (suster) • “Ek wil ’n docter een wees.” (dokter) • “Ek hoe van party en drunk.” (partytjie) • “... see to om te swim.” (swem) • “... berg klim met my broter.” (broer) • “Ek hoe van music ook. My bro maak music ...” (musiek) • “By die huis bly ek bord ...” (verveeld) • “... om ’n bike te hê ...” (fiets) • “Ek will graag in America kom ...” (Amerika) • “... but (maar) ek will graag dit ver vat om America (Amerika) to te gaan en op dai World of dance stage te dans ...” (World of Dance verhoog) • “En my best vriend se naam is byron.” (beste) • “Ons ry ook elke weekend ons ma en pa se kare.” (naweek) • “... my ouma is ’n nurse.” (verpleegster) • “Ek gaan by lavender Hill high school ...” (hoërskool) • “... twee broer’s en 4 sisters.” (susters) • “Ek will ook eendag ’n engineer wees.” (ingenieur) • “My beste friend is ■.” (vriend) • “Ek wil die sokker speeler meet” (ontmoet) |
| <p>Die regularisering van die werkwoordsvorm: <i>Hy kan al gesien het. Ek wil it nie gehet het nie.</i></p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... ek het baie vriende gehet ...” (gehad) |
| <p>Die gebruik van <i>hou van</i> i.p.v. <i>hou daarvan</i></p> | <ul style="list-style-type: none"> • “Ek hou van om te sing ...” • “Ek hou van as mense vir my ook respek.” • “Ek hou van om daaglik in die huis te bly.” • “... ek hou van met mense praat ...” |
| <p>Voegwoord “want” word met “van” vervang</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... van ek stel belang daar in ...” • “... van ek voel dit is nie lekker nie.” • “... Van as jy nie graad 12 het nie ...” • “... van ek’s moes in my huis ...” |
| <p>Setselverdubbeling (identiese voorsetsel en agtersetsel):</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... om kinders af die strate af te hou ...” • “Ek wil my ma en familie uit die lavender Hill uit hal ...” |

| | |
|---|---|
| Ek bly <i>innie</i> Grassy Park <i>in</i> . | <ul style="list-style-type: none"> • “... om uit Lavender Hill uit te kom ...” • “Ek wil graa uit Lavender Hill uit gaan ...” • “... ook my ma uit Lavender Hill uit wat.” |
| Werkwoordverdubbeling (hulp- en koppelwerkwoord word herhaal): | <ul style="list-style-type: none"> • “... ons gaan oor see gaan bly ...” |
| Sintaktiese gebruik van <i>van toe</i> i.p.v. <i>vandat</i> | <ul style="list-style-type: none"> • “Ek rook van toe ek 14 jaar oud was.” |
| Sintaktiese gebruik van <i>is</i> i.p.v. <i>wees</i> | <ul style="list-style-type: none"> • “... ek sal nie bang is nie.” |
| Die redundante gebruik van die bepaalde lidwoord voor substantiewe: Hy het <i>die</i> tiebie gehad. | <ul style="list-style-type: none"> • “... in die Lavender Hill bly nie.” • “... oorlede die 2/9/2021 ...” • “... bly in die lavender hill.” • “Ek by in die lavender-Hill.” |
| Die gebruik van <i>vir</i> as persoonsobjekmerker: Ek het <i>vir</i> hom gesê. | <ul style="list-style-type: none"> • Ek het vir hulle gebelowe ...” • “... om vir my te kuier.” |
| Die saam+met-konstruksie: Praat <i>saam mit</i> my, Hoe gatit <i>saam mit</i> jou? | <ul style="list-style-type: none"> • “... ek gaan altyd saam met hom ...” |
| Die selfstandige gebruik van <i>daai</i>: <i>Daai</i> ’s nie reg nie. <i>Daai</i> ’s kwaai. | <ul style="list-style-type: none"> • “... en ja daai is nie alles nie ...” |

Die data in die tabel hierbo word grafies aangebied om ’n geheelbeeld te kry van die sintaktiese merkers wat die minste en mees prominente in die korpus was.



Figuur 4: Grafiese illustrasie van sintaktiese merkers in korpus

Vanuit 'n voëlperspektief klop die vrye wisselwerking tussen Afrikaans en Engels verreweg al die ander sintaktiese merkers. Die grafiek verteenwoordig die vrye wisselwerking tussen Afrikaans en Engels deur middel van die berekening van die hoeveelheid sinne waarin Engels aanwesig was. Daar is bevind dat 118 Engelse woorde vrylik in 79 sinne gebruik word. Dít beteken dat sommige leerders meer as een Engelse woord per enkele sin gebruik het. Oënskynlik wys dit hoe algemeen die kenmerk van kodewisseling in Kaaps voorkom.

Wat voorts uitstaan, is die gereelde gebruik van *hou van* in plaas van *hou daarvan*. Dit wil voorkom asof die leerders daagliks hierdie merker in hul gesproke taal ook gebruik. Nóg 'n voorbeeld wat moontlik toegeskryf kan word aan die manier waarop hierdie leerders praat, is hul gebruik van die woord *van* in plaas van *want*.

Nog 'n interessante sintaktiese merker wat leerders in hul opstel gebruik het, is die setselverduubeling. Hierdie merker word veral gebruik wanneer plekname betrek is. Met betrekking tot hul woonplek, Lavender Hill, was leerders ook geneig om die bepaalde lidwoord oorbodig te gebruik. In plaas daarvan om te sê dat hulle woon "in Lavender Hill", verkies hulle eerder om te sê dat hulle woon "in **die** Lavender Hill".

Binne die konteks van taalverandering word gepostuleer dat grammatikale verandering nie altyd sigbaar is nie (Trask, 1994). Aangesien die deelnemers tussen die ouderdom van 15 en 17 is en dat hulle steeds skool bywoon, is die suggestie dat hulle meer geneig is om nie die veranderinge in grammatika raak te sien nie. Die postulaat is dat hierdie leerders daaglik met sulke vorms gekonfronteer word en daarom kom dit vir hulle as normaal na vore. Dit blyk vir hulle so normaal te wees dat hulle dit selfs in hul formele skryfwerk gebruik.


4.2.2.4 *Leksikale merkers*

Kenmerke van Kaaps word nie net deur variasies op bestaande Afrikaans vorme geïdentifiseer nie. Daar word soms unieke woorde en uitdrukkings in Kaaps gebruik. Daarom is sulke unieke oftewel leksikale items óók ’n kenmerk van Kaaps. Die leksikale items wat in die korpus gevind is, word hieronder getabelleer.

Tabel 4: Voorbeelde van leksikale merkers

| Leksikale merker | Voorbeelde uit korpus |
|--|---|
| <p>Leenwoorde uit Engels word aangepas en gebruik asof dit Afrikaans is: Ek was <i>ge-guide</i> gewees; <i>struggle</i>; <i>check</i> jou later. <i>Toe ek by my antie se huis kom... maar toe ek in Kayla se jaart kom... Jy sal oraait wees...</i></p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... by my ouma en my anty.” (tante) • “Ek sal nogals lyks om ...” (hou van) • “My gensteling kos is mokerone and cees.” (macaroni en kaas) • “Ek is ’n kallit.” (bruin persoon) • “... na die amie toe gaan.” (weermag) • “Ek wil in my eie mensin bly.” (herehuis) |
| <p>’n Eiesoortige gebruik van woorde om na dinge te verwys: <i>gangsters</i> vir bendes, <i>jintoe</i> vir prostituut; <i>goose</i> vir meisievriend.</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “Ek roek net entjies ...” (sigarette) • “Ek is ’n baie ristige klong.” (seun) |
| <p>Eiesoortige idiomatiese gebruik</p> | <ul style="list-style-type: none"> • “... baie mense kyk my by my aangesig ...” (onderskat my; oordeel) • “Ek is nou nog hartseer maar ek wys dit nie uit nie.” (moenie jou emosie wys nie, veral as jy deur iets/situasie geraak voel) |

Die grafiek hieronder som die leksikale kenmerke op wat in die korpus gevind word op grond van die voorkoms daarvan.



Figuur 5: Grafiese illustrasie van leksikale merkers in korpus

Die data toon aan dat verafrikaansing van Engelse items die mees prominente leksikale merker is wat in die opstelle voorgekom het. Die leerders het die volgende Engelse woorde verafrikaans:

- army > **amie**
- aunty > **anty**
- coloured > **kallit**
- like > **lyks**
- mansion > **mensin**
- macaroni and cheese > **mokerone en cees**

Daar word aangeneem dat hierdie leerders nie die Standaardafrikaanse term vir die Engels woorde ken nie. Daar word verder aangeneem dat hierdie verafrikaanste vorme 'n gevolg van die fonetiese skryfwyse is; dit wil sê dat hierdie woorde amper half as Afrikaans uitgespreek word en sodoende geskryf word soos hulle dit uitspreek.

Voorts het leerders algemene gebruiklike items in hul opstelle gebruik wat eiesoortig aangewend word om na dinge te verwys. Sulke voorbeelde sluit in onder meer die woorde “**entjies**” en “**klong**”. Die woord “gangsters” is direk ontleen uit Engels en net so aangewend,

maar dit staan in kontras met die ander leksikale merkers in hierdie groep. Hier het “**entjies**” ’n unieke betekenis; in die konteks van taalvariasie verwys hierdie woord na sigarette en nie na ’n ent wat gestap word nie. Voorts is die woord “**klong**” wel gestandaardiseer en is in die *HAT* se 6de uitgawe opgeteken.

Spreektaaluitdrukkings is ook een van die kenmerke van Kaaps. Die gebruik van eiesoortige idiomatiese uitdrukkings het twee keer in die korpus verskyn. Van die gebruiklike sêgoed wat voorgekom het, is die volgende:

- **kyk my by my gesig (aan)** < onderskat my; oordeel.
- **wys dit nie uit nie** < moenie jou emosie wys nie, veral as jy deur iets/situasie geraak voel

4.2.2.5 *Direk vertaalde items uit Engels*

Benewens die kenmerke wat in die tabelle hierbo geïdentifiseer is, is daar ook ontdek dat direk vertaalde items uit Engels ook in die korpus opgeduik het. Voorbeelde hiervan wat in die korpus geïdentifiseer is, sluit onder meer die volgende in:

- “Maar daar is **som tyds** wanneer ek ...”
- “... dit is **sometyds** by hartseer ...”

Die gebruik van die woord “somtyds” en die verskillende variasies van die spelling van hierdie woord is direk vertaal van die Engelse “sometimes”. Dit kom ook voor dat hierdie kenmerk ’n tipe verafrikaansing uitbeeld. In wese beteken *verafrikaansing* dat die hierdie Engelse woord eintlik Afrikaans gemaak word.

4.2.3 Korpusanalise

In hierdie studie word daar veronderstel dat leerders se skryfwerk tekens van dialekvorme toon. Hierom is daar deur middel van ’n opstel ondersoek ingestel na die moontlike dialekvorme wat in skryfwerk voorkom. Hierdie opstelle is eers variasietaalkundig ontleed (sien 4.4.2) en daarna ontleed om die frekwensie van die verskillende variasiemerke te bepaal.

Frekwensie-ontledings is nuttig om die mate van informalisering in skryfwerk vas te stel. In Hoofstuk 3 is aangedui dat die korpus van hierdie studie korpusanalities bestudeer sal word.

Maar omdat hierdie korpus kleiner is as wat vermag was, is frekwensie-ontledings net toegepas op die merkers wat meer as een keer in die korpus voorkom.

Op grond van die variasie-analise in 4.2.2 het die volgende merkers in Tabel 5 slegs een keer verskyn en sal dus nie in hierdie studie korpus linguisties ontleed word nie. Aangesien dit egter net een keer in die opstelle verskyn het, word die essensie daarvan steeds binne hierdie navorsing waardeur

Tabel 5: Variasiemerkers wat slegs een keer in die korpus voorkom

| Variasiemerker | Onderskeidende merkers |
|-----------------------------|--|
| Fonologiese merkers | <ul style="list-style-type: none"> • Vokale met 'n onvaste lengte • Vokaalverlenging |
| Morfologiese merkers | <ul style="list-style-type: none"> • Die gebruik van <i>ge-</i> saam met Engelse woorde • Afrikaanse meervoudsvorming word gereeld op Engelse woorde toegepas |
| Sintaktiese merkers | <ul style="list-style-type: none"> • In die verlede tyd-vorm word die <i>het ge-</i>konstruksie gebruik, maar die hulpwerkwoorde word nie verander nie • Werkwoordverdubbeling (hulp- en koppelwerkwoord word herhaal) • Sintaktiese gebruik van <i>van toe</i> i.p.v. <i>vandat</i> • Sintaktiese gebruik van <i>is</i> i.p.v. <i>wees</i> • Die <i>saam+met</i>-konstruksie • Die selfstandige gebruik van <i>daai</i> |

Omdat die merkers in die tabel hierbo net een keer in die korpus verskyn, word daar vermoed dat daar 'n moontlikheid bestaan dat hierdie kenmerke gevolglik ook onder die invloed van Kaaps gemaak is. Hierdie aanname word gemaak op grond van die navorsing van Hendricks (2016) en Saal en Lawrence (2019) wat hierdie variasiekenmerke as deel van die aard van Kaaps aangebied het.

Voorts toon die variasie-analise in 4.2.2 dat daar merkers is wat meer as twee keer opduik. Die volgende variasiemerkers wat in Tabel 6 uiteengesit is, het wel meer as een keer in die korpus voorgekom. Dit is ook hierdie merkers wat vir die frekwensie-ontledings gebruik word. Hierdie merkers is volgens die frekwensieformule (sien 3.5.1.1) ontleed. Die resultate van die frekwensie-ontledings word ook in die tabel hieronder vertoon.

Tabel 6: Variasiemerkers wat meer as een keer in die korpus voorkom

| | Onderskeidende merker | Frekwensie-ontleding |
|--------------------|---|-----------------------------|
| Fonologies | Vokaalreduksie | 0,2 items per 1000 woorde |
| | Verhoging van die “o”-klank | 0,5 items per 1000 woorde |
| | Klankweglating | 0,77 items per 1000 woorde |
| | Assimilasie van konsonante | 1,03 items per 1000 woorde |
| | Klanktoevoeging | 1,03 items per 1000 woorde |
| | Postvokaliese /r/-weglating | 1,03 items per 1000 woorde |
| | Fonetiese skryfwyse | 1,29 items per 1000 woorde |
| | Ontronding van klinkers | 1,80 items per 1000 woorde |
| | Die weglating van konsonante aan die einde van woorde | 2,33 items per 1000 woorde |
| Morfologies | Eiesoortige gebruik van die verledetydsvorm “-ge” | 0,5 items per 1000 woorde |
| Sintakties | Die gebruik van <i>vir</i> as persoonsobjekmerker | 0,5 items per 1000 woorde |
| | Die oorbodige gebruik van die bepaalde lidwoord voor substantiewe | 1,03 items per 1000 woorde |
| | Voegwoord “ <i>want</i> ” word met “ <i>van</i> ” vervang | 1,03 items per 1000 woorde |
| | Die gebruik van <i>van</i> i.p.v. <i>daarvan</i> | 1,03 items per 1000 woorde |
| | Setselverdubbeling (identiese voorsetsel en agtersetsel) | 1,29 items per 1000 woorde |
| | Die vrye wisselwerking tussen Afrikaans en Engels | 30,49 items per 1000 woorde |
| Leksikaal | Eiesoortige idiomatiese gebruik | 0,5 items per 1000 woorde |
| | ’n Eiesoortige gebruik van woorde om na dinge te verwys | 0,5 items per 1000 woorde |

| | | |
|--|--|----------------------------|
| | Leenwoorde uit Engels word aangepas en gebruik asof dit Afrikaans is | 1,55 items per 1000 woorde |
|--|--|----------------------------|

Hierdie ontleding toon egter dat daar sekere kenmerke is wat slegs 0,5 items per 1000 woorde insluit. Dit is relatief klein in vergelyking met die een sintaktiese kenmerk wat 30,49 items per 1 000 woorde insluit. Die toonaangewende data wys ook daarop dat die mees frekwente merkers ressorteer binne die fonologiese en sintaktiese kategorieë. Daarom is daar gereken dat die gesproke vorm van die dialek 'n taamlike invloed op die skryfwerk van hierdie Afrikaanssprekende leerders het.

Die manier hoe onderwysers sulke vorme in opstelle hanteer, is vervolgens ontleed.

4.3 Ontleding van vraelyste

4.3.1 Biografiese inligting

Vraag 1.1 – Geslag

Beide die onderwysers wat aan hierdie studie deelgeneem het is manlik. Hierdie ondersoekgroep is besonders klein want net twee onderwysers vorm deel van hierdie studie. Hierom is dit uitdagend om toereikende sosiolinguistiese gevolgtrekkings aangaande onderwysers se geslag en die hantering van taalvariasie in stelwerk te maak.

Vraag 1.2 – Ouderdom

Die twee onderwysers se ouderdomme verskil grootliks aangesien een respondent 'n jong volwassene (O1) is terwyl die ander 'n middeljarige volwassene (O2) is.

Sosiolinguisties gesien word ouderdom betrek wanneer taal in die sosiale konteks bestudeer word. Op hierdie stadium is die aanname dat die jonger onderwyser se response lynreg met die ouer onderwyser se antwoorde sal verskil. Daar is aangeneem dat die jonger onderwyser meer positief sal optree rakende die hantering van taalvariasie in 'n opstel aangesien jonger persone as “agente van taalverandering” gesien word (Saal & Lawrence, 2019).

Vraag 1.3 – Eerste taal

Beide onderwysers wat aan die studie deelgeneem het, is Afrikaanssprekend; dit wil sê hulle huistaal is Afrikaans. Dit is verwag dat alle respondente aandui dat hul huistaal Afrikaans is want dit was een van die seleksiekriteria weens die doelgerigte steekproefnemingsproses. Daar is wel voorsiening gemaak vir die keuse van die ander Afrika-tale in geval die onderwyser nie Afrikaanssprekend is nie.

Vraag 1.4 – Tweede taal

Albei opvoeders praat Engels as hul eerste addisionele taal. Dit is verwag dat die onderwysers Engels of Xhosa as hul tweede taal beskou aangesien hulle in 'n Kaapse Vlakte-streek skoolhou. Weereens is daar by hierdie vraag voorsiening gemaak vir die keuse van ander Afrika-tale in die geval waar 'n onderwyser se tweede taal nie Engels of Xhosa is nie.

Beide O1 en O2 is tweetalig. Gegewe die aard van Kaaps wat Engelse woorde insluit, kan die aanname gemaak word dat hierdie twee respondente dus funksionele kennis van Kaapse Afrikaans het. Voorts is die suggestie dat hulle wel die voorbeeldsinne in die variasie-tipe vrae sal verstaan en kontekstueel interpreteer.

Vraag 1.5 – Hoogste kwalifikasie

Geletterdheid kan bydra tot hoe onderwysers met die voorkoms van taalvariasie in opstelle omgaan. O1 besit 'n honneursgraad terwyl O2 'n diploma het. Die verwagting is dat O1 se optrede oor die variasie in stelwerk meer na neutraal tot heeltemal aanvaarbaar leun.

Die teenoorgestelde is verwag van O2 weens sy ouderdom en ook die tipe kwalifikasie wat hy besit. Hierdie verwagting is op die tydperk van O2 se skoolopleiding gebaseer. Destyds het mense waarskynlik 'n ander siening oor en teenoor taalvariasie gehad.

4.3.2 Vrae oor die hantering van Kaaps in stelwerk

Vraag 2.1 – Vlak van Afrikaansonderrig

Hoërskool Lavender Hill is 'n dubbelmediumskool. Albei opvoeders het aangedui dat hulle slegs Afrikaans op huistaalvlak aanbied. Dit kan grootliks te wyte wees aan 'n beperkte aantal Afrikaans eerste addisionele taalklasse aangesien mense wat in die area woonagtig is meestal

Afrikaans praat. Dit kan beteken dat bekwame opvoeders nodig is om die gemeenskap te onderrig, dus dat Afrikaanssprekende opvoeders Afrikaans op huistaalvlak onderrig.

Vraag 2.2 – Die grade wat onderrig word

Beide opvoeders onderrig in die VOO-fase. Dit is opvallend dat beide opvoeders hierdie fase onderrig ten spyte van hul ouderdom en kwalifikasies. O1 het aangedui dat hy egter Graad 10 en 12 onderrig, terwyl O2 aangedui het dat hy Graad 11 en 12 onderrig.

Dit is interessant dat die ouer onderwyser nie Graad 10 onderrig nie, maar dat hy die twee hoogste grade onderrig. Dit kan grootliks te wyte wees aan ondervinding binne die beroep aangesien sommige skole range het. Weens die navorser se persoonlike ervaringe vereis sommige skole se bestuurspanne dat beginneropvoeders Graad 8's begin onderrig en daarna, op grond van hul jare se onderwyservaring, in die geleedere opskuif om hoër grade te onderrig.

Vraag 2.3 – Hantering/houding teenoor fonologiese merkers in stelwerk

Hierdie vraag is daarop gemik om vas te stel hoe die onderwyser die gebruik van fonologiese merkers in 'n opstel hanteer. Die data verteenwoordig die mate waartoe die opvoeder die gebruik van hierdie kenmerk in formele skryfwerk aanvaar of verwerp. Hierdie fonologiese kenmerk is 'n voorbeeld van die weglating van konsonante aan die einde van woorde.

Dit is interessant dat beide opvoeders aangedui het dat hulle die gebruik van fonologiese merkers van Kaaps in formele skryfwerk grootliks penaliseer. Hulle verwerp dus die gebruik van Kaapse fonologiese kenmerke in opstelle. Verder kan hul keuse 'n gevolg wees van die vlak van Afrikaans wat hulle onderrig. Beide hierdie opvoeders onderrig Afrikaans Huistaal, so hulle is dalk geneig om slegs standaardvorme van Afrikaans in hul leerders se opstelle te aanvaar.

Vraag 2.4 – Rede vir antwoord by 2.3

By hierdie vraag moes die onderwyser die rede vir hul keuse van aanvaarbaarheid in die vorige vraag verduidelik. O1 meen dat die sin in Engels geskryf is. Dit wil voorkom dat met die integrasie van 'n Engelse woord in 'n Afrikaanse sin, funksioneer hierdie sin vir O1 outomaties as 'n Engelse sin. Die suggestie is dat die konteks waarin die Engelse woord gebruik word, geïgnoreer word. Voorts vermeld O1 dat die Kaaps-dialek nie in skryfwerk aanvaar word nie.

In 'n mate dui dit daarop dat die gebruik van dialekvorme verkeerd gemerk sal word wanneer dit in 'n opstel voorkom.

O2 wys daarop dat die gebruik van 'n woord soos “kla” in 'n opstel geheel en al onaanvaarbaar is omdat “dit nie STANDAARDAFRIKAANS is nie”. Daar word aangeneem dat die gebruik van Standaardafrikaans in hoofletters in O2 se respons is om te beklemtoon dat Standaardafrikaans die enigste taalvorm is wat in skryfwerk aanvaar kan word.

Een rede vir die toonaangewende data is dat die sosiale veranderlikes van huistaal en kwalifikasie betrek kan word. Hul menings by hierdie vraag kan hoogs te wyte wees aan opvoeders wat geleer word om die gebruik van Kaaps en ander dialekte in geskrewe werk te verontagsaam.

Daar blyk 'n matige negatiewe houding te wees rakende die gebruik van fonologiese merkers in stelwerk. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat wanneer hierdie twee onderwysers met dialekvorme in stelwerk gekonfronteer word, word dit dadelik verkeerd gemerk.

Vraag 2.5 – Hantering/houding teenoor morfologiese merkers in stelwerk

Hierdie vraag is daarop gemik om vas te stel hoe die onderwyser die gebruik van morfologiese merkers in 'n opstel hanteer. Die data verteenwoordig onderwysers se mate van aanvaarbaarheid oor die gebruik van hierdie kenmerk in formele skryfwerk. Hierdie morfologiese merker is 'n voorbeeld van die gebruik van *ge-* saam met Engelse woorde.

Alhoewel hierdie woordvorm as bloot Afrikaans voorkom, is daar 'n Engelse woord ingevoeg. Die twee onderwysers wat die vraelys voltooi het, het aangedui dat hulle bloot hierdie klas merkers in opstelle as heeltemal onaanvaarbaar behandel. Dit was te verwagte dat O1 meer positief sou optree rakende die gebruik van hierdie merker omdat hy 'n jong volwassene is. Daar is nie aan hierdie verwagting voldoen nie.

Vraag 2.6 – Rede vir antwoord by 2.5

By hierdie vraag wat handel oor die motivering van die onderwyser se keuse rakende hul antwoord oor die gebruik van morfologiese woorde in opstelle is die antwoorde soortgelyk aan

die antwoorde wat by vraag 2.4 verkry is. Skynbaar is hul keuse van onaanvaarbaarheid op die Likert-skaal en hul rede vir daardie keuse nie paradoksaal nie.

O1 verduidelik dat sulke dialekvorme nie in die huistaal aanvaar word nie. Dit kan in verband gebring word met sy motivering vir fonologiese merkers in stelwerk. O2 se mening stem ooreen met sy mening van die vorige variasiemerker. Hy is weereens dié keer van mening dat die morfologiese item “uitgedrop” nie Standaardafrikaans is nie. Dit is interessant dat hierdie onderwyser geen verdere verduideliking verskaf nie. Dit skep die idee dat Standaardafrikaans vir hierdie onderwyser die enigste korrekte vorm van Afrikaans en manier van skryf is.

Dit wil voorkom dat omdat beide hierdie onderwysers se huistaal Standaardafrikaans is, kan enige ander vorm van Afrikaans nie by formele skryfwerk ingesluit word nie.

Vraag 2.7 – Hantering/houding teenoor sintaktiese merkers in stelwerk

Hierdie vraag is daarop gemik om vas te stel hoe die onderwyser die gebruik van sintaktiese merkers in ’n opstel hanteer. Die data is ’n uitbeelding van die mate waartoe onderwysers die gebruik van hierdie merker in formele skryfwerk aanvaar of nie. Hierdie sintaktiese merker is ’n voorbeeld van die vrye wisselwerking tussen Afrikaans en Engels.

Die linguistiese aard van Kaaps is dat dit ’n kombinasie van Afrikaanse en Engelse woorde bevat. Die meeste mense op die Kaapse Vlakte verwys na hierdie kenmerk as “Mengels”, wat ’n woordspeling op “gemeng” en “Engels” is. In wese beteken dit dat hierdie variëteit ’n mengsel van Afrikaans en Engels is.

Die data dui aan dat beide onderwysers nie die gebruik van Engels in ’n Afrikaanse opstel goedkeur nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat daar gewoonweg nie van leerders verwag word om Engels in hul Afrikaanse kreatiewe skryfwerk aan te wend nie. Daar word aangeneem dat hierdie opvoeders glad nie Engels of kodewisseling sal gebruik terwyl hulle hul leerders onderrig nie, en hulle bly streng by Afrikaans in die klaskamer.

Vraag 2.8 – Rede vir antwoord by 2.7

Beide O1 en O2 het die “heeltemal onaanvaarbaar”-opsie geselekteer. Mens kan nie bloot aflei dat hulle ’n negatiewe houding ten opsigte van hul keuse van die gebruik van hierdie merker openbaar nie, maar hul rasionale laat ruimte vir ’n negatiewe houding.

In hierdie verband noem O1 dat leerders woorde in Standaardafrikaans moet gebruik. Die gebruik van morfologiese en sintaktiese merkers toon grammatikale variasie aan. Uit die aard van O1 se antwoorde wys dit daarop dat die gebruik van Engelse woorde in ’n Afrikaanse opstel grammaties verkeerd is. Hiervolgens interpreteer O2 sy keuse van die gebruik van hierdie merkers as gevolg van “swak Afrikaans”. Sy antwoord kan binne die sosiolinguistiek interpreteer word as gevolg van sy ouderdom en die tydperk van sy skoolopleiding.

Daar is van opvoeders verwag om meer oor hul redenasies uit te brei. Hierdie antwoorde is egter nie so gedetailleerd om ’n afgeronde gevolgtrekking te maak nie want die opvoeders kommunikeer net dat die leerders se Afrikaans power is en dat leerders in die standaardvorm moet skryf.

Vraag 2.9 – Hantering/houding teenoor leksikale merkers in stelwerk

Hierdie vraag is daarop gemik om vas te stel hoe die onderwyser die gebruik van leksikale merkers in ’n opstel hanteer. Die data beeld uit of onderwysers die gebruik van hierdie merker in formele skryfwerk aanvaar of nie. Hierdie leksikale merker is ’n voorbeeld van ’n eiesoortige gebruik van woorde om na dinge te verwys.

Die verwagting by hierdie vraag was dat onderwysers meer positief sal optree weens die gebruik van leksikale items in opstelle, veral omdat dit kreatiewe skryfwerk is. Die teenoorgestelde van wat verwag is, het opgeduik. Beide onderwysers is van mening dat die gebruik van leksikale items in stelwerk heeltemal onaanvaarbaar is.

Vraag 2.10 – Rede vir antwoord by 2.9

Onderwysers is gevra om hul antwoord met betrekking tot die vorige vraag te staaf. O1 het blykbaar nie die vraag korrek oftewel binne die konteks van taalvariasie geïnterpreteer nie. Voorheen is gemeld dat die gebruik van elektroniese vraelyste soms nadelig kan wees as gevolg van oop vrae wat daartoe lei dat vrae verkeerd geïnterpreteer word (sien 3.4.2.1). O1 is van

mening dat die woord “entjie” in hierdie verband verwys na ’n ent wat gestap word. Hy brei verder hierop uit en dui aan dat “entjie” die verkleiningsvorm van ent is en “verwys na die afstand wat iemand geloop het”. Dit wil voorkom dat hierdie onderwyser die sin binne die konteks van Standaardafrikaans en nie dié van Kaaps interpreteer nie. Voorts word daar aangeneem dat O1 onbekend met dié spesifieke Kaapse leksikale item is en dit is seker nie vir hom ’n algemeen gebruiklike item nie.

O2 motiveer weereens sy antwoord soos hy die ander antwoorde gestaaf het deur te noem dat hierdie vorme “is nie STANDAARDAFRIKAANS nie”. Hieruit kan afgelei word dat dit dalk te tydrowend vir hierdie onderwyser is om verder op sy keuse vir die vorige vrae uit te brei. Hy noem ook verder dat “AFRIKAANS word VERKRAG”. Hierdie stelling is sterk, maar op ’n metaforiese manier uitgebeeld. Dit is ’n aanskoulike beeld wat uitbeeld hoe Afrikaans deur dialekvorme deurdring word.

4.4 Samevatting

In gevolg die aanbieding en ontleding van die empiriese data van hierdie ondersoek is dit goed waarneembaar dat die korpus dialekvorme insluit. Die mees prominente kenmerke wat in die korpus voorkom is dié van: die weglating van konsonante aan die einde van woorde (fonologies); die eiesoortige gebruik van die verledetydsvorm “ge-” (“morfologies”; die vrye wisselwerking tussen Afrikaans en Engels (sintakties) en leenwoorde uit Engels (leksikaal). Dit is ook duidelik uit die ontleding van die data dat die onderwysers die gebruik van verskillende variasiemerke in opstelle afkeur en ontmoedig. Volgens die twee onderwysers is die gebruik van sulke merke in stelwerk totaal onaanvaarbaar. Hulle het sterk negatiewe gevoelens teenoor die gebruik van hierdie merke geopenbaar en hul keuses is so gemotiveer dat dit geassosieer kan word met stereotipes en taalhoudings en -ideologieë wat Standaardafrikaans bevoordeel.

In Hoofstuk 5 kom die gevolgtrekkings van hierdie studie en aanbevelings vir verdere navorsing aan bod.

Hoofstuk 5

Gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van die studie en som eerstens die doelstellings van hierdie navorsing op. Die fokus beweeg dan na 'n oorsig van die bevindinge wat uit die data-ontledingsproses na vore gekom het. Gevolglik word die bevindinge van hierdie studie bespreek met betrekking tot die ooreenkomste en verskille wat in soortgelyke studies gevind word.

In die hoop om by te dra tot die huidige debatte oor taalvariasie in die klaskamer verskaf hierdie hoofstuk ook riglyne vir die integrasie van taalvariëteite in die klaskamer. Daarna word die hoofstuk afgesluit met moontlike beperkings wat tydens die studie ondervind is asook voorstelle vir toekomstige navorsing.

5.2 Navorsingsbevindings

Die primêre doel van die studie was eerstens om te ondersoek in watter mate Kaaps-dialekvorme in die opstelle van Graad 10- Afrikaanssprekende leerders geskryf word. Daarbenewens was dit skynbaar gepas om 'n sekondêre doelwit na te streef wat op die primêre doelwit gebaseer is. Die tweede doel van die studie was dan om te ondersoek hoe Afrikaans Huistaal-opvoeders die gebruik van Kaaps-dialekvorme in leerders se formele geskrewe werk hanteer.

Daarom bespreek hierdie afdeling die bogenoemde doelwitte van die studie saam met die navorsingsvrae wat gestel is met betrekking tot die bevindinge wat uit die geanaliseerde versamelde data na vore gekom het.

5.2.1 Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders

Die hoofdoel van hierdie navorsing was om die aard en mate waarin Kaaps-dialekvorme in leerders se opstelle ingesluit is te bepaal. Eerstens is 'n oorsig van bestaande literatuur oor die gebruik van verskeie dialekte in formele skryfwerk aangebied (sien Hoofstuk 2). Op grond van

die literatuuroorsig was die postulaat dat die leerderkorpus tekens van informalisering sal uitbeeld en dat die mees prominente kenmerk grammatikale kenmerke sal wees wat grootliks kodewisseling uitbeeld. Hierdie aannames is ook gemaak binne die teoretiese raamwerk van die sosiolinguistiek waar die deskriptiewe aard van die data “reeds bekend” was aangesien ander studies óók die invloed van dialekvorme in leerders se skryfwerk vasgestel het (sien die hipoteses by 1.6).

Die bevindinge van die data het opgelewer dat fonologiese en sintaktiese merkers die mees algemeen gebruikte variasiekenmerke in die leerders se formele skryfwerk is. Klankweglating het 15 keer in die korpus verskyn terwyl kodewisseling 118 keer verskyn het. Hierdie kenmerke in kombinasie met die morfologiese en leksikale merkers kan veral aan informalisering toegeskryf word. In wese beteken dit dat die leerders se dialek ’n invloed gehad het op die manier waarop hulle hul formele opstel geskryf het.

Dit is interessant, maar nie verbasend nie, dat die resultate van hierdie studie baie soortgelyk is aan ander studies wat oor die gebruik van dialekvorme in skryfwerk gedoen is. Soortgelyk aan die studie van Williamson en Hardman (1997) blyk ouderdom ’n bepalende faktor te wees in die gebruik van niestandaardvorme. Hul studie het opgelewer dat die jonger leerders geneig is om meer niestandaardvorme te gebruik en hul opstelle was kort in lengte. Die ondersoekgroep van hierdie studie is Graad 10-leerders wie se ouderdom vanaf 15 tot 17 jaar oud wissel. Dit was verwagte dat die leerders ’n langer transaksionele teks produseer gegewe die vereiste van die KABV, maar die bevindinge het opgelewer dat die leerders, net soos die leerders in Williamson en Hardman (1997) se studie, kort opstelle geskryf het met redelike gebruik van niestandaardvorme wat op skrif neergepen is. Voorts, soortgelyk aan die bevindinge van Saal en Lawrence (2019) het die resultate van hierdie studie aangedui dat grammatikale kenmerke die meeste voorkom. Laastens het die data-analise opgelewer aangedui dat leerders geneig is om die woorde te spel soos hulle dit uitspreek. Hierdie neiging is ook in die studies van Saal en Lawrence (2019) en Ramothwala *et al.* (2021) uitgebeeld.

In die lig van bostaande word daar tot die gevolgtrekking gekom dat informalisering aan taalverandering van buite gekoppel kan word. Die gesproke dialek beïnvloed die standaardskryfwyse wat leerders behoort te volg. In hierdie verband wend leerders hulself selfs tot Engels eerder as om die standardekwivalent van ’n woord te gebruik. Dit is duidelik te sien in die aantal sintaktiese merkers wat in die korpus voorkom wat veral met kodewisseling tussen

Afrikaans en Engels in verband staan. Kodewisseling van hierdie aard is ook een van die algemeenste kenmerke van Kaaps. Hier moet egter by suggestie genoem word dat die wisseling tussen Afrikaans en Engels binne sinne moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat:

1. dialek-inwerking so gereeld plaasvind terwyl leerders praat en skryf;
2. die leerders onseker is oor wat die standaardkwivalent van die Engelse woord is; en
3. die leerders die standaardkwivalent ken, maar nie weet hoe om dit te spel nie en daarom die Engelse term gebruik.

Daar is dus tot die gevolgtrekking gekom dat die voorkoms van die omgangsvorme in die korpus daarop wys dat Praatafrikaans wat gewoonweg in die informele vlak figureer nou tot die formele vlak oorgaan. Dit dui volgens die navorser aan dat informalisering daarop wys dat die proses van taalverandering besig is om van onder plaas te vind. Voorts kan daar by suggestie genoem word dat sulke vorme van informalisering, wat die resultate klaarblyklik opgelewer het, die weg kan baan dat taalverandering van bo beïnvloed word op grond daarvan dat veranderinge in die kurrikulum teweeg gebring kan word.

5.2.2 Onderwysers se hantering van dialekte in skryfwerk

Die ondersoek van hoe opvoeders die gebruik van dialekvorme in opstelle hanteer, is gedoen deur vrae te stel gebaseer op variasiemerkers wat in die eerste datastel gevind is. Ten opsigte van die sekondêre doel van hierdie studie is daar eerstens veronderstel dat Afrikaansopvoeders onseker is oor hoe om die gebruik van Kaaps-dialekvorme in formele skryfwerk te hanteer. Die tweede hipotese veronderstel dat daar geen eenstemmigheid onder onderwysers is oor die hantering van dialekvorme nie. Dit was interessant vir die navorser dat die tweede hipotese verwerp is omdat daar wel eenstemmigheid tussen die twee opvoeders was. Die verwerping van hierdie hipotese kan egter as gevolg van die steekproefgrootte wees. Die suggestie is dat as meer opvoeders deelgeneem het, kon dit verskillende resultate opgelewer het.

Dit is opvallend dat beide opvoeders gemerk het dat hulle die gebruik van die fonologiese, morfologiese, sintaktiese en leksikale merkers van Kaaps in formele skryfwerk as uiters onaanvaarbaar beskou. Die analise het uitgebeeld dat hul redenasie hoog toegeskryf kan word aan sosiale veranderlikes soos ouderdom, kwalifikasie en grootliks hul huistaal van Afrikaans. Daar kan by suggestie gesê word dat die variëteit wat dié twee onderwysers praat

Standaardafrikaans is. Boonop was hul redenasie om Kaaps-variasiemerkers as uiters onaanvaarbaar te beskou eintlik nogal fassinerend wanneer dit in verband met die literatuuroorsig gelees is.

Die literatuur wys daarop dat alle taalvariëteite gelykwaardig is en geen variëteit is beter of minder as die ander nie (vgl. Lawrence *et al.*, 2014; Hendricks, 2016). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat 'n taalhiërargie steeds in die samelewing bestaan en mense is nog nie van die “gelykwaardige” perspektief bewus nie. In ooreenstemming met navorsers se persepsie dat alle variëteite gelyk is, het Lawrence *et al.* (2014) in hierdie verband genoem dat variëteite nie verkeerd of van minder waarde as die standaardtaal gesien moet word nie. Die resultate van hierdie studie het opgelewer dat dié twee opvoeders steeds Standaardafrikaans beskou as die beste geskik vir formele skryfwerk. Hierdie resultate stem ooreen met die bevindinge van Basson (2018) waar opvoeders ook eerder geneig is om hulself tot die gebruik van Standaardafrikaans in die formele onderwysdomein te wend. Die onderwysers in Basson (2018) se studie redeneer dat dit juis die standaardvariëteit is waarop die leerders in hul finale matriekeksamen getoets gaan word.

Die deelnemers aan hierdie studie het egter nie verder uitgebrei oor hul antwoorde nie en het net duidelik gesê dat hulle nie dialekvorme in die opstelle aanvaar nie want dit is nie Standaardafrikaanse vorme nie. Die navorsers beskou hierdie stellings paradoksaal van aard omdat sekere Kaapse items in woordeboeke soos die *HAT*, *AWS* en *Pharos Afrikaansgids* gelemmatiseer is. Dit beteken dat daar sekere dialekvorme is wat wel deel vorm van Standaardafrikaans. Uit hierdie antwoorde word die gevolgtrekking gemaak dat opvoeders eintlik onbewus is daarvan dat sommige dialekvorme gelemmatiseer en gestandaardiseer is.

Daar word verder tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie opvoeders onseker is oor hoe om dialekvorme soos Kaaps in leerders se formele skryfwerk te hanteer omdat hulle nie weet waar om die lyn te trek met wat 'n aanvaarbare dialekvorm is en wat nie. Dit kan een van die hoofredes wees waarom Le Cordeur (2015) beweer dat leerders gepenaliseer word wanneer hulle Kaaps in hul skryfwerk gebruik. Dit lei tot die suggestie dat opvoeders alle dialekvorme beskou as nie deel van Standaardafrikaans nie. Hul hantering van variasiemerkers in opstelle as onaanvaarbaar in die hoogste mate behoort tekenend hiervan te wees. Desbetreffende dui dit daarop dat Kaaps steeds in formele domeine soos die skool gemarginaliseer en gestigmatiseer word.

Voorts, in teenstelling met die bevindinge van onderwysers wat Kaaps-dialekvorme in opstelle as heeltemal onaanvaarbaar behandel en hul redenasie dat dit nie Standaardafrikaans is nie, beeld dit 'n hoogs negatiewe houding jeens variëteite van Afrikaans uit. Dit is uiters betekenisvol dat hulle negatiewe houdings teenoor variëteite van Afrikaans soos Kaaps toon want die KABV maak voorsiening vir dialekvorme wat Kaaps in die letterkunde insluit. Die voorkoms van Kaaps in die letterkunde dui daarop dat taalvariëteite reeds in formele domeine neerslag vind. Maar dít blyk nie voldoende te wees om die waardering en verandering van negatiewe houdings jeens taalvariëteite te bevorder nie.

Ten einde die erkenning van variëteite en verandering van negatiewe houdings teen taalvariëteite te bevorder moet daar volgens die navorser riglyne in plek wees vir die implementering van variëteite in die klaskamer. In die hoop om variëteite in opstelle en in die klaskamer korrek in sekere kontekste te hanteer, word sulke riglyne vervolgens verskaf.

5.4 Riglyne vir taalverskeidenheidskepping in die klaskamer

Die insigte wat voortspruit uit die literatuuroorsig asook die bevindinge van die studie dui daarop dat die gebruik van dialekvorme in formele skryfwerk (en in die klaskamer) beter hanteer behoort te word. In hierdie verband word daar gesteun op Hendricks se “gelykevlak-perspektief” tot taalverskeidenheid. Die haalbaarheid van só 'n perspektief lê eerstens in houdingsverandering by onderwysers. In hierdie reël beklemtoon Hendricks (2016) en Saal in Meyer *et al.* (2020) dat 'n teenwerking ingevolge negatiewe taalhoudings noodaaklik is, maar voordat hul houdings kan verander, het onderwysers 'n “basiese kennis van dialekte” nodig (Meyer *et al.*, 2020).

Voorts beeld die literatuur uit dat dialeksprekers in die klaskamer benadeel word en hul taal gemarginaliseer word. Dít lei daartoe dat hulle minderwaardig voel. Hierom moet die klaskamerkonteks só omskep word dat daar meer ruimte gemaak word vir die erkenning van die variëteite van Afrikaans. In hierdie verband praat Le Cordeur (2015) van 'n inklusiewe benadering tot taalonderrig.

In die lig van bostaande word die volgende aanbevelings ten opsigte van kurrikulumverandering gemaak:

1. Opleiding vir onderwysstudente op tersiêre vlak moet kursuswerk oor taalvariëteite en die struktuur daarvan insluit. Taalverandering van bo kom hier ter sprake.
2. Die KABV-dokument beklemtoon die ontwikkeling van vier taalvaardighede, naamlik luister-, praat-, lees- en skryfvaardighede. Na die navorser se mening kan taalvariëteite egter, maar nie daartoe beperk nie, by twee van die volgende vaardighede geïmplementeer word:
 - **Praat:** Uit die bevindinge het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die leerders wat aan hierdie studie deelgeneem het, geneig is om te skryf soos hulle praat. Daarom moet mondelinge assesserings dialeksprekende leerders akkommodeer. Die gebruik van taalvariëteite in (on)voorbereide mondelinge kan kontekstueel ingespan word en sodoende deur die onderwyser in die assesseringsproses aanvaar word.
 - **Skryf:** Van die begin van hul skoolloopbaan word leerders taalkonvensies geleer en hoe om volgens die standaard te skryf. Kreatiewe skryfwerk (dikwels Vraestel 3 vir formele eksamens) moet egter leerders toelaat om hulself uit te druk deur dialekvorme te gebruik. Dit sal veral betekenisvol wees wanneer 'n dialoog, dagboekinskrywing, informele brief aan 'n vriend of selfs 'n verhalende opstel geskryf word.

Dit is noemenswaardig om hier te meld dat daar nie aangevoer word dat Standaardafrikaans totaal en al vervang moet word nie. Dit gaan hier om die kontekstuele gepastheid en die gebruiklikheid van die variëteit in daardie konteks.

3. Dit is noodsaaklik dat leerders op laerskoolvlak reeds bekendgestel moet word aan die verskillende variëteite van Afrikaans, wat die grammatika daarvan en die kontekstuele geskiktheid daarvan insluit. Dit sal leerders in staat stel om te onderskei tussen wanneer die gebruik van hul dialek en die standaardvorm van die taal beter vir die konteks geskik is.

Hierdie riglyne is egter bloot voorstelle. Verdere navorsing kan hierdie riglyne op die proef stel deur middel van 'n loodsstudie in 'n poging om te sien wat die resultate oplewer.

5.5 Moontlike leemtes van die studie

Daar word hoofsaaklik in hierdie studie gefokus op die invloed van informalisering in die skryfwerk van een Graad 10-klas by Hoërskool Lavender Hill. Voorts is Afrikaansonderwysers by dieselfde skool betrek om hul hantering van informalisering in skryfwerk vas te stel. Om dié rede kan daar geen veralgemenings van hierdie data na die ander Graad 10-leerders of -opvoeders van hierdie skool wees nie. Omdat hierdie 'n klein studie is, kan die resultate wat uit hierdie data verkry is ook nie veralgemeen word na leerders en opvoeders van skole anders as hierdie spesifieke steekproef by Hoërskool Lavender Hill nie. Daarom word verdere navorsing oor hierdie onderwerp en die uitbreiding daarvan sterk aanbeveel.

5.6 Voorstelle vir verdere navorsing

Hierdie studie dien as voorloper vir ander studies oor taalvariasie in die klaskamer. Dié studie is klein in omvang en daarom word soortgelyke navorsing aanbeveel.

Hierdie studie het slegs op een skool op die Kaapse Vlakte gefokus en het 'n klein steekproef van altesaam 30 deelnemers ingesluit (waarvan twee opvoeders en 28 Graad 10-leerders is). Toekomstige navorsing kan oor hierdie onderwerp uitbrei deur eerstens die steekproefgrootte te vergroot. Daarbenewens kan meer skole binne die breër Kaapse Vlakte oorweeg word om vir die ondersoek na die invloed van informalisering op formele skryfwerk ingesluit te word.

Benewens die gebruik van slegs een skool om data in te samel het hierdie studie slegs op een Graad 10-klas se opstelle gefokus. Verdere navorsing kan meer Graad 10-klasse of selfs ander grade binne die VOO-fase insluit. Deur dit te doen kan die sosiolinguistiese analise dalk gedifferensieerde resultate met betrekking tot ouderdom as 'n sosiale veranderlike aandui.

Die data-analise het getoon dat die opvoeders wat aan hierdie studie deelgeneem het negatiewe houdings teenoor die gebruik van taalvariëteite in formele skryfwerk het. Dit sal insiggewend wees as hierdie studie uitgebrei word deur ondersoek in te stel na die houdings van opvoeders van ander skole sowel as vakadviseurs ten opsigte van die gebruik van dialekte in die Afrikaanse klaskamer.

Hierdie studie het slegs gebruik gemaak van 'n kwantitatiewe data-insamelingsmetode wat uit 'n vraelys vir leerders en opvoeders bestaan het. Daarom word voorgestel dat verdere navorsing van onderhoude gebruik kan maak om nuwe insigte oor onderwysers se houding teenoor die gebruik van dialekvorme in formele skryfwerk te verkry. Die gebruik van 'n onderhoud kan moontlik langer antwoorde verskaf wat nuttig vir 'n kwalitatiewe diepteanalise kan wees.

Korpuslinguistiese metodes fokus hoofsaaklik op 'n kwantitatiewe benadering tot data-analise. In hierdie verband kan verdere navorsing bydraend wees deur analise met kwalitatiewe benaderings te trianguleer. Sodoende kan korpuslinguistiese analise verbeter word.

5.7 Slotwoord

Hierdie studie is uitgevoer in die hoop om tot een van die huidige taaldebate in Suid-Afrika by te dra: die hantering van taalvariasie in die klaskamer. In die lig van literatuuroorsig, data-analise en bespreking en slotelemente van die resultate is dit duidelik dat vir variëteite om 'n status van gelykwaardigheid in verskeie samelewingsdomeine te kan geniet, moet daar 'n verandering in taalhoudings van opvoeders wees. Hierdie houdingsverandering kan volgens die navorsers eers 'n aanvang neem sodra onderwysers só opgelei is dat hulle nie die standaardvariëteit van 'n taal beter as enige ander variëteit van dieselfde taal ag nie. Dit is in wese dat die variëteite van taal op tersiêre vlak 'n kernmodule vir onderwysstudente moet wees.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Bibliografie

Afrikaanse Woordelys & Spelreëls. 2017. (11de omvattend herbewerkte uitgawe). Kaapstad: Pharos Woordeboeke. (Verkorting: AWS)

Aitchison, J. 2001. *Language Change: Progress or Decay?* Cambridge: Cambridge: University Press.

Ananda, R., Gani, S.A., & Sahardin, R. 2014. A Study of Error Analysis from Students' Sentences in Writing. *Studies in English Language and Education*, 1(2):81-95. <https://doi.org/10.24815/siele.v1i2.1828>

Atar, C. & Erdem, C. 2019. The advantages and disadvantages of corpus linguistics and conversation analysis in second language studies. *Proceedings of IX Scientific and Practical Internet Conference of Young Scientists and Students*. Beskikbaar by: https://www.researchgate.net/publication/337858444_THE_ADVANTAGES_AND_DISADVANTAGES_OF_CORPUS_LINGUISTICS_AND_CONVERSATION_ANALYSIS_IN_SECOND_LANGUAGE_STUDIES/citations [Datum van gebruik: 17 November 2021].

Babbie, E. 2021. *The Social Practice of Research*. 15th ed. USA: Cengage Learning Inc.

Basson, E. 2018. 'n Kritiese ondersoek na die plek van Kaapse Afrikaanse taalkunde en kallitentiteit in die Afrikaans Huistaalklaskamer aan die hand van Kaapse Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings. Ongepubliseerde M.Ed-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Bell, R.T. 1976. *Sociolinguistics: Goals, Approaches and Problems*. London: B.T. Batsford Ltd.

Bennett, G.M. 2010. An Introduction to Corpus Linguistics. In Bennett, G.M. (red.) *Using Corpora in the Language Learning Classroom: Corpus Linguistics for Teachers*. University of Michigan Press: Michigan Publishing.

Biber, D., Conrad, S., & Reppen, R. 1998. *Corpus Linguistics: Investigating Language Structure and use*. United Kingdom: Cambridge University Press.

Biber, D. 2003. Compressed noun-phrase structures in newspaper discourse: the competing demands of popularization vs. economy. In Aitchison, J & Lewis., D.M. (reds.) *New Media Language*. London: Routledge.

Bordens, K.S. & Abbott, B.B. 2017. *Research Designs and Methods: A process approach*. 10th ed. New York: McGraw-Hill Education.

Bowker, L. & Pearson, J. 2002. *Working with specialized language: A practical guide to using corpora*. London: Routledge.

Breed, C. A. 2012. Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies. Ongepubliseerde PhD-proefskrif: Noordwes-Universiteit.

Brink, H. 2006. *Fundamentals of Research Methodology for Health Care Professionals*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Campos, L. V. 2007. Grammaticalization: "The development of some English modal auxiliaries". *Literatura y Lingüística*, 18: 201-211.

Carstens, W.A.M. 2018. *Norme vir Afrikaans: Moderne Standaardafrikaans*. Sesde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Ciesielkiewics, M. & Márquez, E. 2015. Error Analysis and Its Relevance to Teaching ESL Composition. *International Journal of Linguistics*, 7(5):119-138.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. 2018. *Research methods in education*. 8th ed. New York: Routledge Farmer.

Collins, P. 2013. Grammatical variation in English worldwide: the role of colloquialization. *Linguistics and the Human Sciences*, 8(3):289-306.

Cooper, A. 2018. "You Can't Write in Kaapse Afrikaans in Your Question Paper...The Terms Must Be Right": Race- and Class-Infused Language Ideologies in Educational Places on the Cape Flats. *Educational Research for Social Change*, 7(1): 30-45. <http://dx.doi.org/10.17159/2221-4070/2018/v7i1a3>

Corder, S.P. 1974. Error Analysis. In Allen, J. & Corder, S. P. (reds.) 1974. *The Edinburgh Course in Applied Linguistics*, Vol 3. London: Oxford University Press.

Corder, S. P. 1981. *Error Analysis and Interlanguage*. Oxford: Oxford University Press.

Coupland, N. 2001. Introduction: Sociolinguistic theory and social theory. In Coupland, N., Sarangi, S. & Candlin, C. N. (reds.) *Sociolinguistic and social theory*. United Kingdom: Pearson Education Limited.

Coupland, N. 2007. *Style: Language variation and identity*. Cambridge: Cambridge University Press.

Creswell, J.W & Plano Clark, V.L. 2017. *Designing and conducting mixed methods research*. 3rd ed. California: Sage Publications.

Department van Basiese Onderwys (DvBO). 2011. *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Afrikaans Huistaal Graad 10-12*. Pretoria: Staatsdrukker.

Deumert, A. & Mesthrie, R. 2004. Language Variation and Change. In: Mesthrie, R., Swann, J., Deumert, A., & Leap, W.L. (reds.) *Introducing Sociolinguistic*. Second Edition. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Du Plessis, H. 1988. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva Uitgewers.

Durrheim, K. 2014. Research design. In Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (reds.) *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Durrheim, K. & Painter, D. 2014. Collecting quantitative data: sampling and measuring. In Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (Red). *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Etikan, I., Musa, S.A. & Alkassim, R.S. 2016. Comparison of convenience sampling and purposive sampling. *American Journal of Theoretical and Applied Statistics*. Beskikbaar by <http://article.sciencepublishinggroup.com/pdf/10.11648.j.ajtas.20160501.11.pdf>. [Datum van gebruik: 24 Aug. 2022]

Fairclough, N. 1992. *Discourse and social change*. Cambridge: Polity Press.

Fairclough, N. 1995a. *Critical discourse analysis: the critical study of language*. London: Longman.

Fairclough, N. 1995b. *Media discourse*. London: Arnold.

Fisiak, J. 1981. *Contrastive Linguistic and the Language Teacher*. Oxford: Oxford Pergamon Press.

Fouché, N. & Oliver, J. 2020. Die realisering van leksikale kohesie: 'n Korpuslinguistiese ondersoek van Afrikaanssprekende graad 6- en graad 9-leerders se skryfwerk. *LitNet Akademies*, 17(1):410-439.

Fries, C.C. 1945. *Teaching and Learning of English as a Foreign Language*. Ann Arbor: University of Michigan Press.

Fuller, C. W., Ekstrand, J., Junge, A., Anderson, T. E., Bahr, R., & Dvorak, J. 2006. Definitions and data collection procedures. *Scandinavian Journal of Medicine & Science in Sports*, 16 (2): 83- 92.

Gonçalves, B, Loureiro-Porto, L., Ramasco, J.J, & Sánchez, D. 2018. Mapping the Americanization of English in space and time. *PLoS ONE* 13(5):1-15. <https://doi.org/10.1371/journal.pone.0197741>

Gries, S. 2009. What is Corpus Linguistics? *Language and Linguistics Compass*, 3:1–17.

Grosser, M. 2016. Kwantitatiewe data-insamelingsmetodes/-instrumente. In Joubert, I., Hartell, C, & Lombard, K. (Red). *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2015. (6de uitgawe). Kaapstad: Pearson. (Verkorting: HAT 2015)

Hartell, C. & Bosman, L. 2016. Bepanning van 'n navorsingsvoorstel vir nagraadse studie. In Joubert, I., Hartell, C, & Lombard, K. (reds.) *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Hendricks, F.S. 2016. Die aard en konteks van Kaaps: 'n Hedendaagse, verledetydse en toekomspektief. In Dyers, C. & Hendricks, F.S. (reds.) *Kaaps in Fokus*. Stellenbosch: SUN MeDIA.

Hendricks, F.S. 2017. *Taalkundige Essays: 'n Gerfuit die vroegskemer*. Kaapstad: African Sun Media.

Iosef, M. 2013. *Signs of Colloquialization: Three Corpus-Based Case Studies*. Ongepubliseerde MA-tesis. Oslo: Universiteit Oslo.

Jansen, J. 2016. Introduction to the language of research. In Maree, K. (red.) *First steps in research*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

Jaspers, J. 2010. Style and Styling. In Hornberger, N. H., & McKay, S.L. (reds.) *Sociolinguistics and Language Education*. United Kingdom: Multilingual Matters.

Joubert, I. 2016. Gevallestudie: riglyne vir die ontwerp en uitvoering van die navorsing. In Joubert, I., Hartell, C., & Lombard, K. (reds.) *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. 2016. *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Kanjeer, A. 2014. Assessment research. In Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (reds.) *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Kendall, T. 2013. Data in the study of variation and change. In Chambers, J.K & Schilling, N. (reds.) 2013. *The Handbook of Language Variation and Change*, 2nd ed. United Kingdom: Blackwell Publishing Ltd.

Khansir, A. 2012. Error Analysis and Second Language Acquisition. *Theory and Practice in Language Studies*, (2)5:1027-1032.

Kirsten, J. 2016. Grammatikale veranderinge in Afrikaans van 1911–2010. Ongepubliseerde PhD-proefskrif: Noordwes-Universiteit.

Kumar, R. 2011. *Research methodology: A step-by-step guide for beginners*. 3rd Edition. London: Sage Publications.

Labov, W. 2006. *The Social Stratification of English in New York City*. 2nd ed. New York: Cambridge University Press.

Lado, R. (1957). *Linguistics across Culture*. Ann Arbor: University of Michigan Press.

Lawrence, D., Le Cordeur, M., Van Der Merwe, L., Van Der Vyver, C., & Van Oort, R. 2014. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford University Press.

Le Cordeur, M. 2013. Erken Kaaps as taalvariëteit. *Die Burger*: 6 Julie:8.

Le Cordeur, M. 2015. Die kwessie van Kaaps: Afrikaansonderrig op skool benodig 'n meer inklusiewe benadering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55 (4): 712-728.

Le Cordeur, M. L. A. 2016. Kaaps: Tyd dat die taal van die Kaapse Vlakte in die Formele Skool Verreken Word. In Hendricks, F. & Dyers, C. (reds). *Kaaps in Fokus*. Stellenbosch: Sun Media.

Leech, G.M., Hundt, C. Mair, & Smith, N. 2009. *Change in contemporary English. A grammatical study*. Cambridge: Cambridge University Press.

Leech, G. 2012. How English grammar has been changing. In Littlejohn, A. & Mehta, S.R. (reds.) 2012. *Language studies: Stretching the boundaries*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Lindegger, G. 2014. Research methods in clinical research. In Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (reds.) *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Lombard, K. 2016a. 'n Inleiding tot navorsing. In Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.) *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Lombard, K. 2016b. Steekproefneming. In Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.) *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Louw, D.A. & Louw, A.E. 2009. *Adult Development and Ageing*. Bloemfontein: Psychology Publications.

Mack, N. & Woodsong, C. & MacQueen, K.M. & Guest, G. & Namey, E. 2005. *Qualitative Research Methods: A data collector's field guide*. North Carolina: Family Health International.

Mair, C. 1997. The Spread of the Going-to-Future in Written English: A Corpus-Based Investigation into Language Change in Progress. In Hickey, R. & Puppel, S. (reds.) *Language History and Linguistic Modelling. A Festschrift for Jacek Fisiak on His 60th Birthday*. Berlin: Mouton de Gruyter.

Mair, C. 2006. *Twentieth-Century English: History, Variation and Standardization*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mair, C. 2015. Parallel corpora. A real-time approach to the study of language change in progress. *Diachronia*, 1:1-9.

Maree, K. & Pietersen, J. 2016. Surveys and the use of questionnaires. In Maree, K. (red.) *First steps in research*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

Meyer, N., Saal, E., & Norton, C. 2020. *Afrikaanse dialekte in die klaskamer: Kô laat ôs praat – 'n onderhoud met Elvis Saal*. Beskikbaar by: <https://www.litnet.co.za/afrikaanse-dialekte-in-die-klaskamer-ko-lat-os-praat-n-onderhoud-met-elvis-saal/> [Datum van gebruik: 5 Julie 2022].

Mouton, J. 1996. *Understanding social research*. Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's and doctoral studies: A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Nel, M. & Jordaan, C. 2016. Die gemengde navorsingsmetode. In Joubert, I., Hartell, C, & Lombard, K. (reds). *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Nieuwenhuis, J. 2016a. Introducing qualitative research. In Maree, K. (red.) *First steps in research*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

Nieuwenhuis, J. 2016b. Qualitative research designs and data-gathering techniques. In Maree, K. (red.) *First steps in research*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

Pharos Afrikaansgids. 2018. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Poggenpoel, M. 1983. Navorsingsmetodologie hoe om behoeftes in die gemeenskap te beraam. *Curationis*, 6(1):46-51. Beskikbaar by <https://curationis.org.za/index.php/curationis/article/view/503>. [Datum van gebruik: 7 Julie 2021].

Ponelis, F.A. 1989. Die aard en bestudering van die Afrikaanse taal. In: Botha, T.J.R. (red.) *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica.

Ramothwala, T., Segabutla, M.H., Rwodzi, C. & Thokwane, D. 2021. Exploring Grade 8 Khelobedu-speaking learners' writing challenges in Sepedi Home Language in Mopani District, South Africa. *Literator*, 42(1). <https://doi.org/10.4102/lit.v42i1.1744>

Romaine, S. 2000. *Language in Society. An Introduction to Sociolinguistics*. Second Edition. New York: Oxford University Press.

Roopa, S. & Rani, M.S. 2012. Questionnaire designing for a survey. *The Journal of Indian Orthodontic Society*, 46(4):273-277

Roux, S.P. 2001. 'n Kritiese bespreking van taalverandering met verwysing na Afrikaans en sy variëteite. Ongepubliseerde MA-tesis. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Saal, E. & Lawrence, D. 2019. "Ons skryf soos ons praat": Informalisering van geskrewe Afrikaans onder Afrikaanse tieners. *LitNet Akademies*, 16(1). Beskikbaar by: <https://www.litnet.co.za/ons-skryf-soos-ons-praat-informalisering-van-geskrewe-afrikaans-onder-afrikaanse-tieners/> [Datum van gebruik: 5 September 2019].

Starman, A.B. 2013. The case study as a type of qualitative research. *Journal of Educational Contemporary Studies*, 1: 28-43.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 2014. Histories of the present: social science research in context. In Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (reds.) *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. 2014. *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Teubert, W. 2005. My version of corpus linguistics. *International Journal of Corpus Linguistics*, 10(1): 1-13.

Trask, R.K. 1994. *Language Change*. New York: Routledge.


Van der Riet, M., & Durrheim, K. 2014. Putting design into practice: Writing and evaluating research proposals. In Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (reds.) *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Van Rooy, B. 2014. 'n Korpuslinguistiese vergelyking van die Totius- en Cloete-Psalmomdigting, *In die Skriflig* 48(2). <http://dx.doi.org/10.4102/ids.v48i2.1806> (22 Julie 2022 geraadpleeg).

Wassenaar, D. R. 2014. Ethical issues in social science research. In Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (reds.) *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Webb, V. N. 1989. Die Afrikaanse Variasietaalkunde. In Botha, T. J. R. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Amadematica.

Williamson, J. & Hardman, F. 1997. Those Terrible Marks of the Beast: Non-standard Dialect and Children's Writing. *Language and Education*, 11(4): 287-299.



Bylae

Bylaag A: Etiese Klaring



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



12 May 2022

Ms C Lindt
Afrikaans and Nederlands
Faculty of Arts and Humanities

HSSREC Reference Number: HS22/2/20

Project Title: Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders / The influence of Kaaps on the writing of Afrikaans speaking learners.

Approval Period: 12 May 2022 – 12 May 2025

I hereby certify that the Humanities and Social Science Research Ethics Committee of the University of the Western Cape approved the methodology, and amendments to the ethics of the above mentioned research project.

Any amendments, extension or other modifications to the protocol must be submitted to the Ethics Committee for approval.

Please remember to submit a progress report by 30 November each year for the duration of the project.

For permission to conduct research using student and/or staff data or to distribute research surveys/questionnaires please apply via:
<https://sites.google.com/uwc.ac.za/permissionresearch/home>

The permission letter must then be submitted to HSSREC for record keeping purposes.

The Committee must be informed of any serious adverse events and/or termination of the study.

*Ms Patricia Josias
Research Ethics Committee Officer
University of the Western Cape*

NHREC Registration Number: HSSREC-130416-049

Director: Research Development
University of the Western Cape
Private Bag X 17
Bellville 7535
Republic of South Africa
Tel: +27 21 959 4111
Email: research-ethics@uwc.ac.za

FROM HOPE TO ACTION THROUGH KNOWLEDGE.

Bylaag B: Brief aan WKOD

The Director: Research

Dr Andile Siyengo

Western Cape Education Department

Masters Studies of Miss Carla Lindt

Dear Dr Siyengo

I am writing to you to request approval to conduct field work at one school that falls under your jurisdiction in order to complete my Masters study titled *Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders (The influence of Kaaps on the writing of Afrikaans speaking learners)*

The school at which I would like to conduct my field work is Lavender Hill High School situated in the Metro South Education District of the Western Cape Education Department.

As set out in my research proposal, the goals of the study are as follows:

- To determine the nature and extent of the influence of Kaaps on the writing of grade 10 learners.
- To determine the frequency of dialect forms in the essays of grade 10 Afrikaans speaking learners.
- To investigate the way in which teachers handle dialect forms in writing.
- To provide solutions that could improve the learning and teaching practice regarding dialect forms in writing.

My research proposal has been accepted by the University of the Western Cape's Higher Degree Committee. I have submitted an ethical clearance application to the Ethics Committee and minor changes need to be made to my application document including one where I request permission from the Western Cape Education Department to conduct my research as well as a written approval and permission from the Western Cape Education Department for my research to be conducted.

I need to conduct my field work rather urgently to ensure I complete my study within the time allowed to complete a masters thesis as required by the University of the Western Cape. The field work is necessary to determine the extent to which (if at all) Kaaps has on the writing of Afrikaans speaking learners.

In the light of the above, I trust that I will be granted permission to proceed with the envisaged field work.

Yours sincerely



Carla Lindt



Bylaag C: Leerderstoestemmingsvorm



Instemmingsvorm vir leerder

Die Universiteit van Wes-Kaapland

Ek _____ (deelnemers se naam en van), stem in om deel te wees van die navorsingstudie getiteld: **Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders.**

Ek stem in om 'n opstel te skryf waarin ek oor myself skryf.

| | |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|

Ek verstaan dat my deelname aan hierdie navorsingstudie vrywillig is. As ek, om een of ander rede, wil onttrek om deel te neem aan hierdie studie, is ek bewus daarvan dat ek dit kan doen sonder om regverdiging te gee. Ek verstaan die doel en doelwitte van hierdie studie.

Ek is bewus daarvan dat die inligting vir 'n _____ gebruik sal word. Die data wat in hierdie studie ingesamel is, is vertroulik en anoniem met betrekking tot my persoonlike identiteit.

Ek het die bogenoemde inligting gelees en verstaan en ek stem in om aan die studie deel te neem.

Deelnemer se handtekening

Datum



Toestemmingsvorm vir ouer

Die Universiteit van Wes-Kaapland

Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders

Navorsers: Carla Lindt

Merk asseblief die blokkie

1. Ek bevestig dat ek die inligtingstuk oor die bogenoemde navorsingsprojek gelees en verstaan het en ek het die geleentheid gehad om vrae oor die projek te vra.
2. Ek verstaan dat my kind se deelname vrywillig is en dat hy/sy vry is om enige tyd te onttrek sonder om enige rede te verskaf en sonder dat daar enige negatiewe gevolge is. (Indien ek wil onttrek kan ek enige tyd die hoofnavorsers kontak).
3. Ek verstaan my kind se antwoorde en persoonlike data sal streng vertroulik gehou word. Ek gee toestemming dat die navorsers toegang tot my kind se opstel kan hê. Ek verstaan dat my kind se naam nie aan die navorsingsmateriaal gekoppel sal word nie, en hy/sy sal nie geïdentifiseer of identifiseerbaar wees in die verslae of publikasies wat vir die navorsing die resultaat is.
4. Ek stem in dat die data wat van my kind ingesamel word, in toekomstige navorsing gebruik kan word.
5. Ek stem in dat my kind aan bogenoemde navorsingsprojek deel te neem.

Naam van ouer _____ Datum _____ Handtekening _____
Naam van kind: _____

CARLA LINDT

11 APRIL 2022

Hoofnavorsers _____ Datum _____ Handtekening _____

Navorsers:

CARLA LINDT
0720625118
3554643@myuwc.ac.za

Studieleier:

DR. DONOVAN
LAWRENCE
0219592112
dlawrence@uwc.ac.za

HOD:

DR. DONOVAN
LAWRENCE
0219592112
dlawrence@uwc.ac.za



Toestemmingsvorm vir onderwysers

Die Universiteit van Wes-Kaapland

Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders

Navorsers: Carla Lindt

Merk asseblief die blokkie

1. Ek bevestig dat ek die inligtingstuk oor die bogenoemde navorsingsprojek gelees en verstaan het en ek het die geleentheid gehad om vrae oor die projek te vra.
2. Ek verstaan dat my deelname vrywillig is en dat dit my vry is om enige tyd te onttrek sonder om enige rede te verskaf en sonder dat daar enige negatiewe gevolge is. Daarbenewens, sou ek nie enige spesifieke vraag of vrae wil beantwoord nie, staan dit my vry om dit te weier (Indien ek wil onttrek kan ek enige tyd die hoofnavorser kontak).
3. Ek verstaan my antwoorde en persoonlike data sal streng vertroulik gehou word. Ek gee toestemming dat die navorser toegang tot my anonieme antwoorde kan hê. Ek verstaan dat my naam nie aan die navorsingsmateriaal gekoppel sal word nie, en ek sal nie geïdentifiseer of identifiseerbaar wees in die verslae of publikasies wat vir die navorsing die resultaat is.
4. Ek stem in dat die data wat van my ingesamel word, in toekomstige navorsing gebruik kan word.
5. Ek stem in om aan bogenoemde navorsingsprojek deel te neem.

Naam van Deelnemer
(of regsvertegenwoordiger)

Datum

Handtekening

CARLA LINDT

11 APRIL 2022

Hoofnavorser

Datum

Handtekening

Navorsers:

CARLA LINDT
0720625118
3554643@myuwc.ac.za

Studieleier:

DR. DONOVAN
LAWRENCE
0219592112
dlawrence@uwc.ac.za

HOD:

DR. DONOVAN
LAWRENCE
0219592112
dlawrence@uwc.ac.za

FACULTY OF ARTS

Departement Afrikaans & Neerlandistiek

Universiteit van Wes-Kaapland

Inligtingstuk aan leerders

April 2022

Departement Afrikaans &
Neerlandistiek
Universiteit van Wes-Kaapland
Privaatsak X17
Bellville
7535
Tel. [021 959 2112](tel:0219592112)
Fax. [021 959 1249](tel:0219591249)
E-pos. Jpekeur@uwc.ac.za

Hallo daar!

My naam is Carla Lindt en ek stel belang in hoe JY taal gebruik wanneer jy 'n opstel skryf.



Jy is gevra om deel te neem in hierdie studie omdat jy 'n Afrikaanssprekende graad 10 leerling is en hierdie navorsing wil opstelle van leerders in hierdie graad analiseer. Ek stel belang in hoe jy 'n opstel in jou huistaal (Afrikaans) skryf. Ek wil ook 'n bietjie meer oor JOU weet en daarom is jy gevra om 'n biografiese opstel te skryf. Ek wil graag jou toestemming vra om hierdie opstel te skryf en deel te neem in my navorsing.

Ek is sensitief vir enige traumatiese en sensitiewe kwessie wat jou sal raak, en as jy enige ongemak of skade voel, kan jy enige tyd aan die projek onttrek. Ek sal ook nie jou naam of

enige identifiserende inligting bekend maak wanneer ek jou woorde op 'n Word-dokument neerskryf nie.

Indien jy enige verdere inligting benodig, moet asseblief nie huiwer om my te kontak op my selfoon (0720625118) of per e-pos (3554643@myuwc.ac.za). Alternatiewelik kan jy ook met my studieleier Dr Lawrence in die Departement Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), kontak maak. Dr Lawrence kan gekontak word op 021 959 2112 of dlawrence@uwc.ac.za

Hierdie inligtingstuk is vir jou om te hou sodat jy bewus kan wees van die doel van die studie. Met jou handtekening op die aangehegte toestemmingsvorm dui jy aan dat jy die doel van die oefening verstaan.

Die uwe
Carla Lindt



FACULTY OF ARTS

Departement Afrikaans & Neerlandistiek

Universiteit van Wes-Kaapland

Departement Afrikaans &
Neerlandistiek
Universiteit van Wes-Kaapland
Privaatsak X17
Bellville
7535
Tel. [021 959 2112](tel:0219592112)
Fax. [021 959 1249](tel:0219591249)
E-pos. Jpekeur@uwc.ac.za

April 2022

Inligtingstuk: Ouers

Titel: Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders

Liewe ouer,

Ek, Carla Lindt, is 'n Meestersgraadstudent in die Departement Afrikaans en Neerlandistiek aan die Universiteit van Wes-Kaapland, Suid-Afrika. Ek wil graag hê dat u seun/dogter aan my navorsingsprojek deelneem. Neem asseblief tyd om die volgende inligting noukeurig deur te lees, en voel asseblief vry om vrae te vra as enigiets wat jy lees nie vir jou duidelik is nie of as jy meer inligting wil hê.

My navorsingsprojek handel oor die invloed van dialekte op skoolleerders se skryfwerk. Ek stel belang in hoe jou kind 'n opstel in jou huistaal (Afrikaans) skryf en of sy/haar gesproke dialek hul skryfwerk beïnvloed. Jou kind is gevra om deel te neem in hierdie studie omdat hy/sy 'n Afrikaanssprekende graad 10 leerling is en hierdie navorsing wil opstelle van leerders in hierdie graad analiseer. Ek stel belang in jou kind se taalgebruik soos hy/sy dit in die werklikheid op 'n daaglikse basis gebruik en hierom is hy/sy gevra om 'n biografiese opstel te skryf, sodat dit jou kind se natuurlike vorm van taalgebruik kan uitbeeld. Die belangrikheid van hierdie studie oor die (moontlike) invloed van dialekte op jou kind se skryfwerk is sodat groter duidelikheid gebied kan word vir die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

A place of quality, a place to grow, from hope to action through knowledge

Neem asseblief kennis dat u kind nie blootgestel sal word aan enige moontlike ongemak wat mag voortspruit uit deelname aan hierdie studie nie. Hulle naam of enige identifiserende inligting sal nie bekend gemaak word nie. Ek sal jou kind se identiteit anoniem maak deur hul naam op my Word-dokument uit te blokkeer en skuilname sal in my studie gebruik word. Ook, sou jou kind skade of ongemak van die studie ervaar, kan hy of sy enige tyd aan die projek onttrek. Ek wil ook hê jy moet verseker wees dat ek sensitief sal wees vir enige kulturele, sosiale en mediese kwessies. Ek is vertrouwd met die geweld in die omgewing van Lavender Hill en daarom is ek in staat om enige traumatiese of sensitiewe onderwerp of kwessie wat tydens die data-insamelingsproses mag ontstaan, by te staan en te bestuur. Ek sal ook nie jou kind op enige manier skade aandoen nie aangesien die data-insamelingsproses net vereis dat jou kind 'n opstel in hul huistaal skryf.

Indien jy enige verdere inligting benodig, moet asseblief nie huiwer om my te kontak op my selfoon (0720625118) of per e-pos (3554643@myuwc.ac.za). Alternatiewelik kan jy ook met my studieleier Dr Lawrence in die Departement Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), kontak maak. Dr Lawrence kan gekontak word op 021 959 2112 of dlawrence@uwc.ac.za.

Hierdie inligtingstuk is vir jou om te hou sodat jy bewus kan wees van die doel van die studie. Met jou handtekening op die aangehegte toestemmingsvorm dui jy aan dat jy die doel van die oefening verstaan.

Die uwe
Carla Lindt

The logo of the University of the Western Cape, featuring a stylized building with columns and the text "UNIVERSITY of the WESTERN CAPE".

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

FACULTY OF ARTS

Departement Afrikaans & Neerlandistiek

Universiteit van Wes-Kaapland

Departement Afrikaans &
Neerlandistiek
Universiteit van Wes-Kaapland
Privaatsak X17
Bellville
7535
Tel. [021 959 2112](tel:0219592112)
Fax. [021 959 1249](tel:0219591249)
E-pos. Jpekeur@uwc.ac.za

April 2022

Inligtingstuk aan onderwysers

Titel: Die invloed van Kaaps op die skryfwerk van Afrikaanssprekende leerders

Liewe onderwyser,

Ek, Carla Lindt, is 'n Meestersgraadstudent in die Departement Afrikaans en Neerlandistiek aan die Universiteit van Wes-Kaapland, Suid-Afrika. Ek wil graag hê dat u aan my navorsingsprojek deelneem. Neem asseblief tyd om die volgende inligting noukeurig deur te lees, en voel asseblief vry om vrae te vra as enigiets wat jy lees nie vir jou duidelik is nie of as jy meer inligting wil hê.

My navorsingsprojek handel oor die invloed van dialekte op skoolleerders se skryfwerk en hoe onderwysers die gebruik van dialekte in skryfwerk hanteer. Ek stel belang in hoe Afrikaanssprekende leerders 'n opstel in hul huistaal (Afrikaans) skryf en of sy/haar gesproke dialek hul skryfwerk beïnvloed. Die leerders is gevra om deel te neem in hierdie studie omdat hy/sy 'n Afrikaanssprekende graad 10 leerling is en hierdie navorsing wil opstelle van leerders in hierdie graad analiseer. Ek stel belang in die leerders se taalgebruik soos hy/sy dit in die werklikheid op 'n daaglikse basis gebruik en hierom is hy/sy gevra om 'n biografiese opstel te skryf, sodat dit hulle natuurlike vorm van taalgebruik kan uitbeeld.

Voorts stel ek belang in hoe jy, 'n Afrikaans onderwyser, die voorkoms van dialekte in skryfwerk hanteer. Om hierdie doel te bereik, sal 'n vraelys aan Afrikaans Huistaal opvoeders by Hoërskool Lavender Hill uitgedeel word uit om hul beleefde ervaring op te doen oor die hantering van die huidige probleem van die leerders se gebruik van Kaaps in hul formele skryfwerk. Jy is gevra om deel te neem omdat jy as onderwyser het eerstehandse ervaring van foute en afwykings wat gewoonweg in opstelle voorkom. Die belangrikheid van hierdie studie oor die (moontlike) invloed van dialekte op die leerders se skryfwerk is sodat groter duidelikheid gebied kan word vir die Wes-Kaapse Onderwysdepartement. In lyn hiermee kan die huidige hantering van dialekte in skryfwerk deur onderwysers inligting verskaf vir moontlike benaderings oor die hantering van dialekte in die klaskamer.

Neem asseblief kennis dat u nie blootgestel sal word aan enige moontlike ongemak wat mag voortspruit uit deelname aan hierdie studie nie. U naam of enige identifiserende inligting sal nie bekend gemaak word nie. Ek sal u se identiteit anoniem hou deur hul naam op my Word-dokument uit te blokkeer en skuilname sal in my studie gebruik word. Ook, sou jy skade of ongemak van die studie ervaar, kan jy enige tyd aan die projek onttrek. Ek wil ook hê jy moet verseker wees dat ek sensitief sal wees vir enige kulturele, sosiale en mediese kwessies. Ek is vertrouwd met die geweld in die omgewing van Lavender Hill en daarom is ek in staat om enige traumatiese of sensitiewe onderwerp of kwessie wat tydens die data-insamelingsproses mag ontstaan, by te staan en te bestuur. Ek sal jou ook nie op enige manier skade aandoen nie aangesien die data-insamelingsproses net vereis dat jy 'n vraelys beantwoord oor jou hantering van dialekte in Afrikaanssprekende leerders se skryfwerk.

Indien jy enige verdere inligting benodig, moet asseblief nie huiwer om my te kontak op my selfoon (0720625118) of per e-pos (3554643@myuwc.ac.za). Alternatiewelik kan jy ook met my studieleier Dr Lawrence in die Departement Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), kontak maak. Dr Lawrence kan gekontak word op 021 959 2112 of dlawrence@uwc.ac.za.

Hierdie inligtingstuk is vir jou om te hou sodat jy bewus kan wees van die doel van die studie. Met jou handtekening op die aangehegte toestemmingsvorm dui jy aan dat jy die doel van die oefening verstaan.

Die uwe

Carla Lindt